# IOANNIS CALVINI
## EPISTOLAE ET RESPONSA

*QVIBVS INTERIECTAE sunt insignium in Ecclesia Dei virorum aliquot etiam Epistolæ.*

EIVSDEM I. CALVINI VITA A' THEODORO BEZA GENEVENSIS ECCLESIÆ Ministro accuratè descripta.

*INDEX RERUM INSIGNIORUM.*

Omnia nunc primùm in lucem edita.



*GENEVÆ,*
Apud Petrum Santandreanum.
*M. D. LXV.*

# 'N NOUKEURIGE LEWENSBESKRYWING VAN JOHANNES CALVYN

## DEUR THEODORE BEZA, DIENAAR VAN DIE KERK IN GENÈVE [1]

As daar iemand is wat dink dat ek my uit ander oorweginge as vir die waarheid tot hierdie beskrywing van Johannes Calvyn se lewe gewend het, sal die huidige toestand van die mensdom my hopelik teen hierdie laster beskerm. Want in die huidige ellende van die mensdom is daar beswaarlik 'n kortstondiger wins as om deug lof toe te swaai. Dit sou trouens 'n kenmerk van die uiterste dwaasheid wees om jou die kwaad wat jy deur stilswye van jou kan afwend, vrywillig op die hals te haal. Maar as goddelose mense nie toelaat dat ons selfs deug ongehinderd prys nie, wat staan die mense dan te wagte wat hulle ten doel stel om godsaligheid – iets wat nog baie verhewener as deug is – lof toe te swaai? Nie alleen verset bose mense hulle daarteen nie, maar juis die mense wat vroom wil lyk en dit ook af en toe is, sê dit meestal die stryd aan.

Want godsaligheid het nie bitterder vyande as juis die mense wat in alle erns 'n valse godsdiens in die plek van die ware godsdiens omhels nie. Maar al sou die dinge op die oog af verskriklik lyk, het hulle my tog hoegenaamd nie ontstel nie. Want dit sou 'n skande wees as goeie mense uit vrees vir die kwaad sou moes swyg en die roepstem van die godsdiens deur die geskreeu van bygelowe oorweldig sou word en tot stilswye sou keer.

Maar as iemand daaroor beswaar sou maak dat dit iets heeltemal anders is om Calvyn se lewe te beskrywe as wat dit is om die waarheid te verdedig, erken ek inderdaad dat 'n mens iets heeltemal anders as die waarheid is. Tog skaam ek my nie om te sê dat die volgende stelling weldeurdag deur Hom wat self Waarheid is, gemaak is nie: "Soos die Vader My gestuur het, so stuur Ek julle ook,"[2] en "Wie na julle luister, luister ook na My."[3]

Laat die mense wat hulleself uit onkunde daarvan oortuig het, sowel

[1] Die Santandreanusteks, *Ioannis Calvini vita,* Genève, 1575 is vir die vertaling gebruik (OC 21:119-172); parallelle lewensbeskrywings van Colladon en Beza kom ook voor in OC 21:21-50, 51-118. Calvyn gee belangrike outobiografiese gegewens in die voorwoord van sy *Psalmkommentaar* (OC 31:13-36). Oor Beza self kyk RPTK 2:677-686; CE 1:610).

[2] Joh. 20:21.

[3] Luk. 10:16.

as die wat uit goddeloosheid so praat, gerus maar uit volle bors skreeu dat ons Luther,[4] Zwingli[5] en Calvyn as gode beskou, hoewel juis ons die aanbidders van heiliges so dikwels moontlik as afgodedienaars aankla. Ek herhaal, laat hulle gerus maar so veel en so lank as wat hulle wil, hulle stemme verhef.

Ons het egter ook iets wat ons hulle kan toevoeg: Ons kan sê dat dit een saak is om die werke van heiliges wat hulle ten behoewe van die godsdiens op hulle geneem het, en hulle woorde en dade te verhaal. Kennis daarvan verbeter eerlike mense wel, maar dit kan selfs goddelose mense oortuig. Dit is my enigste doel met die skrywe hiervan. Maar dit is 'n ander saak om die lewe van heiliges, deels waar maar nietemin met goddelose sinnelose verhaaltjies (soos 'n sekere Abdias[6] met die geskiedenis van die apostels gedoen het) te ontsier en gedeeltelik fabelagtige geskiedenisse uit die infaamste leuens, wat hulle in hulle onbeskaafde taal gewoonlik Gulde Legendes maar ék Afstootlike Vuilgoedhope noem, saam te flans. Uiteindelik gebruik hulle selfs die beelde van die huisgode van die ou tyd deur slegs hulle name te verander.

Ons verskil dus net soveel van die dodevereerders[7] as lig van duisternis. Want die Here verbied dit met die strengste dreigemente. Hy gebied ons om God te gehoorsaam en met die oë van ons liggaam en verstand op sy werke ag te slaan. Want ek dink dat almal sou erken dat ons die mens wat te midde van al die ander werke van God en verder ook tussen alle ander sterflike wesens in heiligheid en geleerdheid uitmunt, moet leer ken en ondersoek. Dit is met goeie rede dat Daniël die heiliges van God met sterre vergelyk, omdat hulle deur hulle glans die weg na geluksaligheid vir ander aandui.[8] Die mense dan wat toelaat dat hulle glans volkome deur die dood uitgeblus word, verdien meer as ooit tevore om deur ondeurdringbare duisternis oorrompel te word.

Voorts staan dit my nie aan om die mense na te boots wat, wanneer hulle 'n hoë opgesmukte styl najaag, die waarheid nie soseer geëer het nie maar dit eerder by sommige mense verdag gemaak het. Gevolglik

[4] Maarten Luther is op 10 November 1483 te Eisleben gebore. Hy slaan op 31 Oktober 1517 sy 95 stellinge aan die slotkapel te Wittenberg vas en word op 1 Januarie 1521 as hardnekkige ketter uit die RK Kerk verban. Hy is hierna leier van die Reformasie in Duitsland en sterf op 18 Februarie 1546 in Eisleben (RPTK 11:720-756; CE 4:502).

[5] Huldrych Zwingli is op 1 Januarie 1484 te Wildhaus gebore en word op 1 Januarie 1519 pastoor van die domkerk van Zürich, waar hy deur die geskrifte van Luther beïnvloed word. Hy word vanaf 1523 hewig deur die RK Kerk teengestaan en lei daarop die Reformasie in Switserland. Hy sneuwel op 11 Oktober 1531 by Kappel (RPTK 21:774-815; CE 6:721; Sarrau, 45,64; NCE 14:1141).

[6] Volgens oorlewering was Abdias eerste biskop van Babilon en skrywer van 'n versameling fabelagtige geskiedenisse van die apostels wat onder die NT apokriewe ingesluit is (REW 1, 1:24; RPTK 1:664 e.v.).

[7] *Mortuorum cultores*. Vgl. CE 1:19-20.

[8] Daniël 12:3.

het ek gedink dat ek nie soseer op styl nie as op die waarheid moet let en dit eenvoudig moet vertel.

1509 Johannes Calvyn is gebore in die beroemde dorp Noyon in Picardië[9] of ten minste op die grens van Picardië op 10 Julie 1509. Sy vader was Gérard Calvyn[10] en sy moeder Jeanne le Franc,[11] albei van eerbare naam en middelmatige rykdom. Hierdie Gérard was 'n man van groot oordeel en insig en daarom deur die adel[12] van die gebied bemin. Dit was dan ook die rede dat sy seun van jongs af in die skone kunste onder die Monmors[13] – 'n gesin wat daar onder die adel hoog aangeskrewe was – maar op koste van sy vader opgevoed is. Later het hy hulle vir sy studie na Parys gevolg en daar in die Collège de la Marche[14] het hy Maturin Cordier[15] as sy leermeester gehad. Hy was 'n vroom en geleerde man wat in feitlik al die skole van Frankryk as 'n hoogs bekwame onderwyser van jong kinders beskou is. Toe hy in die skool van Genève dosent was, het hy as 85-jarige op 2 September aldaar gesterf – in dieselfde jaar as Calvyn.[16]

Daarop is Calvyn na die Kollege in Montaigu[17] oorgeplaas, en daar het hy 'n geleerde Spanjaard[18] as dosent gehad. Onder hom is sy begaafdheid, wat toe reeds baie skerpsinnig was, verder ontwikkel. Calvyn het so gevorder dat hy sy maats in die grammatikaleerplan[19] verbygesteek het en tot die studie van die kunste bekend as dialektiek en ander vakke[20] bevorder is.

9 Geleë in Noord-Frankryk (CE 2:76).
10 Penning, 9; CE 2:76.
11 Penning, 10.
12 Oor die Adel kyk CE 1:75.
13 De Hangestfamilie (Penning, 13; CE 2:76; Parker (75), 3-4, 103; Doumergue (Jeug), 55).
14 1520 – 1521 (Parker (75), 4).
15 Maturin Cordier (* 1479/80, † 1564) was in verskillende kolleges van Parys hoof en die Griekse leermeester van Calvyn. Toe hy verontrus is deur die Affaire des Placards het hy in 1534 na Bordeaux uitgewyk as professor van die Kollege van Guyenne. Daarvandaan is hy na Switserland waar hy klas gegee het aan die Kolleges van Genève (1537), Neuchâtel (1539), Lausanne (1545-57) en weer in Genève (1562) waar hy twee jaar later oorlede is. Hy word deur sommiges beskou as die vader van die moderne Opvoedkunde (CE 2:76, 301; Parker (75), 6; Sarrau, 26).
16 1564. Volgens Colladon sterf hy op 8 Sept. 1564. Hy beskrywe hom as *un fort bon personnage, de grande simplicité et fort soigneux en son estat* (OC 21:54; vgl. ook Parker (75), 85, 103, 127-128).
17 *Mons acutus*, 'Skerpberg' (Parker (75), 6).
18 OC 21:54; Parker (75), 8. Die Spanjaard se naam word nie vermeld nie.
19 Dit was 'n voorbereidende kursus in Latyn, want die kursusse in Teologie, in 'n mediese rigting en in Regte is in Latyn aangebied.
20 Die *Trivium* was die Lettere- en Wysbegeerteafdeling in die middeleeuse opvoedkundige stelsel, met Latynse Grammatika, Logika en Filosofie as hoofvakke. Dit het ook 'n basiese kennis van retoriek, letterkunde en dialektiek ingesluit. Die filosofie het die weg tot die ontwikkeling van die Skolastiek gebaan. Die *Quadrivium* het geometrie (w.o. ook geografie), wiskunde, sterrekunde en musiek ingesluit (OCD, 305).

Sy vader het hom van meet af aan vir teologiese studie bestem. Hy het die afleiding gemaak dat Calvyn daartoe geneig is omdat hy reeds in sy jeugjare verbasend godsdienstig was en sy maats streng oor hulle foute berispe het. Ek herinner my dat ek dit selfs van sekere betroubare Rooms-Katolieke getuies[21] verneem het toe Calvyn baie jare later al beroemd geword het. Omdat hy vir die geestelikheid bestem was, het sy vader 'n kerklike voordeel van die Domkerk en later ook 'n gemeentelike priesterskap in die naburige distrik wat as Pont-l'Évêque[22] bekend staan, van die biskop van Noyon vir hom verkry. Calvyn se vader, Gérard, is self hier gebore en het later na dié stad getrek. Daar is ook getuienis daarvoor dat Johannes Calvyn hier enkele preke voor die volk gelewer het voordat hy Frankryk verlaat het, hoewel hy andersins in geen pouslike ampte ingewy is nie.

Maar 'n verandering in albei se benadering het die planne onderbreek: sover dit sy vader aangaan, omdat hy gesien het dat die regswetenskap 'n baie sekerder weg gebied het om rykdom en aansien te bekom; sover dit sy seun aangaan, omdat hy deur 'n bloedverwant, sy neef Petrus Robertus Olivetanus,[23] aan wie die Franse kerk die vertaling van die Bybel uit Hebreeus wat in Neuchâtel gedruk is, te danke het, in verband met die ware godsdiens onderrig is. Hy het hierop begin om hom op die lees van godsdienstige werke toe te lê, hom van die bygelowe te onttrek en hom heeltemal van hulle godsdienstige instellings los te maak.[24]

Gevolglik het hy na Orleans[25] vertrek om siviele reg te bestudeer. Die leier van die Franse regsgeleerdes, Petrus Stella,[26] het in hierdie stadium daar onderrig gegee. In 'n verbasende kort tydjie het Calvyn sulke buitengewone vordering gemaak dat hy baie dikwels in die plek van die

[21] Albertus Pighius en Cornelius Schultinghius Lithocomus (resp. *De libero hominis arbitrio contra Calvinum* 1.3 en *Bibliotheca Catholica et Orthodoxa contra summam totius Theologiae Calvinianae* 1.12).

[22] By Noyon, Picardië, Noord-Frankryk (CE 2:76).

[23] Robert Estienne (Robert de Bosco of Du Bois, † Sept. 1559) was o.a. verantwoordelik vir die publikasie van verskeie werke van Calvyn, waaronder die 1559-uitgawe van die *Institusie* (vgl. die titelblad teenoor p.1 van die *Institusie*). Calvyn het hom ook gehelp met die hersiene Bybelvertaling van le Fèvre d'Etaples (Faber Stapulensis) uit Grieks en Hebreeus. Hy het in 1550 by Calvyn in Genève aangesluit. Hy verdien die bynaam 'prins van die drukkers'. Sy embleem, die olyfboom met die wilde olyftakke wat daarop ingeënt is, met die inskripsie *Noli altum sapere, sed time,* is ontleen aan Rom. 11:17 en 20 en was sy embleem van sy moederskant. Die gravering daarvan is deur die bekende kunstenaar, Geoffrey Tory, gedoen (Hughes, Jacques le Fèvre d'Étaples), *Calvinus Reformator,* 107; Fazy, *Procès de Jérome Bolsec,* 29).

[24] . . . *studiis . . . theologicis maxime deditus* (OC 21:193). Volgens sommiges bekeer Calvyn hom alreeds in 1527/28 máar volgens Beza in 1532 (CE 2:77; vgl. egter Parker (75), 22).

[25] Sarrau, 78, noot 11.

[26] Petrus Stella (Pierre de l'Estoile, * Orléans 1486, † 28 Okt. 1537) was een van die bekendste Franse regsgeleerdes van die 16de eeu. Afkomstig uit een van die rykste en

doktore waargeneem het en as dosent eerder as toehoorder beskou is; en hoewel hy nog student was, is die onderskeiding van 'n doktorsgraad vir die beste akademiese prestasie met groot instemming van al die dosente hom aangebied.

Intussen het hy egter sy studie van godsdienstige werke vlytig voortgesit en daarin selfs soveel vordering gemaak dat almal wat in daardie stad 'n trek gehad het om die suiwer godsdiens te leer ken, hom dikwels opgesoek het om vrae in verband daarmee aan hom te stel, en hulle was oor sy geleerdheid sowel as oor sy ywer verbaas. Sommige van sy vriende en maats wat nou nog lewe, getuig dat hy in hierdie tyd die gewoonte aangeleer het om, nadat hy 'n ligte maaltyd genuttig het, tot middernag te studeer en dan vroeg in die môre op te staan en oor iets wat hy gelees het, na te dink en dit as't ware te herkou. Ook het hy nie maklik toegelaat dat hy in sy oorpeinsinge onderbreek word nie. Deur volgehoue studie in die nag het hy wel 'n magtige geleerdheid en 'n voortreflike geheue verkry, maar aan die ander kant is dit waarskynlik dat hy hom as gevolg daarvan so 'n swak maag besorg het dat dit vir hom verskeie siektes en uiteindelik selfs 'n vroeë dood teweeggebring het.

Die Akademie van Bourges[27] was toe baie bekend as gevolg van die aankoms daar van Andreas Alciati, 'n uitmuntende regsgeleerde uit Italië.[28] Johannes Calvyn was van mening dat hy hom ook moes aanhoor. Toe hy dus daarheen gegaan het, het hy op grond van die godsdiens en die letterkunde 'n vriendskap met Melchior Wolmar,[29] 'n Duitser van Rottweil wat toe daar professor in Grieks was, aangeknoop. Dit is vir my 'n genot om aan hom terug te dink, omdat ek hom van my prille jeug af tot my jongelingsjare as onderwyser gehad het. Sy geleerdheid, sy godsvrug, ander deugde en verbasende vaardigheid in die onderrig van jong mense kan ek nooit genoeg lof toeswaai nie. Deur sy toedoen en met sy bystand het Calvyn Grieks geleer. Deur sy kommentaar op die tweede brief aan die Korinthiërs aan hom op te dra, het hy later erkenning vir hierdie weldaad betuig.[30] Daar het hy hom met sy studie

mees gesiene families van Orléans, het hy vanaf 1512 tot 1530 Romeinse Reg gedoseer. Hier was Calvyn in 1528-1529 een van sy studente (Pierre Mesnard, 'Jean Calvin étudiant en droit, à Orléans', *Actes du Congrès sur l'ancienne université d'Orléans;* edité avec le concours du conseil général du Département du Loiret, Orléans, 1962 (p. 86-88); Cornelia Maria Ridderikhof, *Jean Pyrrhus d'Anglebermes, Rechtswetenschap en Humanisme aan de Universiteit van Orléans in het begin van de 16e eeuw;* proefskrif, Univ. van Leiden, 1981 - p. 344-348).

[27] Calvyn was hier in die jare 1529-1531 (CE 2:77; Parker (75), 23).

[28] Hy is een van die belangrikste figure in die geskiedenis van die regsgeleerdheid in die 16de eeu (CE 2:77; Parker (75), 19).

[29] Sommige skrywers meen dat Wolmar Calvyn na die Reformasie oorgehaal het. Hy is in 1497 gebore en in 1560 oorlede. Hy was 'n uitnemende juris en kenner van Grieks, waarin hy Calvyn onderrig het (CE 6:647; Parker (75),18; Henry, 33-34).

[30] Parker (75), 21; *Ep.* 814 (OC 12:364-365).

besig gehou, maar tog só dat hy die Heilige Skrifte voortdurend gelees het en intussen ook in die distrik Bourges in die dorpie Lignières enkele preke in teenwoordigheid en met die goedkeuring van die leenheer gelewer het,[31] toe die onverwagte dood van sy vader aan hom berig en hy na sy huis terug ontbied is.

1532 Daarop het hy 'n rukkie later na Parys vertrek en op drie-en-twintigjarige leeftyd 'n uitstekende kommentaar op Seneca se boek oor lankmoedigheid geskrywe.[32] Dit is duidelik dat hy groot genot geput het uit hierdie ernstige skrywer, wie se karakter ook met sy eie ooreengestem het. Binne enkele maande het hy daar bekend geword aan almal wat in die suiwer godsdiens belanggestel het. Ons het dikwels gehoor dat hy Estienne de la Forge onder hulle vermeld, terwyl hy besondere getuienis van sy godsvrug lewer. Hy was 'n vermaarde handelaar wat later om die Naam van Christus verbrand is. Calvyn het sy naam later in sy boek teen die Libertyne verewig.[33]

Van dié tyd af het Calvyn alle ander studie laat vaar en hom aan God gewy tot groot blydskap van al die vromes wat toe in Parys geheime vergaderings gehou het. Weldra het die geleentheid aangebreek om hom moedig van sy taak te kwyt. Soos die gebruik daar was, is Nicolaas Cop, die seun van Michel Cop, die koning se dokter in Basel, as Rektor van die Paryse Akademie aangewys. Aangesien hy op die eerste November, die dag waarop die pousgesindes die feesdag van Allerheiliges gevier het,[34] volgens gebruik 'n redevoering moes lewer, het Calvyn aan hom 'n redevoering voorgelê waarin hy suiwerder en openliker as wat tevore die gebruik was, oor die godsdiens gepraat het.[35] Dit kon die

[31] Daar het Philbert de Beaujeu, die leenheer, ook na Calvyn se preke geluister (Parker (75), 21-22).

[32] *L. Annaei Senecae libri de clementia cum commentario* (OC 5:5 - 162); *Calvin's commentary on Seneca's De clementia.* Ed. and tr. by Battles and Hugo; Parker (75), 26, 27.

[33] *Contre la secte phantastique et furieuse des Libertins* (OC 7:149 e.v.). Estienne de la Forge was 'n ryk handelaar afkomstig uit Tournay, by wie Calvyn in Parys gewoon het en wat in Februarie 1534 tydens die Affaire des Placards verbrand is. Hy was 'n vroom man wat baie vir die verspreiding van die evangelie gedoen het (Parker (75), 32; Doumergue (Jeug), 51 e.v.).

[34] Hierdie fees was aanvanklik op 13 Mei maar is deur Gregorius IV na 1 November verskuif (NCE 1:318).

[35] Nicolaas Cop se rede was gebaseer op die saligsprekinge en gebou op Erasmus se *Paraklesis* (Inleiding tot sy Nuwe Testament) en Luther se *Kirchenpostille*, vertaal in Frans in 1532. Calvyn se bekering is waarskynlik ook deur Nicolaas Cop se intreerede beïnvloed. Lg. is aan die Univ. van Parys gelewer op Allerheiligedag, 1 November 1533. Vroeër is op grond van wat Beza hier sê, aanvaar dat Calvyn hierdie rede vir Cop geskryf het, en hoewel daar tans nog 'n kopie hiervan in Calvyn se eie handskrif bestaan, is die vraagstuk nog onopgelos. Dit is opgeneem in OS 1:4-10 (vgl. NCE 2:1088).

Sorbonne[36] nie verdra nie, en ook het dit die Senaat, wat as hulle parlement bekend gestaan het, nie aangestaan nie. Toe die Rektor deur die parlement ontbied is en hy alreeds met sy beamptes daarheen op pad was, is hy onderweg deur sy vriende gewaarsku om versigtig te wees vir sy teenstanders. Hy het daarom huiswaarts teruggekeer, Frankryk verlaat en hom na Basel begewe. Sy teenstanders het selfs na die Collège de Fortet[37] opgeruk, waar Calvyn se tuiste was. Toe hulle hom nie daar aantref nie, het hulle tussen sy dokumente baie briewe van sy vriende weggevat. Die gevolg daarvan was dat 'n groot aantal van sy vriende in die grootste lewensgevaar gekom het. Die vervolgers was toe verbitterde veroordelaars van die kerk. Onder hulle was daar in besonder 'n sekere Jeanne Morin,[38] wie se naam nou nog as gevolg van sy uitsonderlike wreedheid berug is.

Maar die Koningin van Navarre, die enigste suster van koning Frans, 'n vrou met verbasende verstand, wat die vromes toe gunstig gesind was, het die storm deur haar tussenkoms laat bedaar.[39] Calvyn is daarop na haar hof ontbied, en daar is hy met groot agting deur haar ontvang en aangehoor. Daarop het hy Parys verlaat en na Saintonge[40] vertrek. Daar het hy aan 'n sekere vriend van hom 'n diens bewys en op sy versoek enkele bondige Christelike vermanings geskrywe wat hulle in enkele gemeentes in eredienste laat lees het om die volk geleidelik daartoe op te wek om die waarheid te soek.

In dié tyd het hy na Nérac, 'n stad van Aquitanië,[41] gekom om Jacques le Fèvre d'Étaples,[42] toe reeds 'n ou man, te besoek. Laasgenoemde is deur dieselfde Koningin van Navarre na 'n langdurige en baie bitter stryd aan die Paryse Akademie in ere herstel toe hy as gevolg van sy wiskundige en regsinnige filosofiese studies en omdat hy die teologie

[36] Die stryd van die Sorbonne, Universiteit van Parys, teen die Hervormers vind plaas onder leiding van N. Bédier. Robert de Sorbon was die stigter van die inrigting en Calvyn het dit as moeder van die sofiste bestempel (CE 6:217; NCE 13:440).

[37] Parker (75), 26 e.v.

[38] Doumergue (Jeug), 346.

[39] Marguerite d'Angoulême (*1492, †1549) was getroud met koning Hendrik van Navarre, wat goewerneur van Guyenne was. Sy het dikwels by die parlement van Bordeaux vir "ketters" in die bresse getree. Sy was aanvanklik 'n steunpilaar vir die Reformasie. Later het sy egter meer geneig na die antinomistiese en meer polities geörienteerde Libertyne, van wie sy in 'n stadium twee aan haar hof weggesteek het. Hieroor het Calvyn 'n uitvoerige berisping aan haar geskryf. Vgl. *Ep.* 226 (OC 11:62-63) asook Bucer se brief aan haar in dieselfde verband (*Ep.* 125 – OC 10,2:215).

[40] Dit is 'n ou provinsie van Frankryk, wat in 1673 weer onder die kroon ingelyf is (QF, 1387).

[41] Die stad is geleë in die suidwestelike deel van Frankryk (Hughes, *op.cit.*, 93).

[42] Hy was 'n Picardiër, gebore in 1455. Hy was student en dosent aan die Collège du Cardinal Lemone in Filosofie en Wiskunde. In 1509 publiseer hy *Quincuplex Psalterium* en inspireer Farel se bekering. In 1522 skryf hy 'n kommentaar op die vier evangelies, en in 1523 volg sy Bybelvertaling in Frans. Hy sterf in 1536 aan die hof van die Koningin van Navarre (Hughes, *op.cit.*, 93-108).

van die Skolastici[43] afgekeur het, deur die ydel teoloë van die Sorbonne in lewensgevaar gebring is. Sy het hom daarna in die stad wat onder haar beheer was, gevestig. Hierdie goeie ou man het die jong man vriendelik ontvang en met genoeë in hom 'n buitengewone hemelse instrument gesien om die godsdiens in Frankryk in ere te herstel.

'n Rukkie hierna het Calvyn weer na Parys teruggekeer net asof hy deur die hand van God daartoe geroep is, want in dié tyd het die goddelose Servet ook daarheen gekom, terwyl hy alreeds sy venyn teen die heilige Drie-eenheid uitgestrooi het.[44] Hy het voorgegee dat hy nie 'n groter begeerte gehad het as om met Calvyn 'n samespreking te voer nie en het 'n plek en tyd daarvoor bepaal. Omdat Calvyn verskriklik gedryf is deur die raserny van sy teenstanders wat teen hom ontvlam het, het hy met groot lewensgevaar lank maar tevergeefs op die bestemde plek en tyd op hom gewag, maar hy het nie daar verskyn nie.

1534 Die jaar 1534 was 'n jaar wat duisend maal meer uitgestaan het in die verskriklike wreedheid wat teen baie vroom mense gepleeg is. Gérard Ruf, 'n beampte van die Sorbonne maar 'n man wat die godsaligheid grootliks toegeneë was, en so ook Corauld uit die Orde van Augustinus, wat 'n jaar of twee lank reeds met die bystand van die Koningin van Navarre die saak van Christus in die stad bevorder het, is albei nie alleen van hulle kateders verstoot nie maar ook in die gevangenis gewerp.[45] Die drif van koning Frans,[46] wat alreeds versteurd was, is as gevolg van sekere

43 Die Skolastiek is 'n beweging wat in die 12de-14de eeue gefloreer het en o.a. Thomas van Aquino, Abaelardus, Duns Scotus en Willem van Occam ingesluit het. Teologie en Filosofie word by húlle onderskeie wetenskappe, sodat Filosofie as *ancilla theologiae* ondergeskik is aan Teologie, wat as *regina scientiarum* bestempel is. Hulle probeer om 'n sintese tussen die twee te bewerkstellig, soos dit verwoord is in die uitdrukking *per fidem ad intellectum* (deur geloof tot kennis). Die metode waarvolgens hulle gewerk het, was die dialektiek gekoppel aan die retoriese sillogisme.

44 Servet was 'n Spaanse medikus en teoloog wat in 1511 gebore en op 27 Okt. 1553 verbrand is a.g.v. sy kettery oor die Drie-eenheid van God. Sy werke is *De Trinitatis Erroribus* (1531), *De Trinitate* (1532) en die anonieme *Christianismi Restitutio* (1553). Calvyn is baie dikwels ten onregte vir sy dood verantwoordelik gehou (CE 6:149; Harkness, 39-44).

45 Vir die Orde van Augustinus en die Sorbonne kyk NCE 1:1066, *s.v.* Augustinianism within the Augustinian order; CE 6:217-218, *s.v.* Sorbonne; vir Ruf (ook bekend as Roussel) kyk CE 5:679-680; vir Corauld kyk Parker (75), 66, 69.

46 Frans I van Valois, koning van Frankryk (*1515, †1547), was 'n bekwame maar ligsinnige vors en het in 'n reeks konflikte met Karel V om die hegemonie in Europa geveg. Sy houding teenoor die Reformasie word ook deur politieke oorwegings bepaal. Hy was beskermer van kuns en wetenskap maar onverskillig teenoor die godsdiens. Nogtans keur hy 'n hervorming van die kerk in Erasmus-humanistiese gees goed. Toe 'n versoening tussen die radikale reformatoriese strominge en die kerk onmoontlik blyk, het hy ernstiger tot vervolging oorgegaan, waardeur ook die Waldense getref is. Tevergeefs het Calvyn, wat self ook sy vaderland moes verlaat, in die brief wat sy *Institusie* voorafgaan, 'n beroep op koning Frans I gedoen om reg te laat geskied aan die Hervormers, wat hulle slegs by suiwer evangelieverkondiging wou hou (CE 3:76-77).

dokumente teen die Mis wat oor die hele stad versprei is en selfs teen die deure van sy slaapkamer vasgeheg is, so aangeblaas dat 'n algemene biddag uitgeroep is.[47] Saam met sy kinders was hy daarby aanwesig terwyl hy kaalkop 'n brandende fakkel ter versoening dra, en hy was so driftig dat hy beveel het dat agt martelare op vier baie bekende plekke in die stad verbrand moes word. Hy het ook 'n eed gesweer dat hy selfs nie eens sy eie kinders sou spaar as hulle moontlik met sulke afgryslike kettery besmet sou raak nie.

Calvyn het hierdie toedrag van sake waargeneem. In Orleans het hy die bekende boekie uitgegee met die titel *Psychopannychia*[48] teen die dwaling van dié mense wat geleer het dat die siel na sy skeiding met die liggaam tot die oordeelsdag toe slaap. Kort daarna het hy besluit om Frankryk te verlaat. Volgens afspraak het hy saam met die jong man[49] wat 'n tyd lank saam met hom in Saintonge gewoon het, deur Lotharinge na Basel gereis.[50] Maar nie ver van die stad Metz af nie het hy die grootste moeilikheid ervaar toe een van hulle slawe hulle albei slinks van hulle geld beroof het en onverwags op een van hulle sterkste perde, wat opgesaal was, weggevlug het sodat hy nie gevang kon word nie. So is hulle sonder reisgeld en so volkome ontoegerus gelaat dat hulle 'n lening van tien krone by een van hulle ander slawe moes aangaan. Hulle het Straatsburg[51] en daarop Basel met moeite bereik.

Daar was die voortreflike manne Simon Grynaeus en Wolfgang Capito[52] sy vriende en het hy hom aan die studie van Hebreeus gewy. Hoewel hy gepoog het om op elke moontlike wyse onbekend te bly – soos uit 'n brief van Bucer[53] wat twee jaar later aan hom versend is, blyk – was hy tog

[47] Beza verwys na die Affaire des Placards. Vgl. *Annales* 17 en 18 Okt. 1534 (OC 21:193); *Ep.* 23 (OC 10,2:42). Die Protestante is van opstand en oproer beskuldig (Herminjard 3:249 e.v.) en daarom bloedig vervolg.

[48] Dit is in 1534 geskrywe en in 1542 gepubliseer (OC 5:169-232).

[49] Nicolaas Chemin (Duchemin), 'n regsgeleerde, en 'n baie goeie vriend van Calvyn (vgl. Parker (75), 17, 24, 28, 29; Herminjard 2:315, 316, 332, 333, 393, 412, 420).

[50] Parker (75), 32.

[51] 140 km. te perd.

[52] Simon Grynaeus is in 1493 te Veringen, Hohenzollern, gebore. Hy studeer in Pforzheim en daarna in Wene. In 1524 word hy hoogleraar in Grieks in Heidelberg en in 1529 in Basel. In 1531 besoek hy Engeland. In 1534 was hy die groot krag agter die invoering van die Reformasie in Tübingen. Hy het 'n groot invloed op Calvyn se metode van Skrifuitleg uitgeoefen. Calvyn se *Kommentaar op die Romeinebrief* (1539) is aan hom opgedra. Saam met Calvyn en Bucer neem hy in 1540 deel aan die godsdiensgesprek van Worms. Hy sterf op 1 Aug. 1541 as Rektor van die Universiteit van Basel aan die pes. Wolfgang Capito (Köpfel) is in 1478 te Hagenau gebore en hy sterf op 4 Nov. 1541 te Straatsburg. In 1515, terwyl hy Benediktynse prediker en hoogleraar in Basel was, kom hy reeds met Erasmus, Zwingli en Luther in aanraking. Van toe af beywer hy hom vir die Reformasie en lei vanaf die twintigerjare saam met Bucer en Zell die hervorming in Straatsburg. Hy het veral getrag om Luther en Zwingli te versoen (CE 3:322) *s.v.* Grynaeus: CE 2:101 *s.v.* Capito; Parker (75), 67 en 78; Sarrau, 25).

[53] Martin Bucer (Butzer) is op 11 Nov. 1491 te Schlettstadt gebore en is op 28 Febr. 1551 in

genoodsaak om sy *Institusie van die Christelike godsdiens*, 'n geleerde werk, daar uit te gee.[54] Die Duitse vorste wat die evangelie gesteun het, was gebelg oor die bloedvergieting van koning Frans, wat hulle vriendskap gesoek het. Volgens die skrywe van Jeanne Bellay de Lange[55] kon die koning immers geen ander 'teenmiddel' vind as om te sê dat hy niemand anders as net die Anabaptiste,[56] wat in plaas van die Woord van God slegs hulle eie gees verhef en alle owerhede verag, gestraf het nie. Hierdie skande wat op die ware godsdiens ingebrand is, kon Calvyn nie verdra nie, en hy het die geleentheid aangegryp om hierdie boek[57] wat na my mening onvergelyklik is, te publiseer. Hy het daarby ook 'n uitstekende voorwoord aan die koning gerig. As hy dit gelees het, sou dit die Babiloniese hoer[58] toe reeds 'n swaar wond toegedien het, as ek my nie misgis nie. Want die koning was nie soos die mense wat hom later gevolg het nie. Hy was trouens 'n gestrenge waardeerder van sake en 'n man van groot insig om die waarheid te wete te kom, 'n kampvegter vir geleerdes en vanself ook nie vreemd teenoor ons nie. Maar nòg die Franse volk nòg die sonde van die koning self – en die toorn van God het alreeds dreigend daaroor gehang – het hom toegelaat om daarna te luister en nog veel minder om dit te lees.

Na die uitgawe van hierdie boek en nadat hy sy lojaliteit teenoor sy vaderland bewys het, het die begeerte by Calvyn ontstaan om die godvrugtige hertogin van Ferrara, die dogter van die Franse koning, Lodewyk

Cambridge oorlede. Sy naam, Martin, kry hy net soos Luther van die Roomse heilige Martinus. Hy is by uitstek *die* Hervormer van Straatsburg, waar hy 'n onberekenbare invloed op Calvyn gehad het. Hy is opgelei in 'n Dominikaanse klooster en aan die Universiteit van Heidelberg, waar hy sterk deur die Humanisme beïnvloed is. Nadat hy in April 1518 Luther se verdediging van sy standpunt oor die vrye wil gehoor het, kom daar 'n wending in sy lewe en word hy kampvegter vir die Reformasie. Tussen 1530 en 1536 het hy in besonder aan die kerkorde aandag gegee om die Roomse en sektariese invloede uit die kerk te weer. Dit het eweneens groot invloed op Calvyn gehad. Bucer was 'n ireniese figuur en het hom vir die eenheid onder die Protestante beywer. In 1548 is hy deur Cranmer na Engeland genooi, waar hy as professor aan Cambridge die ideale van die Reformasie oorgedra het en groot invloed op die Engelse Reformasie uitgeoefen het. Sedert die tweede uitgawe van die *Institusie* (1539) is die invloed van Bucer se werke (waaronder uitgebreide kommentare op die Skrif en polemiese geskrifte, veral teen die Anabaptiste en oor die nagmaal) duidelik merkbaar (CE 2:47; RPTK 3:603 e.v.).

54 *Institutio religionis christianae.*

55 Wendel, 112-113.

56 Die Anabaptiste (ook Katabaptiste genoem) is die mistieke godsdienstige stroming wat teen omstreeks 1520 in Zürich ontstaan het uit reaksie op Zwingli se leer. Vanaf 1524 bestry hulle die kinderdoop en slaan 'n weg van volle wêreldmyding in. Hulle maak skeiding tussen natuur en genade en devalueer die natuur omdat hulle meen dat die koninkryk van die hemel alreeds op aarde gekom het. Hierdie devaluering van die natuur tot feitlike ontkenning daarvan het nie alleen godsdienstig-sedelike (perfeksionisme) nie maar ook sosiaal-politiese implikasies (anargisme), wat o.a. in die Boereopstand van 1525 tot uiting kom (CE 1:188).

57 *Institutio.*

58 Die polemiese taalgebruik van Calvyn bevat invektiewe soos hier, wat teen die RK Kerk gemik is (RAC 1:1131).

die Twaalfde[59], te besoek en terselfdertyd groete aan Italië oor te bring. Calvyn het haar dus besoek, en so veel as wat die omstandighede dit destyds toegelaat het, het hy haar in haar ywer vir die ware godsdiens versterk, sodat sy hom later in sy lewe altyd liefgehad het. Selfs nou nog, terwyl sy hom oorlewe, bied sy 'n duidelike voorbeeld van haar dankbare nagedagtenis aan hom.

Hy het altyd gesê dat hy na Italië gegaan het om weer daarvandaan terug te kom. Hy het daarop na Frankryk teruggekeer. Daar het hy sy sake in orde gebring en sy enigste oorblywende broer, Antoine,[60] met hom saamgebring met die gedagte om na Basel of Straatsburg terug te keer. Omdat oorloë alle ander weë afgesluit het, het dit hom gedwing om sy reis deur Savoye voort te sit.[61] Die gevolg daarvan was dat hy in Genève aangekom het, hoewel hy self nie die stad in gedagte gehad het nie.[62] Soos weldra geblyk het, is hy deur die bestiering van God daarheen gebring.

'n Rukkie tevore is die evangelie van Christus wonderbaarlik deur die toedoen van twee uitmuntende manne daar ingevoer. Hulle was Willem Farel[63] van Dauphiné, wat nie uit die kloosterskole, soos sommige mense versin nie, maar uit die skool van Jacques le Fèvre d'Étaples[64] gekom het, en ook Petrus Viret van Orbe in die omgewing van Bern en Freiburg.[65] Die Here het hulle arbeid later oorvloediglik geseën.

Calvyn het hulle dus, soos die gebruik tussen goeie mense is, onderweg besoek. Farel, 'n man wat deur 'n heroïese gees aangedryf is,

[59] Prinses Renée van Frankryk was die niggie van koningin Marguerite van Navarre en was getroud met Hercules II, hertog van Ferrara, seun van die berugte Lucretia Borgia. Haar suster Claude was getroud met koning Frans I van Frankyk. Reformiste en hervormers het hulle toevlug na haar geneem, onder wie ook die digter Clément Marot, wat heelwat Geneefse psalms berym het (Parker (75), 51).

[60] Wendel, 48.

[61] Hier word verwys na die konflik tussen Frans I en Karel V.

[62] Vir 'n beskrywing van die 16de-eeuse Genève kyk Parker (75), 53 e.v.

[63] Guillaume Farel is gebore in 1489 te Gap (Suid-Frankryk) en is op 13 Des. 1565 te Neuchâtel oorlede. Hy het in Parys gestudeer. Na 'n preek teen die verering van Maria en die heiliges vlug hy na Oecolampadius in Basel, waar hy 13 stellinge bekend maak. Die dispuut (op 15 Febr. 1524) hieroor het gunstig afgeloop. Hy verlaat Basel en gaan na Straatsburg (1525), waar hy met Bucer en Capito bevriend raak en saam met hulle die eerste samevatting van die reformatoriese geloof uitgee: *Summaire et brieve declaration*. Hy kom in 1532 in Genève aan. Sedert 1533 is hy die krag agter die Reformasie in Genève en staan hy as *die* Hervormer van Genève bekend. Ná sy verbanning saam met Calvyn in 1538 vestig hy hom tot met sy dood in Neuchâtel (CE 3:17; RPTK 5:762-767).

[64] Hughes, *op.cit.*, 93 e.v.

[65] Pierre Viret is in 1511 te Orbe gebore en op 4 Mei 1571 te Orthez oorlede. Hy was die enigste onder die Hervormers van Frans-Switzerland wat uit die gebied self afkomstig was. Al die ander was gebore Franse. Hy het in Parys aan die Collège de Montaigu gestudeer. Hy is deur die geskrifte van die Reformasie beïnvloed. By sy terugkeer na Orbe (1531) het hy hom dadelik by Farel aangesluit. Hy het daarna in Payerne, Neuchâtel en Genève hulpdiens verleen. Saam met Farel het hy leiding gegee in die godsdiensgesprek van Lausanne in Okt. 1536 (CE 6:495; RPTK 20:693).

het hom met baie woorde dog tevergeefs versoek om eerder in Genève te arbei as om nog verder rond te swerf. Calvyn kon nie maklik besluit nie. Daarop het Farel vir hom gesê: "Jy hou jou studie as 'n dekmantel voor. Daarom voorspel ek vir jou in die Naam van die almagtige God dat as jy nie saam met ons werk nie, die Here jou sal vervloek as 'n mens wat nie na Christus soek nie maar na sy eie belang".

Hierdie verskriklike uitspraak het Calvyn met vrees vervul, en hy het hom aan die kerkraad en owerheid onderwerp. Die volk het daartoe ingestem, en Calvyn is in Augustus 1536 nie alleen as prediker nie – 'n amp wat hy aanvanklik van die hand gewys het – maar ook as leraar in die Godgeleerdheid – 'n amp wat hy wel aanvaar het – aangewys.

1536 Hierdie jaar is bekend omdat 'n nouer verbintenis tussen Bern en Genève gesluit is en omdat Lausanne tot Christus gekeer het en 'n openhartige gesprek teen die pousdom gevoer is waarby Calvyn ook teenwoordig was.[66] In hierdie stadium het Calvyn 'n formulier van die Christelike leer vir die kerk van Genève, wat beswaarlik uit die vuilheid van die pousdom opgestaan het, gepubliseer.[67] Daarby het hy ook 'n Kategismus gevoeg – nie die een wat ons nou het wat in vrae en antwoorde onderverdeel is nie, maar baie bondiger en een wat slegs die belangrikste hoofpunte van ons godsdiens saamgevat het.[68]

Daarop het hy begin om saam met Farel en Corauld die kerk te orden.[69] Die meeste mense het egter uit vrees vir die massas gevlug, en sommiges het selfs die werk van die Here openlik teengestaan – en daaroor was Calvyn baie bekommerd. Eers het hy die burgers versoek dat die hele volk bymekaar moes kom, dat hulle die pousdom in die openbaar moes afsweer en by die Christelike godsdiens en tug wat in hoofpunte saamgevat is, 'n eed moes aflê.[70] Hoewel baie dit geweier het omdat die stad nog maar skaars uit die strikke van die hertog van Savoye en van die juk van die Antichris[71] verlos is en omdat dit nog gebruis het van baie partye, het God tog gegee dat die Senaat en die volk van Genève, voorgegaan deur die sekretaris van die Raad, op 20 Julie 1537 'n eed oor die Christelike godsdiens en tug afgelê het.[72]

[66] Dit vind in Okt.1536 plaas en het gehandel oor die regverdigmaking deur die geloof en die bestryding van die transsubstansiasie.

[67] *Instruction et confession de foy dont on use en l'église de Genève* (1537).

[68] *Catechismus sive christianae religionis institutio* (OC 5:313-362).

[69] Op 3 Jan. 1538 het Corauld saam met Calvyn die orde tydens die nagmaal teen teenstanders verdedig (OC 21:219; vgl. *Articles concernant l'église* OC 10,1:5).

[70] Dit het plaasgevind op 25 Mei 1536 (Parker (75), 57).

[71] Op 21 Mei 1536 het die Raad van Genève hom offisieel ten gunste van hervorming uitgespreek en daarmee die RK Kerk uit Genève verban (CE 3:161).

[72] Vgl. *Annales*, 20 Julie 1537 (OC 21:212).

1537 Hieroor was die Satan verbitterd. Omdat hy die gelowiges tevergeefs met vyande van buite op eindelose wyses probeer teenstaan het, het hy gedink dat hy dit onder die dekmantel van godsvrug sou kon regkry. Eers het hy die Anabaptiste en daarop Petrus Caroli,[73] oor wie ons weldra sal praat, as struikelblokke in die gelowiges se pad gestel om die werk van God nie alleen te vertroebel nie maar dit volkome te verwoes en te vernietig. Waarskynlik het hulle werk daar, wat die aard toe ook al daarvan was, God nog nie behaag nie, óf waarskynlik het Hy voorsien wat die gevolge daarvan later sou wees. Maar die Here het die Satan oorwin, soos die verloop van die gebeure aangedui het. Want Calvyn en sy kollegas het die Anabaptiste tot 'n openbare en openlike diskussie uitgedaag en hulle op 18 Maart 1537 met soveel gewigtigheid slegs uit die Woord van God weerspreek dat daar na die tyd nouliks een of twee in die kerk oor was – 'n sonderlinge seën.[74]

Die ander opstoker teen die kerk, P. Caroli, het groter en langduriger opstand gesaai. Daarvan sal ek slegs maar die hoofpunte opnoem omdat die hele geskiedenis van die geskil nog beskikbaar is en ook uit die briefwisseling tussen Calvyn en Grynaeus afgelei kan word.[75]

Sy alma mater was die Sorbonne. Hierdie Universiteit het hierdie skaamtelose sofis as 'n ketter oneervol verwerp, maar nie dat hy dit van dié instelling verdien het nie.[76] Hy het derhalwe eers na Genève, daarop na Lausanne en nog later na Neuchâtel gegaan. Oral is hy deur die gees van die Satan vergesel sodat hy oral waar hy gekom het, duidelike spore van sy goddeloosheid gelaat het. Toe hy egter bemerk dat hy deur ons mense uitoorlê is, het hy na ons teenstanders oorgeloop. Van hulle af het hy weer na ons teruggekom, soos sy streke duidelik beskrywe is in 'n uitvoerige brief van Farel aan Calvyn. Ten laaste het hy begin om die beste mense, en onder hulle in besonder Farel, Calvyn en Viret, te belaster omdat hulle opvatting oor die Drie-eenheid dan nie regsinnig sou wees nie.[77]

'n Goed bygewoonde Sinode is in verband daarmee in Bern gehou, en

[73] Petrus (Pierre) Caroli (* 1481, †1575) was 'n produk van die Sorbonne, maar hy het hom spoedig onder invloed van Le Fèvre d'Étaples by die groep van Briçonnet, wat hulle beywer het vir reformasie in die RK Kerk, gevoeg. Sy verbanning in 1525 vanweë preke oor die briewe van Paulus lei daartoe dat hy deur Marguerite d'Angoulême in diens geneem is. In 1534 word hy deur die RK Kerk as ketter verklaar, en hy vlug in 1535 na Genève. In 1536 is hy predikant in Neuchâtel en vanaf 1536/7 in Lausanne. Nadat sy aanklag van Ariaanse kettery teen Farel en Calvyn in 1537 misluk het, gaan hy weer oor na die RK Kerk, maar vanaf 1539 werk hy in Straatsburg weer in die belang van die Reformasie. Daarop keer hy te Metz finaal die Reformasie die rug toe en bestry Calvyn met bitsige geskrifte (CE 2:105).

[74] Hulshof, 1905; *ERE* 1:406.

[75] *Pro Farello adversus Petri Caroli calumnias* (OC 7:289-340).

[76] Vgl. p.7, n.36.

[77] Vir Farel, vgl. p.11, n.63; vir Viret, vgl. p.11, n.65.

daar is Caroli vir sy laster verdoem.[78] Daarna het sy moed hom geleidelik begewe, en uiteindelik het hierdie opstoker in die distrik Metz aangekom om die werk van die Here wat Farel daar onder sy seëninge begin het, te belemmer. Daarop het hy briewe aan hulle geskrywe en die vromes uitgetart om soos 'n uitgehongerde hond vol verwagtinge oor sy afvalligheid van die Reformasie die een of ander seën te verkry. Hy is nietemin na Rome teruggestuur om daar die Bees[79] self tevrede te stel. Hy is egter uitgelag en, gekwel deur armoede en Franse siekte, is hy beswaarlik in 'n herberg opgeneem. Daar het hy uiteindelik die loon vir sy sonde, naamlik die dood, ontvang. Dit was die einde van die armsalige man.

Calvyn het bemerk dat baie mense in Frankryk die waarheid wel in hulle binneste ken maar tog swig net asof dit genoeg sou wees om Christus in hulle harte te dien maar nogtans die dienste van die pousgesindes by te woon. Daarom het hy twee keurige briewe gepubliseer: Die een *Oor die ontwyking van afgodediens* aan Nicolaas Chemin, 'n vriend en kameraad met wie hy baie dikwels saam in Orleans verkeer het en wat later as amptenaar in Suid-Frankryk aangestel is.[80] Die tweede het gehandel *Oor pouslike priesterampte* aan dié Gérard Ruf[81] van wie ek tevore melding gemaak het en aan wie na die oproer in Parys eers die abbaat en vervolgens ook die episkopaat gegee is. Daarna het hy nie alleen nie op die reguit pad gehou nie maar ook sy meesteres, die Koningin van Navarre, langsamerhand verguis.

1538 Terwyl Calvyn hiermee besig was, het ernstige oproer plaaslik voorgeval. Soos ons tevore gesê het, is die evangelie in die stad toegelaat en die pousdom afgesweer. Maar nie almal het hulle menigvuldige en onwaardige oortredings wat vir soveel lange jare in daardie stad, verknog aan die kanunnike en die onreine ampsdraers, lank gefloreer het, eenklaps laat vaar nie. Ou vetes wat tydens die oorloë in Savoye onder vooraanstaande families ontstaan het, het selfs toe nog gesmeul. Daar is geen vordering gemaak daarmee om die vetes eers met ligte vermaning en daarna met baie ernstige teregwysing teen die weerspanniges uit die weg te ruim nie. Die kwaad het selfs so ver gevorder dat die burgery deur persoonlike faksies in verskillende partye verskeur is, en dat baie nie kon verduur om tot die orde waartoe hulle 'n eed afgelê het, teruggebring te word nie. So 'n toestand is uiteindelik bereik dat die manne wat met groot heldemoed begaaf was, naamlik Farel en Calvyn tesame met

[78] *Annales*, 13 Aug. 1537 (OC 21:214).

[79] Dit verwys na die RK Kerk, wat die Hervormers ook soms die 'Antichris' genoem het (CE 1:521).

[80] *Epistolae duae de rebus hoc saeculo cognitu necessariis*. Basel, Lasius et Platter, 1537. Kyk p.9, n.49 vir Chemin.

[81] By verskeie geleenthede was Ruffi (Ruf) sekretaris van die *syndici* (Direktoraat) en ook

Corauld (hy het soos ons tevore gesê het, moedig in Parys vir die waarheid gestry; Calvyn het hom na Basel en daarna na Genève gebring nadat hy hom daar gevestig het), in die openbaar getuig het dat hulle nie die nagmaal van die Here na behore aan mense wat so verdeeld en aan burgers wat hulle so vreemd teenoor die kerklike tug hou, kon bedien nie. Daarby het daar ook 'n ander kwaad gekom, naamlik dat die kerk van Genève in sommige gebruike van die kerk in Bern verskil het. Want die kerk in Genève het gewone brood gebruik, die doopvont beskou as iets wat nie vir die bediening van die doop noodsaaklik is nie, en al die feesdae met uitsondering van Sondag afgeskaf. Daarop het die Sinode van Lausanne,[82] wat deur die kerke van Bern in verband met die aangeleenthede vergader het, besluit om die kerk in Genève te versoek om weer ongesuurde brood daar te gebruik. Omdat die dienaars van Genève dit as billik beskou het dat hulle saak ook eers aangehoor word, is daar 'n tweede Sinode in Zürich belê.[83] Toe hierdie geleentheid hulle gebied is, het die direkteure[84] (dit is die hoogste amp in die Republiek van Genève en 'n eenjarige amp), wat die leiers van die skeuring en die tweedrag was, die volk byeengeroep. Hulle het sake so ver gedryf dat die drie gelowige diensknegte van God gelas is om die stad binne drie dae te verlaat omdat hulle geweier het om die nagmaal van die Here te bedien, ten spyte daarvan dat Calvyn aangebied het om saam met sy kollegas wat die opvatting gedeel het, redes vir hulle optrede aan te voer.

Toe die besluit aan Calvyn oorgedra is, het hy gesê: "As ek mense gedien het, sou hulle my kwalik kon beloon, maar dit is goed dat ek Hom dien wat altyd sy diensknegte vergoed soos Hy eenmaal aan hulle beloof het". En wie sou nie reken dat dit gewisse ondergang vir die kerk van Genève teweeg sou bring nie?

Die verloop van sake het egter aangedui dat dit deur die voorsienigheid van God plaasgevind het – deels om die werk van sy gelowige dienskneg ook elders te gebruik om hom met 'n verskeidenheid ervaringe vir belangriker sake toe te rus en deels om die opstandelinge deur hulle eie voortvarendheid te vernietig en die kerk van Genève van baie onreinheid te suiwer. So wonderbaar betoon God Hom in al sy werke en in besonder in die bestiering van sy kerk. Maar dit alles het eers later duidelik geword. Tot groot droefheid van al die goeie mense het die drie manne die besluit gehoorsaam en eers by Zürich aangekom, waar 'n sinode van enkele Switserse kerke vergader was. Volgens sinodale besluit het hulle

van die Raad van Tweehonderd. Kyk bv. *Annales,* 7 Febr. 1546 (OC 21:369).

[82] 31 Maart – 4 April 1538 (CE 4:389; *Annales,* 31 Maart 1538 – OC 21:223).

[83] 28 April – 4 Mei 1538. Vgl. CE 6:716; *Annales,* 28 April – 4 Mei 1538 (OC 21:227-228); kyk ook *Ep.* 111 en 112 (OC 10, 2:190-193).

[84] *Syndici.* Balke, 87; vgl. die artikel van Robert Kingdon tydens die Calvynkongres, 6-9

gepoog om die gemoedere van die mense van Genève met die tussenkoms van die leiers van Bern tot bedaring te bring – dog tevergeefs. Calvyn het hom daarop na Basel en weldra na Straatsburg begewe. Volgens die wens van die Senaat van hierdie stad is hy daar deur die voortreflikste manne wat toe soos helder pêrels in die kerk geskitter het, naamlik Bucer, Capito, Hedio, Niger en hulle kollegas,[85] tot teologiese professor beroep en 'n eerbare loon aan hom betaal.[86] Daar het hy nie alleen tot groot genoeë van al die geleerdes onderrig in teologie gegee nie maar ook met instemming van die Senaat 'n Franse gemeente op die grondslag van die kerklike tug daar gestig.
So is die Satan in sy verwagtinge gefnuik, en hy moes toesien dat Calvyn in plaas van in die gemeente in Genève elders verwelkom is en dat daar ook 'n tweede gemeente tot stand gekom het. Intussen het die Satan hom vlytig daarop toegelê om die gebou van Genève wat alreeds geskok was, tot op sy fondamente te verwoes. Gevolglik het hy weldra enkele niksnutte daar gevind om onder die dekmantel van een of ander vorm van godsvrug hulle vroeëre onbillike besluit te verdoesel. Hulle het voorgestel dat die gewone brood wat hulle tevore in die nagmaal gebruik het, in ongesuurde brood verander moes word, natuurlik om tot hernieude geskille aanleiding te gee.[87] Ook sou hierdie skelm set die Satan nie bedroë gelaat het as dit nie was dat Calvyn sommige vroom manne wat so 'n aanstoot in die verandering geneem het dat hulle daaraan gedink het om hulle van die nagmaal te weerhou, ernstig vermaan het om nie oor so 'n onbelangrike saak in 'n geskil betrokke te raak nie. So het ongesuurde brood daar in gebruik gekom. Selfs nadat hy in ere herstel was, het Calvyn nie gedink dat daaroor geredekawel moet word nie, hoewel hy geen geheim gemaak het van wat hy andersins eerder sou goedkeur nie.

Sept. 1982, Genève, gepubliseer te word in *Calvinus custos Ecclesiae.*

[85] Kyk p.9-10, n.53, vir Bucer, en n.52 i.v.m. Capito. Spalatinus, Mathieu Zell en Theobald Niger word genoem in die artikel oor Bucer (CE 2:48). Caspar Hedio is in 1494 te Ettlingen in Baden gebore en op 17 Okt. 1552 te Straatsburg oorlede. Hy besoek die Latynse skool te Pforzheim en die Universiteite van Freiburg en Basel. By lg. word hy deur Capito beïnvloed. Hy bewonder Zwingli en Luther. Hy word in 1520 hofprediker in Mainz en daarna domheer in Straatsburg, waar hy, Bucer en Capito in die Reformasie leiding gee. Hy neem deel aan die godsdiensgesprekke van Marburg (1529), Worms (1540) en Regensburg (1541), en hy stel die Keulse Kerkorde op. Na Bucer se verbanning was hy voorsitter van die kerklike vergadering. Hy was 'n bekwame kerkhistorikus en lewer Nuwe-Testamentiese voordragte (CE 3:391).

[86] Hy verdien 52 floryne per jaar, wat in terme van die huidige geldwaarde 'n aansienlike inkomste was (Peter & Rott, 'Exposition Jean Calvin'. RC, 296; Rott, 'Documents Strasbourgeois concernant Calvin'. RC, 28-73; Dankbaar, 'L' office des docteurs chez Calvin'. RC, 102-126).

[87] *Azymum* (Enc. Brit. 4:672, *s.v.* Bern, 1537-38: unleavened bread).

1539 Maar kyk, weldra was daar nog 'n dodeliker kwaad wat in 1539 ontstaan het maar sommer dadelik deur die noulettendheid van Calvyn uitgedoof is. Die biskop van Carpentras was destyds Jacob Sadolet.[88] Hy was 'n welsprekende man maar het sy welsprekendheid misbruik om veral die lig van die waarheid te onderdruk. Hy is kardinaal gemaak om geen ander rede nie as om die valse godsdiens met die kleure waarmee hy kon, te verf nie, hoewel hy andersins nie 'n bose lewe gevoer het nie. Hy het die geleentheid gebruik en gedink dat hy die kudde maklik sou kon verlei terwyl hulle van hulle herders ontneem is. Terwyl hy hom dus as 'n buurman aandien (want Carpentras grens aan Dauphiné en dit is weer aangrensend aan Savoye), het hy 'n brief aan sy 'geliefdes', soos hy hulle noem, geskrywe. Dit is aan die Senaat, die Raad en die volk van Genève afgelewer. Daarin het hy geen geleentheid verby laat gaan om hulle weer in die skoot van die Roomse hoer terug te bring nie.
In Genève het hulle toe niemand gehad om hom te antwoord nie, sodat dit gelyk het asof dit die stad tot groot skade sou strek as hulle die brief nie in 'n taal wat vir hulle vreemd was, sou beantwoord nie. Maar toe Calvyn dit in Straatsburg lees, het hy al die onregte teen hom vergeet en dadelik so waaragtig en welsprekend daarop geantwoord dat die kardinaal terstond die hele saak as hopeloos laat vaar het.[89]
Maar Calvyn het nie so lank gewag om sy diepgaande liefde as herder te betuig teenoor die volk van Genève sowel as teenoor sy eie mense wat tot hulle gemeenskaplike voordeel vir die godsaligheid geywer het nie. Uitmuntende briewe, wat hy juis in die jaar waarin hy van Genève verdryf is en wat hy in die daaropvolgende jaar in Straatsburg geskrywe het, lewer duidelike getuienis van sy liefde. In die briewe handel dit net oor een saak, naamlik berou voor die aangesig van God, verdraagsaamheid teenoor die goddelose en om vrede met hulle eie herders aan te

[88] Jacob Sadolet is in 1477 in Modena gebore en hy sterf in 1547 in Rome. Hy het 'n humanistiese opvoeding te Ferrara en Rome gehad, was 'n irenikus en semi-pelagiaan. Sy beskermheer was die kardinaal van Caraffa, wat hom tot priester wy. Hy werk as sekretaris by Pous Leo X en word in 1517 biskop van Carpentras (by Avignon). Hy woon soms in Carpentras maar merendeels in Rome, veral nadat hy in 1536 deur pous Paulus III as kardinaal aangewys is. Hy dien in die kommissie vir hervorming van die RK Kerk ter voorbereiding van die Konsilie van Trente. Saam met Contarini streef hy na versoening met die Protestante. Hy probeer in 1537 om Melanchthon en in 1539 om Genève vir die RK Kerk terug te wen. Sy brief aan Genève is op 1 Sept. 1539 deur Calvyn in 'n uitvoerige geskrif beantwoord. Lg. word beskou as een van die beste apologieë ten gunste van Reformasie teen die RK Kerk (CE 6:17; Cadier, 'Sadolet et Calvin'. RC, 239-252).

[89] *Iacobi Sadoleti Romani cardinalis epistola ad Senatum populumque Genevensem qua in obedientiam Romani pontificis eos reducere conatur. Ioannis Calvini responsio* (OC 5:368-416).

moedig. Daarom spoor hy hulle veral aan om tot die Here te bid. So berei hy hulle voor om in hulle dodelike duisternis weer te wag op die lig waarna hulle smag. Latere gebeurtenisse het dit inderdaad wonderbaarlik bewys.

Toe het hy ook 'n baie uitgebreider uitgawe van sy *Christelike Institusie,* sy *Kommentaar op die brief aan die Romeine,* opgedra aan sy vriend Simon Grynaeus, en ten slotte 'n sierlike boekie in verband met die nagmaal van die Here in Frans (Galasius het dit later in Latyn vertaal) gepubliseer.[90] Daarin het hy sy redenasie klaarblyklik so vaardig en geleerd ontplooi dat die beslegting van die ongelukkigste geskille in die lig van Gods Woord aan hom toevertrou is en daarin het al die geleerdste en vroomste manne tereg berus.

Maar hy was nie minder gelukkig om baie Anabaptiste te bekeer nie. Die twee vernaamste manne onder hulle was Paul Volz,[91] aan wie Erasmus eenmaal sy *Onderwysing van 'n Christenkryger* opgedra het.[92] Die kerk in Straatsburg het later onder sy leiding gestaan. Die tweede was Jeanne Stordeur van Luik. Toe hy later aan die pes gesterwe het, het Calvyn, deur Bucer daartoe aangeraai, met sy weduwee, Idelette, 'n ernstige en eerlike vrou, getrou.[93]

1541 Dit was dan Calvyn se bedrywighede in Straatsburg tot in 1541. In hierdie jaar het die Keiser eers in Worms en daarop ook in Regensburg 'n ryksdag belê om die verskille oor die godsdiens by te lê.[94] Die teoloë van Straatsburg het begeer dat Calvyn ook daar teenwoordig moes wees. Dit is duidelik dat dit tot groot voordeel van die kerke en in besonder van dié in Frankryk was. As gevolg van die gelukkige herinneringe, in

[90] *Institutio christianae religionis nunc vere demum suo titulo respondens,* Aug. 1539; *Commentarii in epistolam Pauli ad Romanos* (OC 49:1–292); *Libellus de coena Domini* (*Tract. omnes,* 1-13); vgl. ook *Annales,* 1 Aug. (OC 21:250), 1 Sept. (OC 21:251) en 16 Okt. 1539 (OC 21:252).

[91] Paul Volz (Volcius) se terugleiding na die kerk in Straatsburg word beskou as die grootste welslae in Calvyn se bekeringsaktiwiteit. Volz was vroeër predikant van die St. Nicolas-kerk. Hy het nie tot die Wederdopers behoort nie maar was eerder spiritualis, onder invloed van Schwenckfeld. Hy was 'n bekende geleerde en vriend van Erasmus asook 'n geliefde predikant. Hy is egter op 13 Jan. 1537 onthef, omdat hy geweier het om die Wittenbergse Concordia te onderteken, wat deur die Raad vereis is. Hy het afwykende opvattinge oor kinderdoop en nagmaal gehad maar is in verskillende gesprekke met Calvyn van sy dwaling oortuig. In Julie 1539 herroep hy in die openbaar sy dwalinge met nagmaal in die kerk en word in sy amp herstel (Balke, 143-145; Stupperich, *Calvin und die Konfession des Paul Volz,* RC 17-27).

[92] *Enchiridion militis christiani saluberrimis praeceptis refertum* (EOO 5:1-66).

[93] Vgl. CE 6:270; Balke 83; Parker (75), 72, 80, 101, 102; J. Rott, 'Documents divers sur Calvin et la famille d'Idelette de Bure à Strasbourg' (RC 71-73).

[94] Godsdiensgesprek te Worms, 25 Nov. 1540 – 18 Jan. 1541 (CE 6:653); Godsdiensgesprek te Regensburg, 27 April – 22 Mei 1541 (CE 5:598).

besonder vir die heer Philippus Melanchthon[95] en Caspar Crüciger,[96] was sy teenwoordigheid daar vir hulle aangenaam. Gevolglik het eersgenoemde hom dikwels 'n teoloog genoem en het laasgenoemde 'n persoonlike samespreking in verband met die nagmaal met hom gevoer en uitdruklik sy instemming met Calvyn se bekende opvatting betuig. Maar die tyd het alreeds aangebreek waarop die Here besluit het om Hom oor die kerk van Genève te ontferm. Een van die direkteure deur wie se toedoen die besluit geneem is dat die gelowige herders verban moes word, het hom in die administrasie van die Republiek so van sy taak gekwyt dat hy aan oproer skuldig was. Terwyl hy gepoog het om deur 'n venster te ontsnap, het hy tuimelend neergestort; omdat hy 'n man met 'n groot liggaam was, het hy hom te pletter geval sodat hy as gevolg daarvan binne enkele dae te sterwe gekom het. Een van die ander direkteure is onthoof omdat hy moord gepleeg het. Die orige twee is van wanadministrasie tydens 'n sending van die Republiek aangekla. Hulle het op die vlug geslaan en is in hulle afwesigheid skuldig bevind.
Toe die skuim dus verdryf is, het die burgers weer na Farel en Calvyn begin verlang. En aangesien die hoop om Farel van Neuchâtel terug te kry bra skraal was, het hulle hulle inspanning op Calvyn toegespits. 'n Afvaardiging is deur bemiddeling van die mense in Zürich na hom gestuur om hom van die Straatsburgers terug te vra. Die Straatsburgers was onversetlik. Hoewel die smaad wat Calvyn deur die toedoen van sekere goddelose mense verduur het, geen verandering in sy gevoel teenoor die burgers van Genève teweeggebring het nie en hy hom ook van opstokery weerhou het en omdat hy bemerk het dat die Here sy diens in Straatsburg seën, het hy beslis geweier om daarheen terug te

[95] Philippus Melanchthon (*16 Februarie 1497 te Bretten, † 19 April 1560 te Wittenberg). Sy van was Schwarzert wat 'Swart aarde' beteken. Op 12-jarige leeftyd studeer hy vir 'n baccalareusgraad in Heidelberg en verwerf in 1512 'n MA-graad in Tübingen. As 19-jarige publiseer hy wetenskaplike geskrifte en word dosent in Geskiedenis en Retoriek. Hy publiseer 'n Griekse grammatika en word professor in Grieks in Wittenberg. Onder Luther se invloed lê hy hom op Teologie toe. In 1521 skryf hy sy *Oratorio pro Luthero,* teen die skolastiese teologie. Sy betekenis lê veral daarin dat hy die Reformatoriese teologie in sy leerboeke saamvat, en sy *Loci Communes rerum theologicarum* is bekend. Hy organiseer die kerklike lewe in Keursakse. Hy skryf die belangrikste belydenisskrifte van die Lutherse Kerke, bv. die Augsburgse Konfessie (1530) en Apologie (1531). By die godsdiensgesprekke in Worms (1540) en Regensburg (1541) speel hy 'n belangrike rol (CE 4:639-641; RPTK 12:513-548).

[96] Caspar Crüciger (Creuziger, * 1 Jan. 1504 te Leipzig, † 16 Nov. 1548 te Wittenberg). In 1519 is hy teenwoordig by die beroemde Leipzigdispuut tussen von Karlstadt, Luther en Eck waar hy die reformatoriese denke leer ken. In 1528 word hy professor in Wittenberg asook akademieprediker en help met die Bybelvertaling. Hy neem deel aan die godsdiensgesprek van Magdeburg (1529), Schmalkalden (1537) en Worms (1540). In 1539 bevorder hy die Reformasie in Leipzig. Een van sy dogters was getroud met Luther se oudste seun Johannes (CE 2:325; RPTK 4:343-344).

keer. Bucer en ook ander het verklaar dat hulle hom beswaarlik sal laat gaan.

Die burgers van Genève het egter volgehou, en Bucer het eindelik geoordeel dat die Straatsburgers tydelik tot hulle smekinge moes inwillig. Maar dit kon hulle nie van Calvyn verkry sonder die uitspreek van God se oordeel en die voorbeeld van Jona nie. Maar omdat dit voorgeval het in die tyd waarin Calvyn saam met Bucer na die Ryksdag in Regensburg moes vertrek, soos besluit is, is sy vertrek uitgestel. Intussen het die burgers van Genève die guns van Bern verkry dat Petrus Viret van Lausanne af na Genève kon gaan. Calvyn het dus met groter bereidwilligheid na Genève teruggekeer omdat hy hom as kollega sou hê en omdat hy met sy bystand en raad baie gehelp sou kon word in die herstel van die kerk.

So het enkele maande verbygegaan. Daarna het Calvyn uiteindelik op 13 September 1541 na Genève teruggekeer tot groot blydskap van die hele volk en in besonder van die Senaat wat, hoewel dit laat was, toe eers die seën van die Here jeens hulle herken het – in so 'n mate dat Calvyn voortdurend by die Straatsburgers daarop aangedring het om die vasgestelde termyn te kanselleer. Daaraan het die Straatsburgers ook uiteindelik toegegee maar slegs op voorwaarde dat Calvyn se ereburgerskap wat hulle aan hom gegee het, ongeskonde sou bly en dat hy die jaarlikse inkomste vir sy onderrig sou behou. Tot die eerste van die voorwaardes het Calvyn ingestem, maar hulle kon hom nooit dwing om die laaste voorwaarde te aanvaar nie, omdat hy hom oor niks minder bekommer het as oor rykdom nie.

Toe Calvyn dus op versoek van die kerk self weer daar in ere herstel is, het hy in die heropbouing daarvan daarmee rekening gehou en in besonder getuig dat hy sy amp nie na behore kon vervul as daar nie ook tesame met die Christelike leer 'n wettige raad van ouderlinge met kerklike dissipline aan hom toegestaan sou word nie. Dit het hy gedoen omdat hy bemerk het dat die stad oor die algemeen teuels nodig gehad het. Toe – en hieroor sal ons weldra vollediger praat – is maatreëls in ooreenstemming met die Woord van God ingestel om ouderlinge te verkies en die hele orde te reël.[97] Dit was ook vir die burgers aanvaarbaar hoewel die Satan later op wonderbaarlike wyse gepoog het om dit tot niet te maak. Maar sy pogings was vergeefs.

Hy het ook 'n *Kategismus* in Frans en Latyn geskrywe wat baie weinig van sy eerste kategismus verskil het, maar dit was baie breedvoeriger en is in vrae en antwoorde verdeel.[98] Ons mag dit met reg 'n verbasende werk noem omdat dit deur soveel buitelandse volkere aangeneem is dat dit

[97] *Projet d'ordonnances ecclésiastiques* (OC 10,1:5 e.v.; Balke, 74 e.v.).

[98] *Le catechisme de Genève; Catechismus Genevensis* (OC 6:9-159).

nie alleen in verskeie volkstale soos Duits, Engels, Skots, Nederlands en Spaans vertaal is nie maar ook in Hebreeus deur Immanuel Tremellius, 'n Christenjood, en ook (in 1551) in Grieks deur Henricus Stephanus.[99]
Uit die gebeure self kan afgelei word wat hy elke dag gedoen het. Al om die ander Sondag het hy heeldag gepreek, en vir die volgende drie dae onderrig gegee. Elke Donderdag het hy 'n kerkraadsvergadering gelei en op Vrydae het hy in 'n gemeentelike samekoms 'n formele lesing volgens die Skrif gelewer[100]. Hy het verskeie Bybelboeke met baie geleerde kommentaar toegelig; soms het hy die vyande van die godsdiens beantwoord en soms oor dringende aangeleenthede die een en ander geskrywe. En as iemand dit noukeurig lees, sal hy verbaas staan daaroor dat een enkele mensie soveel en sulke belangrike werke kon lewer.
Hy het baie dikwels van Farel en Viret in sy werk gebruik gemaak hoewel hy hulle baie meer behulpsaam was. Vir goddelose mense was hulle vriendskapsbande 'n doring in die vlees, maar al die vromes het daar sonderlinge behae uit geskep. Dit was dan ook 'n uiters aangename gesig om hierdie drie belangrike manne in God se kerk so eenparig in die werk van God te sien en te hoor terwyl hulle tog elkeen in sy onderskeie gawes uitmunt. Farel het uitgemunt in grootgeestigheid sodat niemand sy donderende stem sonder siddering kon aanhoor of na sy vurige gebede kon luister sonder om self ten hemele verhef te word nie. Viret het in soetvloeiende welsprekendheid so uitgemunt dat sy toehoorders noodwendig aan sy lippe moes hang. Calvyn weer het die verstand van sy luisteraar met net soveel gedagtes gevul as wat hy woorde gehad het. Dit het my tewens dikwels te binne geskiet dat iemand wat uit hulle drie saamgestel is, 'n volmaakte herder sou wees. Maar om nou tot Calvyn terug te keer: hy is nie alleen deur hierdie sorge nie maar ook deur baie ander van sy huis en van buite af beproef. Want

[99] Immanuel Tremellius (* 1510 te Ferrara, † 9 Okt. 1580 te Sedan) word tot die Christendom bekeer en word later vir die Hervormers se opvattings gewen. Hy was leraar in Hebreeus te Lucca, te Straatsburg en hoogleraar te Cambridge, waar hy medewerker was aan die *Book of Common Prayer*. Later is hy agtereenvolgens leraar te Hornbach, hoogleraar te Heidelberg en te Sedan. Hy verwerf veral as oriëntalis bekendheid. Hy vertaal die *Heidelbergse kategismus* in Hebreeus. Met behulp van Junius gee hy in 1575-1579 'n Latynse vertaling van die Ou Testament met annotasies uit (CE 6:406; RPTK 20:95-98).

Henricus Stephanus was waarskynlik 'n seun van die drukker Robertus Stephanus. Lg. (Robert Estienne, * 1503 te Parys, † 7 Sept. 1559 te Genève) was die belangrikste verteenwoordiger van die geslag van Stephanus wat as uitgewers werksaam was. Hy volg sy vader Henricus (* 1460, † 1520) na, wat verskeie geskrifte van Faber Stapulensis publiseer. In 1526 begin hy met sy eie uitgewery en staan weldra bekend as 'prins van drukkers'. Hy is veral beroemd vir die uitgawe van Latynse Bybels. Die 1550-uitgawe van die Griekse Nuwe Testament is bekend, omdat dit die grondslag bied vir die *Textus Receptus* (CE 6:262; *Annales,* 28 Desember 1558 (OC 21:709); Kyk ook p.4, n.23).

[100] Parker (75), 83.

die Here het sy dienskneg so geseën dat mense vanuit alle oorde van die Christenwêreld deels sy raad insake die godsdiens gevra het en deels saamgekom het om na hom te luister. Die gevolg was dat ons uiteindelik 'n Italiaanse, 'n Engelse en 'n Spaanse kerk in Genève gesien het en dat dit gelyk het asof die een enkele stad nie meer in staat was om soveel vreemdelinge op te neem nie. Hoewel hy tuis deur die vromes geëer en deur goddelose mense gevrees is en alles goed gesteld was, het dit tog nie ontbreek aan mense wat hom swaar beproef het nie. Ons sal die botsings een vir een verduidelik sodat die nageslag 'n voorbeeld van buitengewone mannemoed kan hê wat hulle na die beste van hulle vermoë kan naboots.

Om dus tot sy geskiedenis terug te kom: toe hy na die stad teruggekeer het, het hy gedink aan die spreuk: "Soek eers die koninkryk van God en al die dinge sal vir jou toegevoeg word".[101] Daarom het hy nie 'n belangriker strewe gehad nie as dat die Senaat sekere wette van kerklike regering in ooreenstemming met die Woord van God moes voorskrywe. Dit sou geen dienaar of burger vrystaan om daarvan af te wyk nie. Hoewel hulle aanvanklik hulle instemming daarmee betuig het, het sommige van die volk en van die vooraanstaande burgers wat die pousdom wel laat vaar het maar slegs in naam aan Christus vasgehou het, geleidelik 'n afkeer daarvan gekry. Ook sommige van die dienaars wat na die verbanning van hierdie vroom manne nog in die stad gebly het (hoewel sommige van hulle hulle later aan skelmstreke skuldig gemaak het en hulle diens verlaat het), het dit tóg in die geheim teengestaan, en hulle kon nie verdra om tot orde gedwing te word nie. Hoewel hulle in hulle gewete daarteen oortuig was, kon hulle nie waag om dit aan te veg nie. Hulle het ander kerke, waar ekskommunikasie geen plek gehad het nie,[102] as dekmantel gebruik om hulle goddeloosheid te verberg.

Kortom: daar was geen gebrek aan mense wat luidkeels geskreeu het dat die tirannie van die pous só weer teruggebring word nie.

Maar Calvyn se standvastigheid tesame met sy buitengewone selfbeheersing het hierdie probleme oorwin. Want hy het aangetoon dat nie alleen die beginsels van die leer nie maar ook van die bestuur van die kerk uit die Skrif geput moet word, en hy het daarop gewys dat dit ook die opvatting van die geleerdste manne van die era, soos Oecolampadius,[103]

[101] Matt. 6:33.
[102] Die Roomse Kerk en die Libertyne (CE 4:434).
[103] Johannes Oecolampadius (* 1482 te Weinsberg, † 24 Nov. 1531 te Basel) bestudeer Regte en Teologie en word deur Reuchlin beïnvloed. Hy word prediker in Basel en help Erasmus in 1515 met die vertaling van die Griekse Nuwe Testament. Onder Luther se invloed gee hy 'n geskrif in verband met die bieg uit, waarna hy moes vlug. In 1522 word hy hoogleraar in Basel. Hy neem deel aan die godsdiensgesprek van Baden (1526), Bern (1528) en Marburg (1529). Hy word later 'n ondersteuner van Zwingli. Na sy dood trou sy weduwee eers met Capito en later met Bucer (CE 5:243; RPTK 14:286-299).

Zwingli, Zwichius[104], Philippus Melanchthon, Bucer, Capito en Myconius,[105] was en dat die kerke wat nog nie so ver gekom het nie, nie om dié rede as onchristelike kerke verdoem moes word nie – en ook nie hulle herders, wat gedink het dat hulle kuddes teuels nie nodig het nie. Kortom: hy het aangedui wat die verskil tussen die tirannie van die pous en die juk van die Here is, en hy het dit maklik reggekry dat die maatreëls vir die beheer van die kerk (waarvan hierdie kerk selfs nou nog gebruik maak) met groot eenstemmigheid opgeteken, voorgelees, volgens die stemme van die volk goedgekeur en op 20 November aanvaar is.[106]

Hoewel die dinge 'n gelukkige begin gehad het, was Calvyn tog van mening dat dit nie sonder probleme toegepas sou kon word nie. Daarom het hy hom daarvoor ingespan om Viret, vir wie die burgers van Bern slegs vir 'n tydjie afgestaan het, en Farel, vir wie die burgers van Neuchâtel ontvang het toe hy verban is, permanent as sy kollegas te hê. Sy pogings was egter tevergeefs, omdat Viret weldra na Lausanne teruggekeer en Farel in Neuchâtel agtergebly het om feitlik alleen al die lof vir die heropbouing van die kerk daar in te oes.

1542 In die daaropvolgende jaar het Calvyn baie beproewinge deurgemaak. Om nou maar die beproewinge wat hom daar plaaslik gekwel het, agterweë te laat: die brandende waansin van die vyande van die evangelie het toe van buite af daarteen 'n aanval gerig en baie mense uit Frankryk en Italië na 'n naburige stad wat toe alreeds 'n beroemde naam gehad het, gedryf. Dit is verbasend met hoeveel ywer Calvyn hom daaraan gewy het om hulle te vertroos en in alle opsigte te verkwik. Om maar die mense agterweë te laat wat hulle toe al juis in die kake van die leeus bevind het – oral heen het hy briewe gestuur en vertroosting gebied.

In hierdie jaar het daar 'n dubbele ramp voorgeval, naamlik die hoë

[104] Zwingli: Kyk p.2, n.5. Johannes Zwick (* *ca.* 1496, † 13 Okt. 1542) was een van die steunpilare van die Reformasie in Konstanz en in Suid-Duitsland (RPTK 21:768-774).

[105] Melanchthon, vgl. p.19, n.95; Bucer, vgl. p.9, n.53; Capito, vgl. p.9, n.52; Friedrich Myconius (* 26 Des. 1490 te Lichtenfels, † 7 April 1546 te Gotha) was aanvanklik 'n Franciskaanse monnik maar sluit in 1517 by Luther aan. Hy was teenwoordig by die godsdiensgesprek van Marburg (1529) asook by vergaderings wat die eenwording van Protestante beoog het. Sy *Geskiedenis van die Reformasie* word in 1715 gepubliseer (CE 5:112; RPTK 13:603-607). Dit mag ook wees dat Calvyn verwys na Oswald Myconius, 'n teoloog van Basel wat in 1488 in Lucerne gebore is en op 15 Okt. 1552 in Basel oorlede is. Vgl. Fazy, *Procès de Jérome Bolsec,* 73.

[106] Calvyn het hom reeds van 1536 af saam met Farel vir 'n kerkorde beywer. In 1541 lê hy die fondamente vir die kerkorde wat uiteindelik in 1561 in *Les ordonnances ecclésiastiques* finale beslag gekry het. In die loop van die ontwikkeling van die kerkorde is verskeie aspekte van die kerklike en burgerlike orde duideliker geformuleer (CE 5:328; *Annales,* 20 Nov. 1541 – OC 10,1:5 e.v.).

koste van koring en die pes wat dit meestal vergesel. In Genève was hulle toe gewoond om dié wat pes gehad het, na 'n hospitaal buite die stad te neem. Aangesien die werk van 'n bestendige en toegewyde herder hier nodig was en die meeste vir die gevaar van besmetting teruggedeins het, het drie manne hulle vir die werk aangebied, naamlik Calvyn, Sebastian Castellio[107] (oor wie ons later meer sal sê) en 'n sekere Petrus Blanchet.[108] Tussen hulle is die lot gewerp, en toe dit op Castellio val, het hy desnieteenstaande van plan verander en skaamteloos geweier om die taak te onderneem. Hoewel dit teen sy sin was, het die Senaat Calvyn verbied om verder die lot te werp, en Blanchet het daarop die taak op hom geneem.

Daarna het daar ook ander ernstige gebeurtenisse voorgeval: Petrus Tossanus, die herder van Montbéliard,[109] het begin om 'n geskil te voer oor die nagmaal van die Here, en ook in Basel was daar mense wat die fondamente van die kerklike tug, nouliks nadat dit gelê is, gerysmier het, ten spyte daarvan dat Myconius hom daarteen verset het. Hulle het twee vergaderings saam met Calvyn belê. Hoewel Farel onder die seënende hand van die Here in Metz, waarheen hy beroep is, gearbei het, is die werk van die Here daar tog deels met openlike geweld en deels deur die toedoen van die afvallige P. Caroli, van wie ons tevore melding gemaak het, verhinder. Uit sy gepubliseerde briewe en ook uit die getuienis van mense wat nou nog lewe, kan afgelei word hoeveel moeite Calvyn op elke moontlike wyse deur skrif, vermaning en aansporing aan hierdie dinge bestee het.

Maar nou het die Sorbonne – vermeteler as ooit tevore met die begunstiging van P. Lizet, wat toe die leier in die Paryse parlement was, 'n man aan wie ons met afsku en wrewel terugdink[110] – 'n skelmstreek

107 Sebastian Castellio (alias Martinus Bellius, * 1515 te Savove, † 29 Des. 1563 te Basel). Tydens sy studie in Lyon kies hy kant vir die Reformasie en word in 1540 in Calvyn se huis opgeneem. Hy word hoof van die skool in Genève, waar hy met sy salaris ontevrede is. Toe Calvyn sy Franse vertaling van die Nuwe Testament teenstaan, sit hy 'n skinderveldtog teen Calvyn aan die gang. Hy word nie as herder toegelaat nie, omdat hy die reformatoriese verklaring van "en neergedaal het na die hel" van die geloofsbelydenis verwerp en Hooglied as 'n afstootlike gedig beskou het. Hy wyk daarom uit na Basel maar keer terug na Genève toe hy nie werk kon kry nie. Op 29 Mei 1544 rig hy 'n heftige aanval teen Calvyn en sy kollegas as gevolg waarvan hy uit Genève verban word. In 1554 is hy met sy *De haereticis* kampvegter vir Servet se saak en vir geloofsvryheid. Hy was voorloper van die Remonstrante (CE 2:110; RPTK 3:750-752).

108 Die pligsgetroue Pierre Blanchet, een van die kollegas van Calvyn, het self op 5 Junie 1543 aan die pes beswyk. Kyk Parker (75), 85; Herminjard 8:79, 163, 164, 449; *Annales*, 5 Junie 1543 (OC 21:314).

109 Pierre Toussain ( * 1496 in Saint-Laurent, † 1573). In 1535 word hy predikant in Montbéliard (Mömpelgard) en is in 1571 hoof van die kerk daar. In die vyftigerjare het hy gepoog om die ekstremiste onder die Lutherane en die navolgers van Calvyn te probeer versoen (*Ep.* 456 (OC 11:518); CE 5:75; Sarrau, 341; RPTK 20:5-7).

110 OC 7: prol. X; Doumergue (Jeug), 98 en elders.

aangepak. Dit sou verbasend kon wees dat selfs die biskoppe en priesters dit kon verdra as dit nie was dat hulle lank tevore reeds die gewoonte aangekweek het om met die kerk se rykdom soos rowers te handel nie. Hulle was beetgepak deur 'n gier om dit onder hulleself uit te deel. Hulle sou wel vir hulle sogenaamde goeie geleerdes van hulle besondere taak, wat dan Woordbediening sou wees, afstand doen – maar tog met dié verstandhouding dat húlle soos honde aan hulle base onderdanig moes wees omdat hulle duisende brokkies wat van hulle base se tafels afgestoot is, verslind.[111]
Die Sorbonne dan het dit gewaag om sonder enige ondersteuning van die reg van God of die mens geloofsartikels voor te skrywe. Dit was van so 'n aard dat dit as gevolg van die valsheid en die beuselagtigheid daarvan – iets waarmee die broederskap goed bekend is – tereg alle gesag onder hulleself en selfs onder waansinniges kon verloor. Maar sommige mense het dit tog uit vrees en ander uit onkunde onderteken. Calvyn het derhalwe daarop geantwoord en hulle dwaling met groot geleerdheid en met onomstootlike redenasies weerlê en hulle dwaasheid natgegooi sodat almal oor hulle oppervlakkige lafheid moes lag.[112]

1543 So het die jaar verbygegaan, en die volgende jaar was niks aangenamer nie omdat dieselfde euwels, naamlik hoë lewensduurte en pes, Savoye bedreig het. Van sy kant het Calvyn voortgegaan om sy mense tuis te versterk en na buite die vyande van die kerk kragtig terug te hou. In besonder het hy vier boeke oor die vrye wilsuiting teen Albertus Pighius van Kampen, die belangrikste sofis van die tyd, gepubliseer en aan Philippus Melanchthon opgedra.[113] Calvyn is natuurlik as sy teenstander gekies sodat hy uiteindelik die wolmus van 'n priester[114] kon kry as hy 'n uitstekende oorwinning oor hom sou behaal. Maar daarin is hy gefnuik, want hy het maar net bereik wat al die vyande van die waarheid verdien, naamlik om deur geleerde manne met gesonde verstand vuilgesmeer en deur die Satan self mislei te word.

[111] Mansi 33:1: Die *Bulla indictionis* en pous Paulus se motivering vir die Konsilie van Trente. Dit kom ook te berde in Calvyn se brief aan koning Frans I (OS 3:14,19 e.v.). Die konsilie van Trente wou die reformasie in die RK kerk op dreef kry. Daar was egter geweldige struweling oor die vergaderplek, die wyse van samestelling van die sinode en die koers wat gevolg moes word. Die vergadering is uiteindelik oorlaai met pouslike afgevaardigdes uit Italië. Kyk Vergilius, *Aeneïs* 5.791 vir die hondebeeldspraak.

[112] *Articuli facultatis Parisiensis cum antidoto* (OC 7:5-142).

[113] *Defensio sanae et orthodoxae doctrinae de servitute et liberatione humani arbitrii adversus calumnias... Pighii Campensis* (OC 6:225-404). Die *Defensio* is wel 'n antwoord op die eerste ses boeke van Pighius se *De libero hominis arbitrio et divina gratia libri X* (1542) maar is net een boek by Calvyn. Dit is nie duidelik waarom Beza hier van vier boeke praat nie. Calvyn het hom wél voorgeneem om oor die predestinasie en voorsienigheid van God op Pighius se laaste vier boeke te antwoord maar het dit veel later gedoen (OC 6: prol. XXIII-XXV; OC 8: prol. XXII-XXIV).

[114] Die verwysings is hier na die myter of biskopsmus (NCE 8:873, 881).

Philippus Melanchthon het in sy briewe getuig hoe hoog hy hierdie boeke ag.[115] Ons het daarom gedink dat ons dit moet publiseer sodat die nageslag vaste en duidelike getuienis teen albei se lasteraars kan hê. Maar uit die briewe wat Calvyn in dieselfde jaar aan die kerk in Montbéliard geskrywe het, kan enigiemand aflei watter antwoord hy behoort te gee aan mense wat oor Calvyn se uitermatige strengheid in die uitoefening van die kerklike tug mor.[116]

1544 In die volgende jaar het Calvyn sy opvatting dat die burgers van Neuchâtel onder kerklike sensuur geplaas moet word, verduidelik. Tuis was die bekende Sebastian Castellio, van wie se ligsinnigheid ons tevore melding gemaak het, ontstoke daaroor dat Calvyn sy dwaashede in sy Franse vertaling van die Nuwe Testament nie goedgekeur het nie. Hy was 'n man wat onder die dekmantel van nederigheid met dwase eersug opgeblaas was en uit daardie groep mense wat die Grieke 'outonome wetgewers' genoem het. Hy was so rasend dat hy nie tevrede was om slegs vreemde leerstellinge te leer nie maar ook om te gelas dat die Hooglied van Salomo as 'n onreine en vuil lied uit die Kanon geskrap moet word.[117] Toe die dienaars hulle daarteen verset, het hy hulle met die afgryslikste skeldtaal belaster. Hulle was tereg van mening dat hulle dit nie hoef te duld nie en het hom voor die Senaat gedaag. Op 31 Mei het Calvyn geduldig na hom geluister, en nadat sy saak verhoor is, is hy aan laster skuldig bevind en gelas om die stad te verlaat. Hoe hy hom uiteindelik gedra het toe hy daarna in Basel gekom en daar toegelaat is, sal ons elders vertel.

Die res van die jaar het keiser Karel die Vyfde[118] al sy magte teen die Franse koning gemonster en die Duitsers se belange ter harte geneem slegs in soverre as om 'n algemene konsilie te belê. Hy het belowe dat hy daarvoor sal sorg dat daar geen vooroordeel in die besprekings oor die godsdiens sal ontstaan nie en dat elkeen van die partye ewe veel regte sou geniet. Die Roomse pous, Paulus die Derde,[119] was hewig ontsteld daaroor, en hy het ernstige vertoë tot die keiser gerig omdat hy die

[115] Herminjard 8:285-288, 341-344.

[116] *Ep.* 506 (OC 11:623).

[117] Kyk p.24, n.107 vir Castellio.

[118] Karel V, Keiser van die Duitse Ryk, koning van Spanje, Heer van die Nederlande (* 24 Febr. 1500 te Gent, † 21 Sept. 1558 te San Yuste). Hy was die magtigste vors van sy tyd en het daarna gestreef om die Habsburgse wêreldmag uit te bou en die Protestantisme te bestry. Hy het in 1521 te Worms oor Luther die Ryksban laat uitspreek en in 1530 te Augsburg die veroordeling van die Protestantisme gehandhaaf. Twee jaar later moes hy egter, ter wille van die stryd teen die Turke, toelaat dat die Protestante hulle godsdiensvryheid behou totdat 'n konsilie hieroor uitspraak sou gee. Sy finale pogings om Lutheranisme uit te roei het vanweë buitelandse bedreiginge misluk (CE 4:168; ML 9:516-518; kyk ook p.11, n.61).

[119] Paulus III se ampstermyn strek van 1534 tot 1549. Hy is o.a. bekend daarvoor dat hy

ketters aan Katolieke gelykstel en klaarblyklik sy sekel op die oes van 'n ander gelê het. Die keiser se antwoord was dat hy dit as billik beskou. Maar omdat die waarheid van die evangelie en die onskuld van vroom manne in bogenoemde korrespondensie ernstige leed aangedoen is, het Calvyn die vermetelheid van die pous aangeval. 'n Ryksdag is toe te Spiers belê,[119a] en Calvyn het die geleentheid te baat geneem om 'n boekie *Oor die noodsaaklikheid daarvan om die kerk te hervorm* te publiseer.[120] Ek weet nie of daar in ons tyd al iets kragtigers en gewigtigers as hierdie redenasie geskrywe is nie.
In dieselfde jaar het Calvyn sowel die Anabaptiste as die Libertyne (onder wie die ou kettery weer posgevat het, hoewel dit onnatuurlik was) so deeglik weerlê dat ek meen dat niemand wat dit aandagtig gelees het, anders as willens en wetens deur hulle geflous kon word nie, of, as hy dan nog wel tevore deur hulle bedrieg is, nie na die regte pad sou terugkeer nie.[121] Tog het die Koningin van Navarre oor die boek wat hy teen die Libertyne gepubliseer het, aanstoot geneem. Ongelooflik soos dit is, is sy so deur die twee voorbokke van die afstootlike sekte, naamlik Quintin en Pocque (en Calvyn noem hulle by name) betower, dat sy hulle as vroom mense beskou het. Sy het andersins geen begrip van hulle geheime gehad nie en nie gedink dat sy deur hulle agterbaksheid ondergrawe is nie.[122] Toe Calvyn dit agterkom, het hy haar met verbasende selfbeheersing geantwoord en, gedagtig aan die waardigheid en weldade van hierdie koningin teenoor die kerk van Christus, het hy haar uitermatige onverstandigheid om sulke mense te aanvaar tog onbeskroomd en heldhaftig soos dit 'n moedige dienskneg van God betaam, berispe en met die gesag van sy amp sy standpunt gehandhaaf. Ten slotte het hy daardeur veroorsaak dat die aanhangers van die afstootlike sekte van die Libertyne wat alreeds begin het om oor Frankryk te versprei, hulle tot die gebied van Holland en omstreke beperk het.[123]

1545 Nadat hy soveel probleme in die jaar opgelos het, het veel ernstiger botsings in die daaropvolgende jaar hom opnuut oorval. Asof die pes wat

ondanks baie probleme die Konsilie van Trente byeengeroep, die ban oor Hendrik VIII uitgespreek en Michelangelo opdrag gegee het om die koepel van die St. Peterskerk te voltooi (CE 5:412).

119a Die verwysing is na die vierde Ryksdag van Spiers wat op 20 Febr. 1544 deur die Keiser self geopen is (RPTK 18:602-603).

120 *De necessitate reformandae ecclesiae/Supplex exhortatio ad Caesarem Carolum Quintum* (OC 6:453-534).

121 *Brieve instruction pour armer tous bons fideles contre les erreurs de la secte commune des Anabaptistes* (OC 7:45 – 142); *Contre la secte phantastique et furieuse des Libertins qui se nomment spirituelz* (OC 7:145 – 248).

122 Quintin Thieffry en Antoine Pocque (Balke, 10,19).

123 RPTK 11:457 e.v.

uit God se hand gestuur is om die stad en al die omstreke uit te mergel, nie genoeg was nie, het daar so 'n inhaligheid onder sommige arm mense geheers dat hulle 'n verskriklike sameswering gesmee het. Hulle het naamlik al die huise se deurposte en drumpels en alles wat in hulle weg gekom het, met hulle pesdraende kloue besmet aangesien die rykes hulle vir die versorging van hulle siekes en die reiniging van hulle huise gebruik het. Die gevolg was dat daar weldra 'n verwoestende pes ontstaan het, en hulle het onderling plegtig 'n eed gesweer dat hulle hulle aan die Satan sal verpand as hulle deur foltering gedryf sou word om medepligtiges in hulle misdaad te verraai. Tog is 'n paar van hulle in die stad en ook 'n paar in die omstreke betrap en gepas gestraf. Maar dit is ongelooflik hoeveel haat die Satan met hierdie skelmstreek teen Genève en in besonder teen Calvyn aangeblaas het, net asof hy ten volle in beheer is juis waar hy met alle mag beveg word.
Die jaar was ook bekend weens die uiters onmenslike moord wat die parlement van Guyenne[124] teen die Waldensiese broers, Mérindol en Cabrières, en teen daardie hele omgewing[125] – nie net teen een of twee nie maar teen die hele volk sonder onderskeid van ouderdom en geslag – gepleeg en selfs hulle dorpe afgebrand het. Hierdie rampe het Calvyn soveel harder getref omdat hy nou ook enkeles van die wat hulle toevlug tot Genève geneem het, moes vertroos en verkwik.[126] Verder het hy gesorg, eers met briewe en later met herders wat daarheen gestuur is, dat hulle suiwer in die evangelie onderrig word. Deur sy tussenkoms by die Duitse vorste en die Switserse stede het hy hulle van dreigende gevaar gered.
In hierdie stadium het die ongelukkige botsing oor die nagmaal van die Here op aanhitsing van Osiander weer opgevlam. Hy was 'n hovaardige mens met 'n wanskape gees wat die smeulende vlam weer aangeblaas het.[127] Calvyn het sy bes gedoen om die brand te smoor. In verband

[124] *Aquense Parlamentum.*
[125] Die Waldensiese broers is in die bloedbad van Avignon (1545) tydens die Kontrareformasie om die lewe gebring (CE 6:566).
[126] Hier is sprake van die kerkvervolging van 1541-1545 (RGG 1:1588 e.v., 1591; Enc. Brit. 4:672).
[127] Andreas Osiander (Hosemann, * 19 Des. 1498 te Gunzenhausen, † 17 Okt. 1552 te Königsberg). Hy het in Neurenberg, waar hy Hebreeus aan die Augustynse klooster gedoseer het, saam met L. Spengler die Reformasie ingevoer. Hy neem deel aan die godsdiensgesprekke van Marburg (1529), Hagenau (1540) en Worms (1541), waar hy Calvyn ontmoet. Hy het o.a. 'n voorwoord geskryf vir Copernicus se *De revolutionibus ordium* (1543). Omdat hy nie met die *Interim* kon saamstem nie, moes hy Neurenberg verlaat en word prediker aan die hof van hertog Albrecht van Pruise te Königsberg, waar hy in allerlei twiste oor die regverdigmaking betrokke was, omdat hy Christus se genade gering geskat het. Hy soek regverdigmaking in 'n inwonende regverdigheid van Christus en nie in die vryspraak van die sondaar uit genade nie. Verder het hy die Godheid van Christus sodanig beklemtoon dat sy menslike natuur slegs instrumentele betekenis het (vgl. *Inst.* 2.13; CE 5:337; RPTK 14:501-509).

daarmee het ons een of twee briewe van hom aan Philippus Melanchthon laat publiseer.[128] Maar hy het geen ag geslaan op albei se gesonde raad nie, en albei het hom 'n Perikles begin noem.[129]
Intussen het die pes in die stad gewoed en baie vroom mense weggeneem, en intussen het Calvyn na die beste van sy kragte van die kansel af met 'n donderende stem oor die sondes van sommige burgers gepreek en in besonder teen die straatvroue, wat selfs tóé nie van hulle praktyk kon afsien nie. Hierin het die vromes hom gesteun, maar 'n handjievol opruiers het die vroom mense se ondernemings verydel totdat hulle hulle halsoorkop oorgegee het, soos ons op die regte plek sal vertel. By hierdie kwaad het daar verder nog bygekom dat daar weinig gebrek aan stormagtige geskille oor die staatsreg was. Ook kon gelowige herders van elders nie verdra dat die eiendom van die kerk wat van die pous weggeneem is, op verskeie plekke geadministreer word soos dit hoort nie. Daar was baie krete en baie klagtes en baie skriftelike en mondelinge inspanning, maar dit was meestal vrugteloos. Calvyn het openlik verklaar dat hy soveel heiligskennis glad nie steun nie en dat hy weet dat dit deur God se hand ten strengste gestraf sal word. Hy het verder verklaar dat hy tog die regverdige oordeel van God daarin herken dat die Here nie sou toelaat dat eiendom wat tevore ten kwade deur die Roomse priesters bekom is, nou na die skatkiste van die kerk oorgedra word nie.
Daarbenewens het bekommernisse tuis sowel as in die buiteland Calvyn in dieselfde jaar beproef. In dié stadium het 'n ou skelm, hoewel hy nog 'n jong man was, na Genève, sy geboortestad, teruggekeer, nadat hy hom 'n tyd lank in Frankryk as 'n kluisenaar voorgedoen het. Aanvanklik het hy die indruk van godvrugtigheid geskep. Calvyn het hom nogtans vermaan toe hy hom weldra herken het. As daar ooit 'n man was wat 'n skerpsinnige en vindingryke oordeel aan die dag gelê het om 'n ander se skelmstreke bloot te lê, was dit Calvyn. Toe hy dus later in die gemeentevergadering begin het om uitermatig ambisieus op homself te roem, het Calvyn begin om hom openliker tereg te wys. Dit kon die man nie verdra nie. Hy het maklik mense gevind teen wie se oortredinge Calvyn gewoonlik uitgevaar het. Hulle het hom begunstig en gehelp sodat toe die verkiesing van 'n herder in die plek van een wat gesterwe het, behandel is, hy saam met sy trawante openlik stemme vir die heilige amp gewerf het. Wat wil jy nou meer! Die Senaat het tussenbeide getree en gelas dat daarvan rekenskap gegee moet word. Calvyn en sy kollegas het hom teengestaan en aangedui in hoeverre sy stemwerwery met die Woord van God in stryd was. Met die welwillendheid van die Senaat het

[128] Dit is opgeneem in die Santandreanusuitgawe van 1575 (vgl. *Ep.* 606 – OC 12:9).
[129] Oor Perikles kyk REW 19,1:748 – 790.

Calvyn se standpunt die oorhand gekry sodat hy in die geskrewe wette van die kerk berus het.[130]
In hierdie stadium was daar ook in Frankryk sommige mense wat uit vrees vir die vervolgings afvallig geraak het. Hulle was naderhand so selftevrede dat hulle verklaar het dat mense wat hulle oë op die ware godsdiens hou maar met hulle liggame in die pous se kerke aanwesig was, geen sonde begaan nie. Calvyn, wie se uitermatige strengheid hulle ook as verskoning gebruik het, het hierdie verderflike dwaling, wat eenmaal ook deur die kerkvaders verdoem is, in 'n treffende geskrif weerlê.[131] Daarna het hy ook die opvatting van hoogs geleerde teoloë soos Philippus Melanchthon, Bucer, Petrus Martyr,[132] en van die kerk van Zürich daarby gevoeg en hulle so aan bande gelê dat die naam Nicodemiete[133] al hierdie vromes sedert die tyd aangekleef het, want so is dié mense genoem wat hulle dwaling na die voorbeeld van 'n hoogs heilige man verdoesel het.

1546 'n Jaar wat nog onaangenamer was, het hierop gevolg. Behalwe dat hulle die burgers moes bemoedig teen talryke boodskappe oor die keiser se aanslae op die godsdiens en die pous se lis (hulle het onder andere vertel dat brandstigters deur die pous na Genève gestuur is), was die toestand van die stad veral in dié opsig beklaenswaardig, naamlik dat die moedswilligheid van die goddelose mense nie met soveel tugtiging beteuel kon word nie maar dat dit inteendeel al hoe meer aangegroei het totdat dit tot uitbarsting gekom het. Want hulle het 'n uiters

[130] Die verwysing is na Zeraphin Trolliet. Kyk *Annales,* 20 Mrt. (OC 21:349), 8 Junie (OC 21:354), 18 Aug. (OC 21:360), 31 Aug. (OC 21:361) en 1 Okt. 1545 (OC 21:362).

[131] *Petit traicté monstrant que c'est que doit faire un homme fidele quand il est entre les papistes* (OC 6:537-588). Vgl. ook Cyprianus, *De lapsis* (MPL 4:463-494).

[132] Petrus Martyr (Pietro Martire Vermigli, *8 Sept. 1500 te Florence, †12 Nov. 1562 te Zürich). In 1516 is hy in 'n Augustynse klooster opgeneem. Hy was goed onderlê in die Klassieke, Filosofie en Teologie. Hy word prediker, ab te Spoleto en sedert 1533 hoof van die klooster in Napels. Daar word hy beïnvloed deur die kring van Juan de Valdés, die Spaanse Hervormer, waartoe ook Ochino behoort het. Hy raak bekend met Bucer se kommentare. Alhoewel hy van kettery verdink is, kon hy hom handhaaf omdat manne soos Gonzaga, Contarini e.a. blykbaar aan sy kant was. Hy word opsiener oor sy orde te Lucca. In 1542 wyk hy uit na Zürich en daarna na Basel. Bucer ontvang hom in 1542 te Straatsburg en hy vul Capito se pos. Bucer verryk sy reformatoriese insig, veral t.o.v. predestinasie en nagmaal. In 1547 verlaat hy Straatsburg en word hoogleraar in Oxford, waar hy die Reformasie in Engeland bevorder. Na Maria Tudor se troonsbestyging keer hy na Straatsburg terug. In 1556 word hy hoogleraar in Zürich. Hy neem op uitdruklike versoek van Catharina de Medici deel aan die godsdiensgesprek te Poissy (1561). Sy belangrikste werk, *Loci communes,* word in 1575 in Londen gepubliseer (CE 6:478; RPTK 20:550 - 552; Fazy, H. *Procès de Valetin Gentilis,* 16).

[133] Kyk ook i.v.m. die Nicodemiete: *Excuse de Iehan Calvin a messieurs les Nicodemites* (OC 6:589 - 614; CE 5:202. Vgl. ook Joh. 3:1; 7:50; 19:39).

ligsinnige leier gevind in Ami Perrin,[134] 'n brutale en uiters eersugtige man, vir wie Calvyn daarom in sy briewe met die naam 'Lagwekkende Keiser' beskrywe. Hy het dit lank tevore reeds reggekry om met die stemme van die volk as opperkaptein aangewys te word.[135]
Hy het gedink dat hy en sy trawante hulle nie kon handhaaf solank die kerkwette nog van krag bly en so lank as wat Calvyn in besonder teen hulle losbandigheid te velde getrek het nie. In hierdie jaar het hy openlik blyke begin gee van sy en sy aanhangers se planne. Toe die Senaat dit agterkom, het hulle dit uit hoofde van hulle gesag onderdruk. Hy het inderdaad tot stilswye gekom, maar weldra het sy goddeloosheid nog openliker na vore getree. Want 'n rukkie later het iemand uit die Senaat in 'n volle vergadering van die volk Calvyn berispe omdat hy valse leerstellings sou onderrig. Die mening het bestaan dat hy deur twee herders aangehits is. Hulle was albei halfbesope en hulle het die strengheid van die kerkwette net soos die res gevrees. Calvyn het hom nie deur hierdie gekef laat terughou nie. Sy aanklaer is egter voor die gereg gedaag. Toe sy saak verhoor is, is hy volgens Senaatsbesluit aan laster skuldig bevind. Die twee valse herders is saam van hulle gesag onthef en die stad verbied. Maar dit het weinig geskeel of die goddeloosheid van bose mense het die oorhand gekry.

1547 Die brand wat in hierdie jaar gestuit is, het in die daaropvolende jaar weer uitgebars, en daar het in die hele eeu geen rampspoediger tyd voorgekom nie. Die kerke in Duitsland het die punt bereik waarop hulle hulle tesame met hulle vorste en stede vrywillig oorgegee het of met geweld ingeneem is, sodat dit gelyk het asof alles wat oor soveel jare met soveel inspanning opgebou is, in 'n oogwenk uitgewis word. Die meeste mense het die wat in daardie oproer deur 'n ontydige dood weggeruk is, gelukkig geag.[136]

[134] Ami Perrin (* *ca.* 1500, †1561) was by verskeie geleenthede een van die direkteure van Genève se Raad van Honderd, stadstesourier en hoof van die siviele wag. Hy was voor 1539 kampvegter vir die verbanne predikante. Hy was een van die afgevaardigdes wat Calvyn by sy aankoms in Genève ontmoet het. As gevolg van introuery in die Favrefamilie en sy verwantskap met ander families wat teen Calvyn gekant was, het hy ook later Calvyn die rug toegekeer. Hy word leier van anti-Calvinistiese Libertyne. Tussen 1544 en 1555 is hy een van die magtigste figure in Genève. In Mei 1555 is 'n gewapende opstand van die Libertyne deur Genève se regering weerstaan en hy is ter dood veroordeel. Hy slaag egter daarin om na Bern te vlug, waar hy en 'n paar ander vlugtelinge met 'n vergeefse opposisie volhou (Parker (75),99 e.v., 109 e.v.; Enc. Brit. - (Micropaedia, 7:886). Kyk ook Fazy, *Procès de Jacques Gruet,* 20 e.v.

[135] *Generalis Capitaneus.*

[136] Cochlaeus gee in sy ***De Interim brevis responsio loan. Cocblaei ad prolixum convitiorum & calumniarum librum loannis Calvini,*** A. iiii a,b (die verwysing is per *quaternio*, omdat dit nie gepagineer is nie), 'n oorsig hiervan. Hy noem dit 'n *catalogus seditionum* en vermeld daaronder sameswerings van die adel teen die vorste van die tyd, die boere-oorloë, burgeroorloë en die Smalkaldiese opstand (vgl. *Ep.* 927, 928, 929

Soos hy in vredestyd selfs met verafgeleë kerke gemoeid was, het hy al die kerke gedra net asof hulle op sy skouers geplaas was. Met hoeveel smart, dink ons dan, is sy vroom hart nie deur soveel openbare rampe van die kerk gepynig nie? Wat daarvan dat hy moes toesien dat sy grootste vriende – ek bedoel Philippus Melanchthon, Bucer en Petrus Martyr – in so 'n lewensgevaar verkeer het dat dit gelyk het asof hulle nader aan die dood as aan die lewe was? Met hoeveel smarte, dink ons, is hy nie daardeur gepynig nie? Sy geskrifte getuig nogtans dat Calvyn die stormagtige tyd met grootmoedigheid oorwin het, en ook die werklike verloop van sake het dit bevestig. Toe hy daar plaaslik met baie groter bitterheid deur goddelose mense geteister is, het hy selfs nie eens 'n haarbreedte voor hulle geswig nie.

Om tot die konflik op die tuisveld terug te keer: aangesien Calvyn hom volkome daarop toegelê het om aan te toon dat die evangelie wat hy verkondig, nie in een of ander vorm van spekulasie geleë is nie maar juis in 'n Christelike lewe, het hy noodwendig sy vyande wat teen elke vorm van godsvrug en eerlikheid, ja, teen hulle vaderland self die stryd aangesê het, beproef.

Hulle leier was, soos ons tevore gesê het, Perrin.[137] Sy eie ingesteldheid en dié van sy trawante was om hulle aanhangers aan te hits om die uiterste kwaad aan te durf, en hulle het die goddelose mense aangespoor om Calvyn openlik aan te val. Verder het hulle hulle daarvoor beywer om die ondersoek deur die kerkraad oor die hele aangeleentheid na die Senaat te verwys. Aan die ander kant het die kerkraad aangevoer dat die wette in verband met die kerklike tug in ooreenstemming met die Woord van God verorden is en dat hulle daarom die Senaat se hulp vra om toe te sien dat die kerk geen skade sou ly nie. Die Senaat se oordeel was dat die kerk se wette geldig is, en dit is ook so bekragtig. Perrin se vermetelheid het hom dus in die grootste gevaar gestel. Die gevolg van die hele saak was dat hy uit die Senaat gegooi en van sy kapteinskap onthef is en as 'n gewone burger moes lewe. Hoewel dit alles voor 'n amptenaar behandel is, kan tog nie gesê word hoe 'n groot beproewing dit vir Calvyn was nie. Die diakens is selfs tot binne in die raadsaal ingedwing, en dit het so erg gegaan dat hulle byna hulle swaarde getrek het. Dit het weinig geskeel of hulle het die raadsaal met hulle slagting oral met bloed bevlek. Toe Calvyn saam met sy kollegas op die oproer afkom, het hy hulle tot bedaring gebring deur sy eie kop vir hulle aan te bied aangesien hierdie faksie van misdadigers juis die stryd teen hom gevoer het. Hy het nietemin voortgegaan om heftig teen

– OC 12:555-558).

137 Die konflik word uiteengesit in die *Annales* van 25 Aug. 1546 (OC 21:386); 29 Maart (OC 21:401); 26 Mei (OC 21:406); 24 Junie (OC 21:407) asook van 14 en 15 Julie 1547 (OC 21:409).

hulle oortredinge te protesteer en hulle, soos hulle verdien het, baie ernstig tereg te wys. Ook was die vloek van die oordele van God oor hulle nie tevergeefs nie. Want in hierdie tyd het iemand 'n berugte boekie geskrywe en toe hy dit aan die kansel vasgeheg het, is hy op heter daad betrap.[138] Onder die menigvuldige goddelose bewerings wat daarin teen die heilige amp gemaak is, was daar onder andere ook geskrywe dat Calvyn in die Rhônerivier gegooi moet word. Sy saak is verhoor, en nadat hy bo verwagting aan eindelose ander lasteringe skuldig bevind is, is hy met die dood gestraf. Na sy dood is daar selfs 'n boekie in sy eie handskrif gevind wat hy teen Moses en selfs teen Christus geskrywe het. Hierdie goddelose oortreding het geen twyfel meer daaroor gelaat dat hy ook enkele ander mense daarmee besmet het nie.
Te midde van die worsteling het Calvyn in hierdie jaar sy *Teengif teen die sewe sittings van die Konsilie van Trente* geskrywe.[139] Verder het hy die kerk van Rouen[140] teen die listige streke van 'n Franciskaanse monnik versterk.[141] Laasgenoemde het sy gif met die venyn van 'n Carpocrates[142] – weer deur die Libertyne opgediep – daar uitgestrooi.

1548 In die daaropvolgende jaar het die kwaad van dieselfde faksie weer tot uitbarsting gekom. Daarin het die Satan, ongelooflik soos dit is, soveel moontlik misbruik gemaak juis van die mense wat hulle daarvoor beywer het om die kwaad te genees, naamlik van Farel en Viret. Hulle het teen die begin van die jaar na Genève gekom en 'n baie ernstige betoog in die Senaat gelewer om die geskille by te lê. Terwyl Calvyn slegs 'n verbetering van die sedes gevra het, het Perrin saam met sy trawante oor alles geveins om sy vroeëre posisie te herwin.[143] Toe het dit weliswaar gelyk asof al die geskille bygelê is, maar die verloop van sake het weldra bewys dat hierdie vroom manne eerder om die bos gelei is. Want toe Perrin in ere herstel is, het die goddeloosheid van die bose mense sulke hoogtes aangeneem dat sommige van hulle hulle bokleed in die vorm van 'n kruis gesny het as openlike kenteken. Sommige van hulle het Calvyn se naam aan hulle honde gegee; ander weer het Calvyn

[138] Die persoon was Jacques Gruet, wat op 26 Julie 1547 tereggestel is (*Ep.* 930 – OC 12:559). Vgl. ook *Annales*, 30 Junie 1547 (OC 21:408); *Annales*, 25 en 26 Julie 1547 (OC 21:409); *Ep.* 921 (OC 12:545); *Ep.* 932 (OC 12:563), Parker (75), 107 – 109 en Fazy, *Procès de Jacques Gruet* (1547) in *Procédures et documents du XVIe siècle*.

[139] *Acta Synodi Tridentinae cum Antidoto* (OC 7:365-506). Cochlaeus antwoord hierop in *Ioannis Calvini in acta synodo tridentina censura*, 1548. 'n Verwysing na Calvyn se geskrif kom in die *Annales* voor by 20 Aug. 1547 (OC 21:410) en in *Ep.* 939 (OC 12:579).

[140] Rouen is 116 km. van Parys af en 'n tekstielsentrum (QF, 1367).

[141] Die verwysing is na Cordelier. Kyk *Annales*, 20 Aug. 1547 (OC 21:410). Oor die Franciskaners kyk CE 3:66 – 67.

[142] Carpocrates was 'n gnostikus uit die 2de eeu (CE 2:105; RPTK 10:97-99).

[143] *Annales*, 4 Jan. 1548 (OC 21:419).

'n Kain genoem en verklaar dat hulle uit haat vir Calvyn hulle van die nagmaal sou weerhou.
Hy en sy kollegas het al hierdie aantygings moedig die hoof gebied, en toe hulle voor die Senaat gedaag is, het die onskuld van hierdie vroom manne maklik geseëvier. Op 18 Desember is hulle vrygespreek, en dit is met 'n plegtige eed bekragtig.[144] Maar die verloop van gebeure het bewys dat hierdie faksie dit alles met huigelary gedoen het. Perrin het immers geen ander strewe gehad nie as om die Direktoraat[145] oor te neem en vir homself en sy trawante die deur al hoe groter oop te maak om alles te verwoes. Maar te midde van die worsteling het Calvyn nie geswig nie maar selfs asof hy vakansie gehad het, ses briewe van Paulus met geleerde kommentaar toegelig[146] en die sogenaamde *Interim*, wat gepubliseer is om die kerke in Duitsland te onderdruk, met 'n gewigtige geskrif weerlê[147] en die ware wyse waarop die kerk weer opgebou moet word, aangedui.[148] Omdat dit gelyk het asof baie mense te veel waarde daaraan heg, het hy ook die valsheid en ydelheid van die sterrekunde wat die mense sterrewiggelary noem, in 'n sierlike boekie openbaar gemaak.[149] Brenz, wat destyds in Basel in ballingskap was, het toe aan hom geskryf. Calvyn het hom vriendelik vertroos en saam daarmee daarop aangedring dat hy moes volhard.[150] Ook vir Bucer, wat destyds in ballingskap in Engeland was, het hy toe voortreflik vermaan om duideliker oor die nagmaal van die Here te skryf en te praat, en hy het hom ook vriendelik vertroos. Terselfdertyd het hy die hertog van Somerset en verdediger van Engeland, wat later op onwaardige wyse doodgemaak is,[151] in sorgvuldige briewe teen dié dinge gewaarsku wat die kerk in

144 *Annales*, 18 Des. 1548 (OC 21:442).

145 *Annales*, 10 Febr. 1549 (OC 21:445). Hiervolgens is Perrin aan die begin van 1549 weer as direkteur *(syndic)* gekies.

146 *Commentarius in epistolam secundam ad Corinthios* (OC 50:1-156); *Commentarii in quatuor Pauli epistolas, ad Galatas, Ephesios, Phil., Col.* (OC 50:157-268; OC 51:137-240; OC 52:1-66; OC 52:77-132); *Commentarii in utramque Pauli epistolam ad Timotheum* (OC 52:241 - 396).

147 Die *Interim* word genoem in die *Annales* van 15 Mei 1548: *Promulgatio constitutionis Interim Augustani* (OC 21:426). Calvyn antwoord daarop met sy *Interim adultero-germanium*, 1549 (OC 7:545 - 674) en later met *Appendix libelli adversus Interim*, 1550 (OC 7:675-686).

148 *Supplex exhortatio ad Caesarem de vera reformandae ecclesiae ratione* – 'n Gesuiwerde uitgawe van dié van 1543 wat met vervalsings die wêreld ingestuur is (OC 6:453-534).

149 *Advertissement contre l'astrologie qu'on appelle iudiciaire* (OC 7:509 - 542).

150 Johann Brenz (*24 Junie 1499 te Weilderstadt, †11 Sept. 1570 te Stuttgart). In 1514 studeer hy aan die Universiteit van Heidelberg, o.a. by Oecolampadius. Die optrede van Luther (1517) het 'n diep indruk op hom gemaak, en hy word deur die geskrifte van Luther en Melanchthon vir die Reformasie gewen, wat hy sedert 1525 in Hall invoer. In die nagmaalstryd en ook in sy houding teenoor die Keiser en Wederdopers het hy presies op die standpunt van Luther self gestaan. Hy het dikwels elders leiding gegee in die sake van die Reformasie en was 'n gesiene eksegeet (CE 2:21; RPTK 3:376-388).

151 Kyk Parker (75), 143.

Engeland miskien sou kon ontwyk het as hulle maar net toe daarop gelet het.
Te midde van hierdie worstelinge het die kerk in Genève wonderbaarlik gegroei. Hoewel dit vir die Satan en goddelose mense op verbasende wyse 'n doring in die vlees was, het dit Calvyn se ywer om die ballinge in die Naam van Christus te ontvang, opgeskerp.

1549 In die daaropvolgende jaar het die Here sy arbeid so geseën dat dit tog gelyk het asof die goddeloosheid van hierdie rasende mense tydelik gesmoor is maar nog nie volkome uitgedoof is nie. Tog het hy nie die dryfkrag gehad om dit teen te staan nie omdat hy tuis swaar getref is toe hy sy geliefde vrou verloor het.[152] Maar ook hierdie verlies het hy so standvastig verdra dat hy ook hierin 'n uitnemende voorbeeld van lydsaamheid vir die hele kerk gebied het.
In hierdie jaar het daar in die Saksiese kerke 'n verskil oor middelmatige sake[153] ontstaan. Toe hulle hom om raad vra, het Calvyn sy opvatting in verband daarmee met vrymoedigheid verduidelik. Omdat sommige mense Philippus Melanchthon daarvan beskuldig het dat hy oor hierdie dinge te sag is, het hulle hom op sy plig gewys. Hy het die teregwysing egter nie verdien nie, soos Calvyn trouens later baie duidelik gemaak het. Want destyds was dit nog onbekend met watter vuur hierdie verderflike gees en die hele leërskare van lapore[154] aangedryf is. Hulle het later soveel oproer veroorsaak en probeer nou nog die werk van die Here met so 'n hooghartigheid en raserny aan die wankel bring asof die Roomse pous hulle teen groot koste daarvoor gehuur het.
Aan die ander kant het die Here egter met 'n weldaad onder die Switsers vergoed vir die wond wat in die kerke van Duitsland geslaan is. Farel en Calvyn het naamlik saam na Zürich vertrek om hulle instemming met die algemene opvatting van al die Switserse kerke in verband met die konsubstansiasie vir almal te verduidelik, aangesien sommige mense die indruk gehad het dat Calvyn dit steun. Tussen vroom liefhebbers van die waarheid was dit nie moeilik om tot 'n vergelyk te kom nie. Met groot goedkeuring van al die kerke in Switserland en die Donougebied het hulle dus 'n ooreenkoms opgestel.[155] Dit het in besonder vir Bullinger[156]

[152] Sy is op 29 Maart 1549 oorlede. Kyk *Annales*, 29 Mrt. 1549 (OC 21:449). Vgl. ook *Ep.* 1170 (OC 13:226-228).
[153] *Adiafora*, oorspronklik 'n Stoisynse term (Parker (75), 49; *Inst.* 3.19.7; CE 1:75 - 76; RPTK 1:168 - 179).
[154] *Flasca* (vgl. du Cange, *Lexicon totius Latinitatis*, 515).
[155] *Consensio mutua in re sacramentaria*, 1551 (OC 7:689 - 748).
[156] Heinrich Bullinger (*18 Julie 1504 te Bremgarten, † 17 Sept. 1575 te Zürich) het op 15-jarige leeftyd aan die Univ. van Keulen gestudeer en deur kennismaking met Luther en Melanchthon se werke tot die Reformasie oorgegaan. In 1525 voer hy die Reformasie in Kappel deur. Na die slag van Kappel (1531) gaan hy na Zürich, waar hy Zwingli se opvolger word. Hy was 'n onvermoeide prediker, 'n voortreflike organiseerder van skole

aan Calvyn en die kerk van Zürich al hoe meer met nou bande aan die kerk van Genève gebind. Daarin volhard ons almal nou nog en ons koester die hoop dat ons met die guns van God vir altyd daarin sal volhard.

So het die jaar vir ons gelukkig verbygegaan as dit met ander vergelyk word. Die herinnering daaraan is vir my des te aangenamer omdat dit die begin was van my kerklike bediening toe ek deur die kerk in Lausanne beroep is en op aandrang van Calvyn daarheen gegaan het.[157]

In hierdie tyd het Calvyn twee geleerde briewe aan Laelius Socinus geskrywe.[158] Hy was toe reeds oud en het lank in Zürich gebly en uiteindelik ook daar gesterwe. Uit hierdie briewe blyk Calvyn se verstand as akademikus, en enigiemand sou dit maklik daarin herken, en eers na sy dood het die gebeure self dit ook aan die lig gebring. Socinus het naamlik van kerk tot kerk geswerwe en die geleerdste manne, waaronder in besonder Philippus Melanchthon, Calvyn en ook Joachim Camerarius,[159] deur wie hy tydens Melanchthon se lewe met onverdiende eerbewys oorlaai is, 'n rat voor die oë gedraai. Want later is gevind dat hy grotendeels die oorsaak van die gemors van Bellarminus[160]

en oprigter van 'n teologiese skool. In die nagmaalstryd beweeg hy al hoe meer na Calvyn se opvatting. Volgehoue onderhandeling en korrespondensie met Calvyn het gelei tot die *Consensus Tigurinus* (1549), waarin die nagmaalsleer in Calvinistiese terme uitgedruk is. Hierdeur het die Calvinisme in Switserland wortelgeskiet. Hy was vader van die tweede Helvetiese Konfessie van 1566 (CE 2:561; RPTK 3:536 – 549).

157 Beza word professor in Lausanne op 6 Nov. 1549. Vgl. *Ep.* 1308 (OC 13:453); *Annales*, 6 Nov. 1549 (OC 21:457).

158 Laelius Socinus (*1526, †1562) en sy jonger neef Faustus (*1539, †1604) was grondleggers van die Socinianisme, 'n krities humanistiese en pelagiaanse leer. Hier word alles aan die gesonde rede gemeet, en wat daarmee in stryd is, word verwerp. Hulle was unitariërs en het in die gees van Duns Scotus die absolute vryheid van God geleer. Gevolglik is die wil van God van sy ander deugde losgemaak. Hulle het die leer van die genoegdoening van Christus verwerp. Calvyn behandel hierdie aspek in *Inst.* 2.17. Vgl. CE 6:200; Benoit 2:303, n.l; RPTK 18:459 – 480; vir die briefwisseling van die hervormers met L. Socinus kyk OC 20:640-656.

159 Joachim Camerarius (Liebhard Kammerer of Kammermeister, *2 April 1500, †17 April 1574). Hy studeer te Wittenberg, waar hy met Melanchthon bevriend raak. Hy word professor in Grieks te Neurenberg, 'n stad wat hom in 1530 as afgevaardigde na die Ryksdag van Augsburg stuur, waar hy 'n aandeel in die opstel van die Augsburgse Konfessie gehad het. In 1535 word hy professor in Klassieke Tale in Tübingen en doseer vanaf 1541 te Leipzig. Hy was in 1555 afgevaardigde na Augsburg en ook op die Ryksdag van Regensburg (1556). In 1558 was hy die adviseur van Maximiliaan II by die herenigingspogings van Protestante en Rooms-Katolieke en was bekend as die beste filosoof van Duitsland van sy tyd (CE 2:91; RPTK 3:687-689).

160 Robertus Bellarminus (*4 Okt. 1542, †17 Sept. 1621 te Rome). Hierdie Italiaanse Jesuïet was 'n besonder begaafde teoloog. Hy word in 1570 priester en was die eerste Jesuïet wat in Leuven professor in Teologie word. Hy was 'n kenner van die Patristiek en van Thomas van Aquino asook skrywer van 'n Hebreeuse Grammatika. Hy was een van die weinige Rooms-Katolieke wat 'n grondige kennis van die Protestantisme gehad het. In 1576 gaan hy na Italië, waar pous Gregorius XIII hom opdrag gee om aan die pas gestigte Collegium Romanum van Jesuïete lesings te gee oor die geskilpunte met die

was en dat hy die waansin van Servet, Castellio en Ochino[161] aangemoedig het. Sy kommentaar oor die bekende eerste hoofstuk van Johannes is nog beskikbaar. Daarin het hy maklik die goddeloosheid van al die ketters wat ooit hierdie heilige onderwerp verdraai het, ver te bowe gegaan.

1550 Die daaropvolgende jaar was sover dit die kerk aangaan, rustig genoeg. In hierdie jaar is besluit dat bedienaars die kerkvolk nie slegs in preke nie, wat sommige verwaarloos en ander sonder groot vrug aangehoor het, maar ook by hulle huise en in hulle huisgesinne een vir een op 'n bepaalde tyd in die jaar tesame met die stadsverteenwoordiger en die ouderling moes onderrig en dat hulle in hooftrekke van elkeen verantwoording van sy geloof moes eis.[162] Daar kan beswaarlik geglo word hoeveel vrug dit gedra het.

Verder is besluit om Kersfees, as dit op Sondag val, op die volgende dag te vier[163] en dat daar met uitsondering van die sewende dag, wat ons die dag van die Here noem,[164] geen ander feesdae sal wees nie. Dit het baie mense aanstoot gegee, sodat dit selfs nie aan mense ontbreek het wat die versinsel geskep het dat Calvyn ook die Sondag afgeskaf het en dié dag self ook gehaat gemaak het nie. Die saak is dus sonder aanvraag of medewete van die vergadering van bedienaars voor die volk behandel. Die besluit is egter gehandhaaf. Tog het Calvyn nie gedink dat daaroor 'n geskil moes ontstaan nie. Maar die aanstoot wat sommige mense daaraan geneem het, het tog vir Calvyn die geleentheid gebied om sy boekie ***Oor die struikelblokke*** te skrywe.[165] Hy het dit aan sy ou en opregte vriend, Lourens van Normandië,[166] opgedra.

Protestante. Uit hierdie elf jaar lange opdrag van hom het sy hoofwerk gegroei: *Disputationes de controversiis Christianae fidei adversus huius temporis haereticos.* In 1592 word hy Rektor van die Collegium Romanum, in 1599 kardinaal en in 1602 aartsbiskop van Capua. Hy word tans nog as 'n belangrike Roomse dogmatikus beskou (CE 1:553; RPTK 2:549-555).

[161] Bernardino Ochino (*1487, † 1565) het in 1536 Juan de Valdés en Petrus Martyr in Napels ontmoet. Onder hulle invloed lees hy die werke van Luther en van Bucer. Tydens die Inkwisissie van Paulus III in 1542 vlug hy saam met Martyr na Genève. In 1545 word hy predikant van die Italiaanse vlugtelinge in Augsburg, maar in 1548 moes hy na Straatsburg vlug. Van 1551 tot 1553 werk hy in London, en by Maria Tudor se bewindsaanvaarding vlug hy na Zürich. Omdat hy veelwywery verdedig het en van Socinianisme verdink is, vlug hy op 76 jarige leeftyd na Pole en Morawië (CE 5:241; RPTK 14:256-260).

[162] Kyk bv. *Annales,* 3 April 1550 (OC 21:462).

[163] *In proximum diem referret.* Na aanleiding van Beza se verklaring wat hierop volg, kan die afleiding gemaak word dat hier Maandag bedoel word as Kersdag op Sondag sou val.

[164] *Annales,* 14 en 16 Nov. 1550 (OC 21:470 – 471).

[165] *De Scandalis* (OC 8:1-84).

[166] Lourens van Normandië was regsgeleerde van Noyon en in Calvyn se tyd 'n bekende uitgewer in Genève (vgl. *Annales,* 13 Sept. 1550 – OC 21:468). Hy het op 2 Mei 1549 na Genève gekom en in 1555 burgerskap verkry teen betaling van 20 floryne (écus). Die feit dat Calvyn hom as eksekuteur van sy boedel aangestel het, dui op hulle vriendskap

1551 Maar die tweedrag van die volgende jaar het ruim vir die rustigheid van hierdie twee jaar vergoed. Dit was 'n jaar vol rou vir die hele kerk en in besonder vir Calvyn omdat Bucer gesterwe het,[167] 'n man vir wie Calvyn baie lief was, en ook as gevolg van die afsterwe van Joachim von Watt, burgemeester van Sint Gallen, 'n man wat met buitengewone godsvrug en geleerdheid begaaf was.[168] Daarbenewens het die goddeloosheid van oproeriges des te hewiger opgevlam nadat dit baie lank verborge was. Hulle het openlik verklaar dat hulle nie bereid is om hulle burgerskap met die ballinge wat aanhoudend daar aangekom het, te deel nie.[169] Daarmee nog nie tevrede nie het hulle Calvyn, wat van 'n preek wat hy oorkant die Rhône gelewer het, teruggekeer het, bespot en geslaan en sy kollega, Raymond,[170] wat by geleentheid in die nag 'n brug oor die Rhône oorgesteek het, in die rivier laat val nadat hulle die valbrug stilletjies verwyder het. Uiteindelik het hulle ook in die kerk van Gervais groot oproer veroorsaak onder die dekmantel dat die dienaar geweier het om aan 'n kind wat ten doop gebring is, die naam Bélsasar[171] te gee omdat 'n geskrewe wet dit om 'n bepaalde rede uitdruklik verbied het. Maar selfs teen al die kwaad het Calvyn niks anders as 'n bestendige en onoorwinlike lydsaamheid aan die dag gelê nie.

Maar 'n verdere en ongewone kwaad het in dié tyd die kerk van Genève binnegedring. 'n Sekere Hieronymus Bolsec, 'n monnik uit die Karmelieteorde, het dit veroorsaak.[172] Hy het enkele jare tevore die monnikkap weggegooi en met behoud van sy monnikamp weggevlug. Daarop het hy die hertogin van Ferrara bedrieg en hy is deur haar weggejaag. Daarna het hy in Genève aangekom en medikus geword. Onder geleerde medici het hy egter geen aansien gehad nie, en om te bewys dat hy 'n

en op sy vertroue in Lourens se regskennis. In 'n brief aan Lourens op Calvyn se verjaardag in 1550 dra hy sy traktaat aan hom op: *Dedicatio tractatus de scandalis (Ep.* 1385 (OC 13:559); Parker (75), 102; Fazy, *Procès de Valentin Gentilis,* 21).

[167] *Annales,* 28 Febr. 1551 (OC 21:474); *Ep.* 1462 (OC 14:72).

[168] *Annales,* 6 April 1551 (OC 21:479); *Ep.* 1461 (OC 14:70). Joachim Vadianus (*29 Nov. 1484 te St. Gallen, † 6 April 1551 te St. Gallen) het saam met Zwingli in Wene gestudeer en is o.a. in 1514 as digter bekroon. Hy vestig hom in sy geboortestad, waar hy in 1526 burgemeester word en neem 'n leidende aandeel in die Reformasie. By die godsdiensgesprek te Zürich in Okt. 1523 tree hy as een van die presidente op (CR 6:445; RPTK 21:25-29).

[169] *Annales,* 19 Jan. en 6 Febr. 1551 (OC 21:472, 473).

[170] *Annales,* 12 April 1552 (OC 21:506).

[171] Daniël 5:9.

[172] Hieronymus Bolsec (†1584 te Annecy). Hy is in Parys gebore, was oorspronklik van die Karmelieteorde en het hom in 1550 as medikus in Genève gevestig. Omdat hy Calvyn se predestinasieleer bestry het, is hy uit Genève verban en sy dwaling in latere Sinodes veroordeel. As gevolg hiervan is hy as predikant geskors en keer hy na die RK Kerk terug. Hierop skryf hy in 1577 'n biografie oor Calvyn en in 1585 een oor Beza, wat bronne vir latere laster teen dié twee mense geword het (CE 1:692; *Annales,* 16 Okt. 1551 – OC 21:489; Doumergue (Jeug); 138; 408-412; Fazy, *Procès de Jérome Bolsec*; RPTK 3:281-282.

teoloog is, het hy onder sekere mense en daarna ook in 'n gemeentevergadering 'n valse en sinlose gebabbel in verband met die predestinasie uitgestrooi.

Calvyn was aanvanklik tevrede om hom met 'n matige berisping tereg te wys. Later het hy hom na hom toe ontbied en gepoog om hom beter daaroor in te lig. Hy was waarskynlik as gevolg van sy ambisie as monnik liggeraak, of hy is deur oproermakers, wat hom lank tevore reeds versoek het om Calvyn uit te tart, aangehits. Gevolglik het hy dit openlik gewaag om op 'n gemeentevergadering op 16 Oktober waar dié gedeelte uit Johannes: "Iemand wat uit God is, luister na die Woord van God, maar omdat julle nie na sy Woord luister nie, is julle nie uit God nie",[173] uitgelê is, met louter opruiende hooghartigheid die vrye oordeel[174] en voorafsiening van werke[175] aan te roer. Dit het hy gedoen met die doel om 'n vorige besluit in verband met die ewige uitverkiesing totaal omver te gooi.

Hy het dit na sy mening met groter durf kon doen, omdat hy gemeen het dat Calvyn, wat juis toevallig nie op sy gewone plek gesit het nie, afwesig was. Calvyn was inderdaad ook in die begin afwesig maar het later bygekom en hom agter ander mense versteek toe hy al met sy toespraak begin het. Toe die monnik sy toespraak beëindig, het Calvyn skielik te voorskyn gekom en onvoorbereid tóé juis getoon van watter stoffasie hy was. Hy het hom met soveel getuienis uit die Woord van God en daarbenewens met soveel aanhalings uit Augustinus en met sulke gewigtige redenasies weerlê, platgeslaan en verbluf dat almal behalwe die monnik self hulle vir sy toiingrige opvatting geskaam het.

Daar was in die vergadering 'n geregsdienaar aanwesig wat die reg van inhegtenisname in die stad gehad het. Nadat die vergadering dus uiteengegaan het, het hy hom as 'n oproermaker in hegtenis geneem. Wat wil jy nou meer! Sy saak is bespreek en behandel, en die gevoel van die Switserse kerke is ook in verband daarmee gepols. Op 23 Desember is hy in die openbaar as oproermaker en Pelagiaan[176] skuldig bevind en uit die stad verban met die dreigement dat hy met knuppels doodge-

[173] (Joh 8:47).

[174] *Liberum arbitrium.*

[175] *Praevisio operum* (ook vertaal as 'vooruitsien van werke').

[176] Pelagius lewe aan die einde van die 4de en die begin van die 5de eeu en was uit Engeland of Ierland afkomstig. Aan die begin van die 5de eeu het hy hom in Rome gevestig. Sy leer kom kortliks daarop neer dat die mens deur God sterflik geskep is en dat die ewige dood (en nie die wêreldse dood nie) die straf vir die sonde is. Die val van Adam het niks aan die mens verander nie. Erfsonde bestaan nie, wat beteken dat die mens sonder sonde gebore word. Die mens het 'n vrye wil om tussen goed en kwaad te kies, wat deur die genade van God bygestaan mag word maar nie vir die vekryging van die ewige lewe noodsaaklik is nie. Christus is vir die mens bloot 'n navolgingswaardige voorbeeld. In Rome wen hy die ondersteuning van baie aanhangers van Coelestius, wat in 411 tydens die Sinode van Karthago veroordeel word. Pelagius word aanvanklik by

slaan sou word as hy weer in die stad of in die omgewing gevang word.[177] Daarna het hy na 'n naburige stad gegaan en baie groot oproer daar veroorsaak totdat hy ook twee maal uit die magsgebied van Bern verban is. Daarop het hy onder die gemeentes in Frankryk die dienaarsamp gesoek omdat hy gemeen het dat hulle nog vreedsaam sou wees. Hy het eers in Parys en daarna in Baden-Baden aangekom. Daar het hy met allerhande wonderlike streke berou voorgegee en selfs versoening met die kerk van Genève gevra. Maar toe dit gelyk het asof hy dit werklik sou kon verkry en hy agtergekom het dat die kerke strydig met sy verwagtinge van alle kante af geteister word, het hy openlik afvallig geword, teruggekeer na die medisyne en sy vrou aan die kanunnike van Autun[178] verkwansel[179] en na die vyande van die evangelie oorgeloop. Van daar af verskeur hy die waarheid selfs nou nog met elke moontlike vorm van belastering.

Maar in Genève het die predikantebyeenkoms intussen in 'n openbare vergadering die ware uitverkiesingsleer bekend gestel. Dit is daarna deur Calvyn in 'n openbare geskrif saamgevat, en die Raad het dit goedgekeur.[180] Deur hierdie tweedrag het die Satan dus net één ding bereik, naamlik dat hierdie hoofstuk van die Christelike godsdiens,[181] wat tevore baie onduidelik was vir almal wat nie oproermakers is nie, duidelik en deursigtig geword het.

1552 In die jaar wat daarop gevolg het, het dit duidelik geword hoe hoog die vlam brand wat daardie onreine man aangesteek het, al is hy deur die algemene oordeel van soveel kerke skuldig bevind. Want enersyds het die probleme van 'n vraagstuk wat tevore nog nie deur die ou skrywers[182] genoegsaam opgeklaar is en nie altyd met dieselfde resultaat behandel is nie, weetgierige verstande in besonder aangevuur om dit te ondersoek. Andersyds het die oproermakers gedink dat 'n voortreflike geleentheid hulle gebied sou word om alles te vernietig as hulle Calvyn kon verdryf. Daar kan beswaarlik gesê word watter twiste daar nie alleen

die Sinode van Jerusalem (415) en Diospolis (415) vrygespreek. Augustinus trek van dié tyd af hewig te velde teen Pelagius, en hy word daarop by die Sinode van Milaan en Karthago (416) veroordeel, waarna Zosimus, die opvolger van pous Innocentius II, hom weer vrygespreek het. In 418 veroordeel die Sinode van Karthago op aandrang van keiser Honorius Pelagius opnuut vir kettery, waarna hy na die Ooste versit. Daar wen hy die ondersteuning van Nestorius van Konstantinopel. Beide Pelagius en Nestorius is by die Konsilie van Efese (431) as ketters veroordeel (CE 5:417-418; RPTK 15:747-774).

[177] *Annales*, 23 Des. 1551 (OC 21:497).

[178] Kanunnik (Lat. *canonicus*) is 'n geestelike wat nie as monnik leef nie maar o.a. verantwoordelik is vir sielsorg en die geldinsameling o.l.v. die biskop (EW 5:582; CE 4:159).

[179] *Prostituta*.

[180] *De aeterna Dei praedestinatione*, 1552 (OC 8:253-366).

[181] Vgl. vir 'n uiteensetting oor die uitverkiesing *Inst.* 3.21 – 24.

[182] Die verwysing is na die kerkvaders.

in die stad nie maar oor en weer gevolg het net asof die Satan self die trompet geblaas het.
Want hoewel die herders van die belangrikste kerke pragtig met mekaar saamgestem het, was daar tog ook herders in die magsgebied van Bern wat Calvyn die stryd aangesê het net asof hy God die oorsprong van die sonde gemaak het. Hulle het in elk geval nie daaraan gedink dat Calvyn lank tevore juis hierdie verderflike dogma uitdruklik teen die Libertyne weerlê het nie.[183] Ook in Basel het die goeie en eenvoudige Castellio tog openlik die Pelagianisme verdedig hoewel hy alles stilletjies gedoen het. Ja, selfs Philippus Melanchthon het begin om hieroor te skrywe, sodat dit vir sommiges gelyk het asof hy die herders van Genève gebrandmerk het asof hulle die Stoïsynse lotsbegrip invoer. Tog het hy alreeds tevore Calvyn se boek teen Pighius openlik onderskrywe.[184] Ek laat die pousgesindes wat dieselfde valse beskuldigings nou weer ophaal, agterweë.[185] Dit is alreeds duisend maal weerlê.
Soos dit hoort, was dit vir Calvyn 'n ernstige doring in die vlees. Dit was vir hom des te bitterder omdat die krag van die dwaling by tye so sterk was dat dit gelyk het asof sy mond selfs op staatsgesag oral vir die waarheid gesnoer was. Hierdie geskil het jare lank geduur, maar veral vanjaar het die goeie kluisenaar van wie ons hierbo melding gemaak het,[186] Calvyn getart om met hom daaroor 'n openbare gesprek te voer. Enkele jare tevore nog, toe hy rondgesoek het vir 'n bedienaarsamp en moes verdra dat hy verwerp word, het hy as regsgeleerde en beskermer van oproermakers ontpop. Albei kante het hulle saak met groot vuur voor die Senaat gestel. Castellio het met skaamteloosheid en die guns van goddelose mense geveg. Calvyn het sy leer slegs met die waarheid verdedig.[187]

Die waarheid het egter geseëvier en, wonderlik soos dit was, is Calvyn se geskrifte selfs deur sy teenstanders opnuut as vroom en regsinnig erken. Enkele jare later kon sy teenstander op sy sterfbed sy berou nie verswyg nie. Hy het Calvyn vurig as getuie van sy berou ontbied. Hy het selfs gesê dat hy nie vrede met sy gewete sou hê as hy nie sou weet dat hy op sy sterfbed met Calvyn versoen is nie. Hy het ook bely dat hy hom tevore so onwaardig aangeval het. Calvyn het hom nie in die steek gelaat nie maar hom vriendelik vertroos en tot by sy einde versterk.

1553 Maar die volgende jaar was as gevolg van die boosheid van oproermakers

[183] *Contre la secte phantastique et furieuse des Libertins,* 1545 (OC 7:145 - 248).
[184] *Defensio sanae et orthodoxae doctrinae de servitute et liberatione humani arbitrii adversus calumnias Pighii Campensis* (OC 6:225-404).
[185] Dit verwys waarskynlik na Bellarminus.
[186] Zeraphin Trolliet? Vgl. *Annales,* 20 Mrt. 1545 (OC 21:349, vgl. p.30, n.130).
[187] Wendel, 92.

teen die einde van die vorige jaar in so 'n groot warboel dat nie alleen die kerk nie maar ook die Republiek in die grootste gevaar verkeer het. Want hulle het so ver gevorder dat hulle die vryheid van die vroom manne met krete, dreigemente en uiteindelik met hulle getalle onderdruk het. Hulle het verder ou besluite in verband met die samestelling van die Senaat tot niet gemaak en sommige verteenwoordigers uit die Senaat uitgesmyt. Die vroom mense van die stad het hulle eie belange juis met hierdie ordening van die Senaat soveel beter ter harte geneem en is daarin ook deur die Here begunstig. Daarby het hulle die vreemde ballinge van wie hulle beweer het dat hulle vir hulle eie lewe vrees, al hulle wapens ontneem. Wanneer hulle die stad verlaat het, het hulle ook hulle swaarde afgeneem sodat dit gelyk het asof daar niks meer oorgebly het as dat hulle maklik in elke oproer wat hulle aangestook het, welslae sou behaal nie.
Maar die Satan het ook 'n verdere geleentheid vir oproer gegee. Want die ou vyand van die heilige Drie-eenheid, dit is van die volle ware Godheid, die bekende gedrog wat uit al die stinkende en gruwelike ketterye saamgestel is, naamlik Michel Servet, het weer te voorskyn gekom. Nadat hy enkele jare as medikus rond en bont geswerf het, het hy onder die skuilnaam Michael de Villeneuve sy laster oral uitgestrooi. In die Switserse Wene het hy uiteindelik 'n lywige boek gepubliseer.[188] 'n Sekere Arnollet, 'n drukker van Lyon, was die uitgewer. Die proefleser, soos hulle die mense in sulke bedrywe noem, was 'n sekere Gulielmus Guerot,[189] wat tevore 'n toegewyde oproermaker in Genève was. Hy het egter enkele maande tevore van Genève af na Lyon vertrek om die straf vir ontug en ander oortredings te ontwyk.
Toe Servet dus die lywige boek vol laster, soos ek gesê het, die lig laat sien het, is hy in Wene onder sy skuilnaam in die gevangenis gewerp. Met listige streke het hy weldra daaruit ontsnap en terwyl hy elders heen op pad was, toevallig in Genève aangekom. Deur die voorsienigheid van God is hy weldra herken, en Calvyn, wat hom lank tevore reeds goed geken het, het 'n amptenaar gewaarsku en hy is in die gevangenis gewerp. Uit die gepubliseerde boek kan volledig afgelei word hoe groot die botsings was en ook oor watter belangrike sake dit gehandel het.[190] Die gevolg was dat hierdie verderflike man ten spyte van sy selfvertroue in sy

188 Servet, *Christianismi restitutio* (1553).
189 Guillaume Guiron. Vgl. *Annales*, 21 Des. 1553 (OC 21:564).
190 Die verwysing is na Servet se *Christianismi restitutio*. Hoe hewig die botsing was en watter belangrike sake ter sprake kom, word ook uit die volgende bronne duidelik: *Defensio orthodoxae fidei de sacra Trinitate contra prodigiosos errores Michaelis Serveti*, 1554 (OC 8:453-644); *Michaelis Serveti epistolae triginta ad Calvinum* (OC 8:645-720); *Actes du procès de Michel Servet* (OC 8:721-872); *Inst* 1.13 en *2.14.5*.

ydele verwagting bedrieg is. Die mense het naamlik geglo dat een van die oproermakers, 'n geregsdienaar, iets in sy oor gefluister het om die slegte vent te bemoedig. Volgens besluit van al die Switserse kerke is hy aan goddeloosheid en eindelose laster skuldig bevind. Die ongelukkige man is op 27 Oktober, sonder enige teken van berou, lewendig verbrand.[191]

In dieselfde jaar is Farel egter deur die geweld van sy siekte geknak, en toe Calvyn na Neuchâtel gekom het om hom te besoek, het hy hom vir dood agtergelaat. 'n Rukkie later het hy bo alle verwagting herstel en weldra weer die kerk gedien. So het ons in hierdie jaar tussen hoop en vrees geswewe, hoewel blydskap tog 'n einde aan ons droefheid gemaak het.

Want terwyl die verrigtinge in die saak teen Servet aan die gang was, het een van die oproermakers, by name Bertellier,[192] 'n mens met 'n verbasende skaamteloosheid, in die Senaat gekom. As gevolg van sy menigvuldige oortredinge het die kerkraad hom die nagmaalstafel verbied, en hy het daarop geëis om op gesag van die Senaat van dié verbod vrygespreek te word. As dit sou gebeur, sou daar geen twyfel daaroor kon bestaan dat al die bande van kerklike tug weldra verbreek sou word en dat alles dadelik tot niet sou gaan nie.

Calvyn het dit gevolglik in die naam van die kerkraad opreg en moedig teengestaan en aangedui dat die owerheid 'n beskermer, en nie 'n vernietiger nie, van heilige wette moet wees. Hy het geen aspek van die sake wat so 'n belangrike stryd van hom vereis het, verwaarloos nie.

Maar tog het hulle valse geskree die oorhand gekry. Hulle het immers beweer dat die kerkraad vir homself owerheidsgesag toe-eien. Die gevolg was dat daar in 'n diakonale vergadering besluit is dat die finale oordeel oor ekskommunikasie binne die Senaat se bevoegdheid val, sodat hy sou kon vryspreek wie hy wou. Op grond van hierdie besluit het Bertellier 'n kwytskeldingsbrief met die Republiek se seël slinks van die Senaat bekom, wat weinig ag op die saak geslaan het. Toe het Perrin saam met sy trawante verwag dat 'n verdere gevolg daarvan sou wees dat hy Calvyn met oproer sou kon oorweldig indien hy nie die opdrag van

[191] Enkele jare gelede is 'n gedenksteen vir Calvyn se sg. 'enigste fout' by Servet se graf opgerig (1973). Die inskripsie lui soos volg: *Fils respecteux et reconnaissant de Calvin notre grand réformateur mais condamnant une erreur qui fut celle de son siècle et fermement attachés à la liberté de conscience selon les vrais principes de la Réformati on et de l'Evangile nous avons élevé ce monument expiatoire le* XXVII *Octobre* MCMIII. Aan die anderkant van die gedenksteen lees ons: *Le* XXVII *Octobre* MDLIII. *Mourut sur le Bûcher à Champel Michel Servet de Villeneuve D'Aragon. Né le* XXIX *Septembre* MDXI. Die *Annales*, 13 Aug. - 27 Okt. 1553 (OC 21:548-557) vat die proses teen Servet saam. Dit is goed dat daarop gelet word dat die Raad van Genève en die Switserse kerke Servet veroordeel het en nie Calvyn nie. Calvyn en ander predikante het trouens gepleit dat hy nie verbrand nie maar eerder onthoof moes word (Parker (75), 122-123).

[192] *Annales*, 2-4 en 7 Sept. 1553 (OC 21:551-553).

die Senaat sou gehoorsaam nie of, as hy wel daaraan gehoor sou gee, dat hy daarna sonder moeite al die gesag van die kerkraad – dit is die teuel op hulle goddeloosheid – sou kon verbreek.
Hoewel dit slegs twee dae voor die gebruiklike viering van die nagmaal in September was, is Calvyn oor hierdie optrede gewaarsku. In sy preek het hy daarop sy stem en sy hande na die hemel opgehef en baie oor die veragters van die geheimenisse van God gepraat en gesê: "Sover dit my aangaan, sal ek Chrysostomos[193] volg en my eerder laat doodmaak as dat hierdie hand iets wat vir die Here heilig is, aan die verdoemde veragters van God sal bied".
Wonderlik om te sê maar hierdie woorde het so 'n groot invloed selfs op die mees teuellose van hulle gehad dat Perrin dadelik in die geheim aan Bertellier opdrag gegee het om nie by die nagmaalstafel te gaan aansit nie. Gevolglik is die geheimenis[194] met bewing, asof God se mag daar aanwesig was, in 'n wonderbaarlike stilte gevier.
Na die middagete het Calvyn die bekende deel uit Handelinge behandel waarin Paulus die gemeente van Efese vaarwel sê en getuig dat hy nie iemand was wat weet of leer hoe om teen die owerheid op te staan nie. Calvyn het die vergadering met baie woorde aangespoor om in die leer wat hulle gehoor het, te volhard en asof dit die laaste preek is wat hy in Genève sou lewer, gesê: "Aangesien dit so is, broeders, veroorloof my om die woorde van die apostel onder julle te gebruik: 'Ek dra julle op aan God en aan die genade van sy Woord'."[195] Die woorde het die booswigte wonderbaarlik neergevel en die vromes met des te groter erns op hulle plig gewys.
Die volgende dag het Calvyn saam met sy kollegas en die kerkraad die Senaat en diakonie rustig versoek om voor die volk self aangehoor te word, aangesien daar oor die herroeping van 'n wet wat die volk self voorgestel het, gehandel sou word. Daarom het hulle beswaarlik van gevoel verander en tot die beslissing gekom dat die besluit van die diakonie opgehef en die oordeel van die vier stede van Switserland[196] in verband daarmee gevra moes word. Hulle het aanbeveel dat daar

[193] Johannes Chrysostomos ('Goue Mond' * *ca.* 354 te Antiochië, † 407 te Comana). Soos Augustinus leer hy die Christelike beginsels by sy moeder alhoewel hy aan heidense skole opgevoed is. Hy is in 372 gedoop en is saam met Theodorus van Mopsuestia deur Deodorus van Tarsus opgelei. Na sy moeder se dood word hy askeet maar keer in 380 na Antiochië terug, waar hy as diaken en in 386 as presbiter optree. In 397 word hy biskop van Konstantinopel. As gevolg van teenstand van die kant van keiserin Eudoxia en die afguns van Theophilus, biskop van Alexandrië, is hy in 404 verban. Sy invloed onder die Oosterse Kerke was geweldig groot (CE 2:213-214; RPTK 4:101-111).

[194] *Mysteria* (nagmaal).

[195] Hand. 20:32; vgl. Calvyn se kommentaar in *Acta Apostolorum* 20:25-32 (OC 48:466-473).

[196] Bern, Basel, Zürich en Neuchâtel. Vgl. *Annales*, 21 Aug. en 27 Okt 1553 (OC 21:549, 557).

intussen geen vooroordeel oor die aanvaarde wette moes ontstaan nie. So is hierdie storm vernietig eerder as gekalmeer. Nadat dit bo alle verwagting van Calvyn se hoof afgewend is, het hulle nogtans gepoog om dit van nuuts af op Farel se hoof te lê. Want nadat hy in Maart deur ernstige siekte geteister is, het hy hom na Genève gehaas sodra sy gesondheid dit toegelaat het. Daar het hy die oproermakers, in plaas van te preek, deels op sterkte van die saak self en deels op grond van sy eie gesag van ouds onder hulle, deeglik geskrobbeer.[197] Hulle het egter gekla dat hy hulle veronreg het, en hulle het hom by sy terugkeer in Neuchâtel aangekla. Met die oog hierop het hulle 'n brief van die Senaat van Genève aan die burgers van Neuchâtel verkry met die versoek dat hulle moes toesien dat Farel op die vasgestelde dag vir die verhoor aanwesig moes wees.[198]

Toe Farel dus daar aankom, het hy nie vir die gevaar teruggedeins nie, ten spyte van die krete van die oproermakers dat hy verdien om in die Rhône gesmyt te word. Toe het een van die burgers, 'n verstandige jong man, Perrin herhaaldelik gewaarsku dat hy sou toesien dat Farel, wat vir hom soos 'n vader van die burgers was, geen skade van die gemeenskap sou ly nie. Daarop het hy hom by 'n ander onkreukbare jong man en maat van hom aangesluit, die res, wie se goedgesindheid aan hulle bekend was, gewaarsku en in die raadsaal by Farel gaan staan. 'n Groot deel van die inwoners het daarheen gehardloop, en sy aanklaers het onrustig en bekommerd oor hulle veiligheid geword. Toe Farel aangehoor is, het hulle vir hulle skuld om genade gesmeek.[199]

So is feitlik die hele jaar aan die stryd vir sowel leer as tug teen goddelose mense bestee. Tog was die resultaat daarvan oral geslaagd as 'n mens die wond uitsonder wat nie alleen Engeland nie maar al die Christenkerke gely het as gevolg van die ontydige dood van Eduard, die hoogs godsvresende koning van Engeland.[200]

Tog het Calvyn sy aandag nog op sy skrywery toegespits en die uitmuntende kommentare oor Johannes die lig laat sien.[201]

Veroorloof my om hier tereg na Servet terug te keer. Van hom kan ek getuig soos die kerkvaders van ouds uit eie ervaring van die tweekoppige

[197] *Annales,* 1 Nov. 1553 (OC 21:558).

[198] Die aanklaers was Pierre Verat, Iehan Balard en François Chabod. Vgl. *Annales,* 3 Nov., 13 Nov. 1553 (OC 21:558, 561).

[199] *Annales,* 13 Nov. 1553 (OC 21:561-562).

[200] *Annales,* 6 Julie 1553 (OC 21:544); vgl. ook *Ep.* 1761 (OC 14:573), waarin Sulzer die dood van Eduard VI (*1537, † 1553) aan Calvyn berig. Hy was Maria Tudor se broer.

[201] *Commentarius in evangelium Ioannis* (OC 47:1-458).

monster, Paulus van Samosata[202] en Arius van Alexandrië[203] geskryf het. Die brand is eerste deur hulle ontketen, en daarna het byna die hele Christelike wêreld aan die brand geraak.[204] Servet is volgens die hoogste reg in Genève gestraf – nie as 'n skeurder nie maar as 'n gedrog wat uit louter goddeloosheid en gruwelike laster saamgestel was. Daarmee het hy 'n volle dertig jaar lank in woord en skrif hemel en aarde besmet. Maar selfs nou nog kan daar nie gesê word hoeveel dit die raserny van die Satan vererger het nie. Toe die vlam eers posgevat het, het dit eers Pole, daarna Transsilvanië en Hongarye ingeneem. Mag dit tog maar nie verder versprei nie!

Hy het klaarblyklik met 'n satansgees gepraat toe hy die verklaring uit Openbaring voor in sy boek geskrywe het met dieselfde gewetenloosheid waarmee hy gewoonlik al sy ander boeke geskryf het: "Daar is 'n

[202] Paulus van Samosata was 'n ketter uit die kerk van ouds, na wie art. 9 van die Nederlandse Geloofsbelydenis nog verwys. Hoewel van nederige afkoms het hy rykdom en belangrike betrekkinge verwerf. So byvoorbeeld het hy 'n hoë amp onder koningin Zenobia van Palmira beklee. In 260 word hy biskop van Antiochië. Sover ons uit die weergawe van sy teenstanders kan aflei, het hy 'n dinamiese Monargianisme geleer: die Logos was nie die Seun van God nie. Hierdie naam kom alleen die mens Jesus toe, wat deur die Heilige Gees verwek is, en in wie die Logos gewoon het. God die Vader word dus alleen as God erken, en in die Seun en die Gees slegs Goddelike kragte (δυναμεῖς). Hy is op 268 op 'n sinode veroordeel en afgesit, maar weens die steun van Zenobia het hy rustig in sy amp voortgegaan en eers 4 jaar later, na die oorwinning van Aurelianus, die aftog geblaas (CE 5:412; RPTK 13:318-324).

[203] Arius was afkomstig uit Libië en het met sy dwaling 'n stryd in die kerk ontketen wat tot in 381 en later geduur het. Vanaf 313 was hy presbiter in die gemeente van Alexandrië, waar Alexander biskop was. Alexander het na aanleiding van Origenes se leer die dogma van die ewige generasie van die Seun geleer. Arius se opvatting was dat die Seun wel voor die skepping van die wêreld bestaan maar dat Hy nie van ewigheid af bestaan het nie. Volgens hom was die Seun die belangrikste skepsel van die Vader, en die name 'Seun van God' en 'Logos' was volgens hom eintlik net in oordragtelike sin op Hom van toepassing. Alexander kla hom in 318 van kettery aan. Toe die saak onder Konstantyn die Grote se aandag kom, stuur hy Hosius, biskop van Cordova, om die geskil te probeer bylê. Dit slaag nie en hy belê die Konsilie van Nicea in 325. Daar is die Ariane veroordeel en die kerk se leer i.v.m. die Drie-eenheid opgeneem en in die *Symbolum Niceanum* vasgelê (Mansi 2:666 e.v.), waarin uitdruklik gestel word dat die Seun uit die Wese van die Vader gegenereer en nie geskape is nie en dat Hy daarom in Wese met die Vader gelyk is. Daar het groot verskille ontstaan oor die woorde ὁμοούσιος (Wesengelyk) en ὁμοιούσιος (soortgelyk aan die Wese). Volgens hierdie Konsilie is Arius verban, en sy boeke moes verbrand word. Met allerlei gekonkel het hy weer die guns van Konstantyn die Grote herwin en is hy op 80-jarige leeftyd kort voor sy dood in die biskopsamp herstel. Dit het egter nie 'n einde aan die stryd gebring nie. In die loop daarvan het biskop Athanasius vir sy optrede die hoogste lof ontvang. Die stryd is uiteindelik met die Konsilie van Konstantinopel beslis (2de Ekumeniese Konsilie, 381). Die Arianisme is 'n belangrike fase in die ontwikkeling van die Christendom, omdat die Ariane die Godheid van Christus en daarom die basis van die Christendom aangetas het. Dit het die kerk gedwing om hom oor die Drie-eenheidsleer duidelik uit te spreek (CE 1:318; RPTK 2:6-45).

[204] Die Antitrinitarisme het in verskillende gedaantes in die kerk van ouds voorgekom, soos bv. in die dinamiese, modalistiese en subordinasiaanse Monargianisme (CE 1:240-241; RPTK 13:303-336).

groot geveg in die hemel gevoer en Migael en sy engele het met die draak baklei''.[205] Dit sou in sy geval waar wees as 'n mens 'met' nie as 'teen' nie maar 'saam met' sou opneem.

Die as van die ongelukkige gebeurtenis het nouliks koud geword of die mense het begin om oor die straf van die ketters te kla. Sommiges het gedink dat hulle aan bande gelê moes word maar dat hulle nie met reg met die dood gestraf kon word nie. Ander was weer van mening dat hulle aan die oordeel van God alleen oorgelaat moes word, net asof 'n mens nie genoeg in verband met 'n ketter uit die Woord van God kan put nie en net asof 'n mens oor al die hoofpunte van die godsdiens soos die Akademici na albei kante toe mag neig.[206] Selfs sommige vroom manne het hierdie mening verdedig en gevrees dat, as hulle anders sou voel, dit sou lyk asof hulle die wreedheid van tiranne teen godvrugtige mense aanstook. Die belangrikste voorstanders van die opvatting was Sebastian Castellio en Laelius Socinus, wat hierin elkeen vir sy eie belang opgetree het: laasgenoemde het egter met groter geheimhouding en eersgenoemde openliker opgetree. Eersgenoemde het hom daarop toegelê om in die voorwoord tot sy vernietiging van die Heilige Skrif openlik die gesag van die Woord van God, wat duidelik genoeg is, aan flarde te skeur. Met sy aantekeninge by die eerste brief aan die Korinthiërs het hy uitdruklik geskrywe dat Paulus 'n meer verborge teologie gehad het as dit wat hy in die Skrif geleer het. Hy het verder beweer dat Paulus dit aan sy volmaakte dissipels geleer het om ons van die Skrif af weg te neem asof dit onvolmaak is.

1554 Aan die begin van 1554 het Calvyn dus met die ondersteuning van al sy kollegas 'n volledige weerlegging van Servet se leer gepubliseer.[207] Hy het ook die redes bygevoeg waarom en in hoeverre die owerheid na wettige ondersoek ketters moet straf. Hierop het hulle 'n mengelmoes redenasies, wat hulle deels uit die verwronge geskrifte van vroom geleerdes en deels uit die dokumente van sekere fanatici, wat andersins onbekend was, geput het, onder die naam van 'n sekere Martin Bellay aan hom voorgehou. Dit was inderdaad Castellio, hoewel hy later gesweer het dat dit nie so is nie. Hierdie skuilnaam het hy in die voorwoord aangeteken. Die naam van die stad waar hierdie mengelmoes gepubliseer is, was ook vals. Ek het hom self ook later nie alleen vir sy dwaling nie maar ook omdat hy baie laster uitgestrooi het, geantwoord

[205] Openb. 12:7.

[206] Die Akademie was die voortsetting van die skool van Plato (390 v.C.). Die kritisisme van Plato het onder sy opvolgers, veral Carneades (160 v.C.), in skeptisisme verander. Die skool is in 529 n.C. deur Justinianus opgehef. Carneades is juis in 155 v.C. uit Rome verban, omdat hy een dag ten gunste van maar net die volgende dag teen geregtigheid gepraat het. Volgens Marcus Porcius Cato Censorius sou dit vir die jeug van Rome sedebederwend gewees het (CE 1:58; REW 1,1:1132-1137).

[207] *Defensio orthodoxae fidei de sacra Trinitate* (OC 8:453-644).

om Calvyn van die las daarvan te bevry met die oog op veel aangenamer sake omdat sy aandag op die skrywe van 'n geleerde kommentaar oor Genesis[208] toegespits was en omdat hy ook in beslag geneem is om ander gevare waaroor ons nog sal praat, van die kerk af te weer.

Want die oproeriges het voortgeploeter om alles te verander, en hoewel hulle kwytskelding weer op die tweede Februarie met 'n plegtige belofte voor die Senaat bekragtig is, het hulle tog by die dag slegter geword; in albei rigtings is Calvyn druk besig gehou, terwyl hy hom ingespan het om hulle, soos sy gewoonte was, tereg te wys en weer tot beter vrug aan te spoor en om die vromes teen hulle goddeloosheid te versterk.

Want die goddelose mense het so ver gevorder dat hulle die Woord van God in afstootlike vuil liedjies verander het en dat hulle vreemdelinge wat hulle in die aand teengekom het, geslaan en soms selfs beroof het. In die geheim het hulle van die raad van Bolsec, Castellio en sekere ander mense wat kwansuis erg onrustig was oor die waarheid, gebruik gemaak om die twis oor die uitverkiesingsleer weer te laat opvlam. Hulle was nie daarmee tevrede om 'n kwaadwillige anonieme boekie vol laster te versprei om die gelowige dienskneg van God op sonderlinge wyse te verskeur nie, maar Castellio het ook 'n kopie na Parys gestuur om daar in die geheim in Latyn gepubliseer te word. Ek het self later daarop geantwoord, en so het Calvyn self ook sekere sinlose redenasies weerlê wat daarin onder bepaalde hoofpunte saamgevat is.[209]

Hy het hom selfs toe alreeds aan die versorging van die vlugtelinge uit Engeland gewy. Sommige van hulle het hulle in Wesel, ander weer in Emden en nog ander in Frankfurt gevestig. Hulle almal het Calvyn voortdurend om raad kom vra. Hy is ook erg bekommer deur die vermetelheid van die herders van die Franse kerk wat hy eenmaal in Straatsburg gevestig het; dit is heimlik aangehelp deur die begunstiging van ander herders. Voorts is sy buitengewone groot hoeveelheid briewe getuienis van die inspanning wat hy aan verskeie kerke bestee het. Daarin het hy baie maghebbers aangespoor om die evangelie te omhels en baie ander broeders wat in die uiterste lewensgevaar verkeer het en ander in gevangenisse met groot vrug versterk.[210]

Ons het tevore al gepraat oor die sakramentsleer waaroor al die Switserse en Donoukerke tot groot blydskap van al die leraars en vroom mense eenstemmigheid bereik het.[211] Hierdie eensgesindheid het die

[208] *Commentarius in Genesin* (OC 23:1-622). Vgl. *Annales*, 31 Julie 1554 (OC 21:581).
[209] *Responsio ad Laelii Socini quaestiones* (OC 10,1:160 e.v.); vgl. *Annales*, 17 Aug. 1559 (OC 21:720); *Ep.* 3100 (OC 17:604); *Ep.* 3121 (OC 17;650).
[210] Die briewe is opgeneem in boekdeel 15 van die *corpus* van Calvyn se werke.
[211] *Consensio mutua in re sacramentaria* (OC 7:689-748); vgl. ook *Annales*, 6 Okt. 1554 (OC 21:587). Kyk p.35, n.155.

gees van dwaling nie tot rus gebring nie. Ons het alreeds gesien wat die krag daarvan was. Dit kon gevolglik maklik iemand vind om die smeulende vuur te stook, naamlik 'n sekere Joachim Westphal.[212] Hy het toe die oorlogstrompet geblaas en later saam met hom Heshusius, wat toe 'n bedienaar van die Woord was maar nou 'n biskop is. Oor hulle sal ons weldra iets moet sê.[213]

Calvyn het inderdaad in hierdie stadium 'n verduideliking van die eensgesindheid van die kerke uitgegee.[214] Dit het die raserny van die mense al hoe meer opgeskerp, maar was daarom al hoe meer tot voordeel van almal wat die waarheid liefgehad het.

1555 Die daaropvolgende jaar het deur die uitnemende milddadigheid van God vir die Republiek en kerk van Genève die rus van interne twis waarna hulle lank gesmag het, meegebring. Die oproermakers is egter deur hulle eie toedoen vernietig, en 'n verskriklike sameswering is net betyds deur die moedswillige waaghalsigheid van een van die beskonke medepligtiges ontbloot. Sommige van hulle is met die dood gestraf en ander het uit die stad padgegee. Hoewel hulle die stad daarna nog 'n

[212] Joachim Westphal (* 1510 te Hamburg, † 16 Jan. 1574). Hy studeer aan verskeie universiteite, o.a. aan Wittenberg. In 1541 word hy prediker in Hamburg, waar hy deur sy strydlustige aard moeilikheid veroorsaak. Hy neem as gnesio-Lutheraan (ortodokse Lutheraan) deel aan die stryd teen die leer van Melanchthon. Toe die *Consensus Tigurinus* (1549), waarin die Zürichse en Geneefse gereformeerdes met mekaar in ooreenstemming gekom het, in 1551 gedruk is en Westphal gemeen het dat Calvinisme ten koste van Lutheranisme in Duitsland toegeneem het, skryf hy sy *Farrago* oor die nagmaal. Hy suggereer dat Calvyn deur die Zwingliane se opvattinge beïnvloed is, en 'n fel nagmaalstryd word hierdeur ontketen. Toe Melanchthon, op wie Calvyn hom beroep het, swyg, word hy en sy volgelinge van crypto-Calvinisme (geheime Calvinisme) verdink (CE 6:600; *Annales*, 11 Nov. 1554 (OC 21:589); 17 Febr. 1559 (OC 21:711); Sarrau, 43-45; RPTK 21:185-189).

[213] Tileman Heshusius (* 3 Nov. 1527 te Wezel, † 26 Sept. 1588 te Helmstedt). In 1546 studeer hy Teologie te Wittenberg, waar hy deur Melanchthon beïnvloed word. In 1553 begin sy werksaamheid as predikant te Goslar. Hy word een van die strengste Lutherane en bestry op felle wyse Zwingliane en Calviniste, veral ten opsigte van die nagmaal en predestinasie. In 1557 word hy hoogleraar in Heidelberg, waar hy met Boquinus en Erastus bots. Toe daar weer konflik uitbreek, word hy op 16 Sept. 1559 deur keurvors Frederik III ontslaan. In Bremen stry hy met Hardenberg oor sy nagmaalsopvatting. In Wezel, waar hy dikwels gekom het, het hy die Calviniste bestry, o.a. deur in 'n geskrif teen hulle die uitdrywing van bose geeste by die doop te verdedig. Hiermee het hy 'n praktyk goedgekeur wat sedert die 3de eeu in die RK Kerk voorkom, om dopelinge van onrein geeste te suiwer as voorbereiding vir die doop. Ook Wederdopers ken hierdie gebruik. Hy is sewe maal uit sy amp ontslaan. Hy was 'n kort tyd lank medewerker van Flacius te Maagdeburg. Hy was hoogleraar te Jena, biskop van Samland en sedert 1577 hoogleraar aan die Universiteit te Helmstedt. Hy bestry die ubikwiteitsleer en was teen die beweging wat tot die totstandkoming van die *Konkordienbuch* gelei het (CE 3:454).

[214] *Defensio sanae et orthodoxae doctrinae de sacramentis eorumque natura vi fine usu et fructu: quam pastores et ministri Tigurinae ecclesiae et Genevensis antehac brevi consensionis mutuae formula*, 1555 (OC 9:1-40); *Annales*, 28 Nov. 1554 (OC 21:590); *Ep.* 2054 (OC 15:323), opgeneem in OC 9:5-14.

rukkie verpes het, het hulle later almal skandelik gesterwe en 'n buitengewone voorbeeld van God se oordeel, wat wel laat maar tog regverdig was, gelewer.
So is die Republiek van die pes bevry toe die antwoord van al vier stede van Switserland met die verdere seën van God 'n rukkie later afgelewer is. Ons het reeds gesê dat die Senaat teen die einde van die vorige jaar dit goedgevind het om hulle oor hulle opvatting van die kerklike tug in Genève te pols. Al die ou besluite in verband met die kerkordening is teen die verwagting van die oproermakers aan die burgers voorgelê en algemeen aangeneem.
Tog het dit nie ontbreek aan optrede waarin ook Calvyn toe swaar beproef is nie. Want hy was na buite baie bekommerd oor die Poolse kerk, wat met bewilliging van die koning daar gestig is, maar ook oor die woedende storm wat oor die veranderinge in Engeland ontketen is.[215] Hierdie storm het drie biskoppe en martelare van onvergelyklike godsvrug, naamlik John Hopper, Nicholas Ridley en Hugo Latimer,[216] onder soveel ontelbare ander vromes maar uiteindelik ook die grote Cranmer, Aartsbiskop van Kantelberg,[217] tot in die hemel uitgedryf. Daarbenewens het hy hom bekommer oor die vertroosting van die broeders in Franse tronke en in besonder oor die vyf moedige martelare wat gedurende die jaar so wreed in Camerik verbrand is.[218]
Tuis het die asse van Servet weer begin vlam vat. 'n Bekende regsgeleerde, Mattheus Gribaldi, is betrap dat hy Servet se laster steun. Hy was die eienaar van Farges, 'n dorpie in die omgewing van Genève.[219] Toe hy in Genève aankom, is hy deur sekere Italianers onder wie hy in Padua gedoseer het, na Calvyn toe gebring. Toe Calvyn daarop geweier het om hom die regterhand te gee tensy hulle eers ooreenstemming bereik oor die eerste artikel van die geloofsbelydenis (dit is oor die heilige Drie-eenheid en die Godheid van Christus), het hy daarop aan Calvyn geen geleentheid vir vermaning of redenasie gelaat nie. Calvyn het toe

[215] In die Poolse kerke het opnuut 'n stryd oor die Drie-eenheid losgebars. Die veranderinge in Engeland is ingelui deur die vervolginge tydens die regeringstyd van Maria Tudor.

[216] Hopper is op 9 Febr. 1555 verbrand (*Annales*, 9 Febr. 1555 – OC 21:594; *Ep.* 1783 – OC 14:603); Ridley en Latimer het saam tydens die skrikbewind van Maria Tudor op 16 Okt. 1555 'n marteldood gesterwe. Vgl. *Annales*, 16 Okt. 1555 (OC 21:616); *Ep.* 2328 (OC 15:827); *Ep.* 2347 (OC 15:863); CE 5:637; CE 4:384.

[217] Volgens die *Annales* (OC 21:628) is Cranmer op 14 Febr. 1556 verbrand.

[218] *Ep.* 2312 (OC 15:805); *Ep.* 2331 (OC 15:836).

[219] Mathieu Gribaldi, 'n bekwame regsgeleerde is gebore in Padua, en het verskeie belangrike regswerke geskrywe en ook onderrig gegee in Tübingen en Valencia. Soos Blandrata en Alciati moes hy omrede sy kettery Genève, waarheen hy weens die godsdiensoorloë in Italië gevlug het, weer verlaat (Fazy, *Procès de Valentin Gentilis*, 2; *Annales*, 29 Junie 1555 (OC 21:610) *Annales*, 2 Mei 1557 (OC 21:666); *Annales*, 14 Sept. 1557 (OC 21:675); *Ep.* 2623 (OC 16:463); *Ep.* 2711 (OC 16:623); *Ep.* 2717 (OC 16:635); *Gribaldi professio fidei*, *Ep.* 2719 (OC 16:636).

alreeds vir hom voorspel dat 'n swaar oordeel van God oor sy hardnekkige goddeloosheid hang, en dit het hy self ook later ervaar.[220] Hy is eers uit die skool van Tübingen verdryf, waar hy deur bewilliging van Vergerius[221] voorgestel is. Daarna is hy in Bern gevang. Toe hy voorgegee het dat hy sy dwaalleer verloën, is hy vrygelaat, maar hy het later weer na sy skelmstreke teruggekeer. Daarna was hy die ondersteuner en gas van Gentilis, oor wie ons weldra meer sal sê.[222] Uiteindelik het die pes hom oorval en weggeruk. So het 'n paslike straf hom te beurt geval.

Maar 'n ander gebeurtenis gedurende die jaar het Calvyn verhinder om volle blydskap te ervaar. 'n Groepie naburige herders wat uit hulle eie elders heen gehardloop het, het in besonder op aanstigting van Bolsec gepoog om daar vir hulleself naam te maak deur so 'n groot man aan te kla. Hoewel hulle mense was wat andersins alreeds met baie brandmerke besmet was, het hulle Calvyn uitgeskel asof hy God die Skepper van die kwaad gemaak het omdat hy dan niks daarvan uit die ewige voorsienigheid en verordening van God sou uitgesluit het nie.

Hoewel die belastering waarvan ons tevore al gepraat het, hom nie beïnvloed het nie, is hy tog uiteindelik deur hulle kwaadstokery daartoe gedwing en het hy ook van die Senaat toestemming verkry om saam met die afgevaardigdes na Bern te vertrek om voor die burgers van Bern die saak van die waarheid aan te voer.[223] Die saak is dus daar in behandeling geneem, en Sebastian Castellio is as gevolg van die skandvlek tot ballingskap gevonnis. Bolsec is gelas om die gebied te verlaat.

Hoewel God sy kerk ter harte geneem het, het dit toe nog nie vir hulle gelyk asof dit tot 'n einde gekom het nie. Want dit het gelyk asof Calvyn op sy gesag of met hulle guns iets verkry het wat daarna in elk geval gebeur het. Want al daardie belasteringe het nie so lank daarna nie in rook opgegaan toe sy bitterste aanklaer, Andreas Zebedeus, na Calvyn se dood self in Netidun, 'n dorpie sowat vier myl van Genève af, op sterwe gelê het.[224] Hy het die vooraanstaande burgers na hom toe laat kom, uit sy eie die waarheid waarteen hy gestry het, erken en sy eie dade vervloek

[220] Gribaldi het in 1564 aan die pes gesterf (RPTK 7:159-160).

[221] Pietro Paolo Vergerio, (* 1497, † 1565) was pouslike *nuntius* in Duitsland (1533-1535) en daarna biskop van Capodistria. In 1546 gaan hy tot die Hervormers oor (CE 6:471-472; RPTK 20:546-550).

[222] *Annales*, 9 Julie 1558 (OC 21:698 e.v.: vgl. *Annales*, 11 Julie 1558 (OC 21:698). Gentilis word op 11 Julie 1558 die eerste keer ondervra, en vanaf 15 Julie het die saak teen hom begin (Parker (75), 123; Fazy, *Procès de Valentin Gentilis et de Nicolas Gallo*).

[223] Die afgevaardigdes na Bern word in *Annales*, 12 Nov. 1555 genoem (OC 21:619).

[224] Zebedeus is in Brabant gebore. Hy gee onderwys aan die kollege van Guyenne in Bordeaux, waar hy Cordier leer ken. Later doseer hy in Genève, waar hy met Calvyn bevriend raak. In 1538 word hy predikant in Orbe. Hoewel hyself ernstig aangedring het op Calvyn se terugkeer uit Straatsburg na Genève, word hy tóg later een van Calvyn se verbete teenstanders (Herminjard 5:98, n.7; 204, n.4; 319, n.14; 6:321, n.1; 8:42, n.1; Doumergue (Strydperk), 503, n.8; *Annales*, 4 Mei 1558 – OC 21:690; *Ep.* 2861 – OC 17:155-156).

en beveel dat al sy dokumente voor sy oë verbrand moes word. Sy oordeel was gewis beter as duisend senaatsbesluite.

1556 In die volgende jaar het 'n driedaagse koors Calvyn onverhoeds tydens 'n preek oorval en hom teen sy sin gedwing om die kansel te verlaat.[225] Daarop het daar baie valse gerugte die rondte gedoen, en dit was vir die Roomse priesters so aangenaam dat hulle in sy vaderland, Noyon, plegtig feesgevier het oor Calvyn se dood en aan die afgode van hulle kerk dankoffers gebring het.

Maar die gebede van vroom mense het geseëvier. Calvyn was ver van doodgaan as gevolg van die siekte. Sy kragte het daarenteen toegeneem, en anders as wat sy gewoonte was, het hy 'n lang reis na Frankfurt onderneem. Hy is daarheen ontbied om die twis in die Franse kerk wat toe al lank reeds daar bestaan het, by te lê.[226]

1557 By sy terugkeer het hy sy daaglikse arbeid nie onderbreek nie ten spyte daarvan dat sy gesondheid verwoes is. In die volgende jaar het hy sy geleerde kommentaar op al die Psalms die lig laat sien en 'n kostelike voorwoord daaraan toegevoeg.[227] Maar tog was die jaar baie onstuimig as gevolg van die oproer wat deur sommige weerstrewige bedienaars verwek is. As gevolg van die duur koring was dit ook 'n berugte jaar. Calvyn het die jaar gedeeltelik daaraan gewy om die waarheid teen Joachim Westphal te verdedig. Toe hy sy heel laaste antwoord aan Westphal gegee het[228] en hy tog nie 'n einde aan sy gebabbel gemaak het nie, het ek die taak op my geneem en deur die genade van God 'n resultaat bereik waaroor ek nie spyt is nie.

In dié stadium is Castellio se laster teen die ewige uitverkiesing van God wat hy met weglating van sy naam oral laat versprei het, deur Calvyn sowel as deur my weerlê.[229]

Maar bowenal was die wreedaardige vervolging van die vromes, in die besonder in Parys, vir hom 'n foltering. 'n Byeenkoms van vroom mense is in Jakobusstraat, waar hulle bymekaar gekom het om die nagmaal te vier, onderskep.[230] Hoewel 'n aantal van hulle in die donker weggekom het, is ongeveer tagtig gevang en met baie beledigings en skeldtaal teen dagbreek na die gevangenis gesleep, ten spyte daarvan dat daar ook enkele vooraanstaande vroue onder hulle waargeneem kon word.

225 *Annales,* 19 Mei 1556 (OC 21:637).

226 *Annales,* 20 Aug. 1556 (OC 21:645); *Ep.* 2522 (OC 16:264-265); *Annales,* 29 Aug. 1556 (OC 21:647); sy terugkeer: *Annales,* 24 Sept. 1556 (OC 21:649).

227 *Commentarius in librum Psalmorum* (OC 31:13-842; 32:1-442). Die voorwoord is van geweldige betekenis omdat dit Calvyn se eie beskrywing van sy lewe bevat.

228 *Ultima admonitio Westphalum* (OC 9:137-252).

229 *Brevis responsio ad diluendas nebulonis calumnias* (OC 9:253-266).

230 *Annales,* 4 Sept. 1557 (OC 21:674); *Ep.* 2700 (OC 16:602); vir die instelling van die inkwissie van Paulus IV vgl. CE 3:615-616 en *Annales,* 27 April 1557 (OC 21:665).

Nie alleen sy raadgewers nie maar ook die omstandighede van die tyd het die koning se toorn laat ontbrand. Want die dinge het juis in die stadium gebeur toe hy die opsigtelike neerlaag by St. Quentin gely het.[231] Voorts het die vroom mense in die nag daar byeengekom, terwyl dit hulle nie eens in die dag geoorloof is nie. Die ou stinkende laster wat vroeër teen die Christene uitgedink is,[232] is toe weer deur 'n sekere geleerde van die Sorbonne, Democharis, opgediep, net asof die oorsaak van al die kwaad net aan die Christene toegeskryf moet word. Tog is hulle daardeur voorsien van die middele om hulle lydsaamheid te versterk. Tot sewe maal toe is hulle tot by die vlamme gebring en die optrede is daarna drie maal herhaal. Onder hulle is 'n sekere vrou uit die adel eerste nader geroep. Haar standvastigheid soos ook dié van ses ander en heel laaste ook van twee opgeskote seuns[233] was bewonderenswaardig. Maar die laster van die geleerdes van die Sorbonne is inderdaad deels ontbloot maar nog glad nie aan bande gelê nie toe 'n moeder wat saam met haar dogter gevang en van ontug aangekla is, vir 'n ondersoek voor 'n jurie verskyn het. 'n Goeie en geleerde man wat enkele maande tevore daar as herder opgetree het, het met 'n getuigskrif al hulle leuens aan die kaak gestel. Die storm het ook effens tot rus gekom deur 'n afvaardiging van die vorste van Duitsland wat tussenbeide getree het omdat Calvyn hulle hulp met groot spoed bekom het.[234]

1558 Die volgende jaar het in onafgebroke geluk aangebreek. Toe is 'n verbond teen die verwagtinge in van die ballinge aldaar tussen die burgers van Genève en dié van Bern gesluit.[235] Maar baie teenspoed van elders af het ook met die geluk saamgegaan – benewens die gefnuikte finale pogings van die ballinge, waaroor ek besluit het om niks verder te sê nie.

Want na buite het die vervolging in Frankryk weer opgevlam, en tuis het 'n afstootlike kettery oor die driegodheid[236] uit die asse van Servet onder leiding van 'n sekere Valentinus Gentilis van Cosenza[237] weer voortge-

[231] *Annales,* 10 Aug. 1557 (OC 21:672).
[232] Vgl. o.a. Minucius Felix, *Octavius* (MPL 3:239 e.v.).
[233] *Adolescentum.*
[234] *Annales,* 1 Des. 1557 (OC 21:680); *Ep.* 2769 (OC 16:719).
[235] *Annales,* 6 en 11 Jan. 1558 (OC 21:684); (OC 21:684); *Ep.* 2784 (OC 17:4).
[236] Triteïsme.
[237] Valentinus Gentilis (**ca.* 1500 te Cosenza, †10 Sept. 1566 te Bern) moes uit Italië vlug vanweë sy antitrinitariese opvattinge en kom sodoende in Genève aan. Hier is hy as antitrinitariër gevange geneem, sy berou oor sy vroeëre kettery en skriftelike belydenis van die ortodokse Triniteitsleer (29 Aug. 1558) is na toetsing deur 'n paneel van 5 regsgeleerdes verwerp en hy is ter dood veroordeel maar ontsnap. Hy vertrek na Pole en gaan daarna na Oostenryk en weer terug na Switserland, waar hy gevang en in Bern onthoof is. *Annales,* 28 Mei en 12 Julie 1558 – OC 21:695 e.v.; CE 3:167; Fazy, *Procès de Valentin Gentilis;* RPTK 6:517-520.

woeker. Met die oog daarop om die kwaad teen te staan is mense met 'n brief van Calvyn na die vorste van Duitsland om die teenspoed van soveel kerke te verduidelik en hulle tussenkoms te vra. Calvyn het hierdie kerke voortdurend in hulle nood met briewe versterk.[238]

Ek sal in 'n paar woorde vertel wat met Gentilis gebeur het en wat die uiteinde van hierdie gedrog was. Want hierdie hele geskiedenis staan getrou opgeteken deels deur Calvyn self uit die openbare argief en deels deur Benedictus Aretius, 'n teoloog en herder van Bern,[239] waarby ook 'n weerlegging van Gentilis se laster gevoeg is. Al hierdie gebeurtenisse en ook ander wat op die verhaal betrekking het, is in dieselfde argief versamel en in 1567 in die stad gepubliseer.[240] Die ongelukkige vent was met 'n skerpsinnige maar met die slinkse verstand van 'n sofis bedeel. Hy het Servet se boek 'n rukkie na die voltrekking van dié se vonnis gevind en daarmee saam ook Calvyn se weerlegging daarvan. Hy kon gevolglik maklik opmerk dat nòg die beelde en die ideë waarmee Servet die kettery van Paulus van Samosata ingekleur het, nòg die vermenging van die Persone met die Wese, wat Sabellius[241] ingevoer het, nòg die Godheid van Christus soos dit volgens die leer van die onreine Arius saamgeflans is, met die Woord van God versoen kon word. Maar toe hy bemerk dat die uiteensettings wat in die Skrif oor die een Wese van God en die drie van mekaar onderskeie Selfstandighede[242] geleer word, ons begripsvermoë glad nie pas nie, het hy gedoen wat sulke talentvolle mense gewoonlik doen: hy het hom naamlik nie aan die alwysheid van God onderwerp nie maar homself uiteindelik oortuig dat net dit wat met die mens se rede ooreenstem, waar is. Gevolglik het hy begin om openlik te verklaar dat absolute heerskappy slegs die Persoon van die Vader toekom. Sy opvatting was dat die Vader alleen uit Homself God en die Wesenlike,[243] dit beteken die uitbreiding[244] van sy Wese, is, en dat

[238] Die briewe waarna hier verwys word, is opgeneem in OC 17; vgl. ook *De aeterna Dei praedestinatione* (OC 8:249-366).

[239] Benediktus Aretius (* 1505, † 1574) word in 1564 professor in Teologie in Bern en verdedig in 1567 die teregstelling van Gentilis as antitrinitariër. Sy hoofwerk is *Theologiae problemata,* 1573 (CE 1:311; RPTK 2:5-6).

[240] Aretius, *Val. Gentilis iusto capitis supplicio Bernae affecti brevis historia et contra ejusdem blasphemias orthodoxa defensio articuli de S. trinitate,* Genève, 1567. Vgl. ook in verband hiermee *Impietas Valentini Gentilis detecta et palam traducta* (OC 9:361-420).

[241] Sabellius, afkomstig uit Noord-Afrika en hoofsaaklik in Rome werksaam, het in die begin van die 3de eeu opgetree en was verteenwoordiger van die modalistiese Monargianisme soos Noëtus en Praxeas. Volgens hierdie opvatting is Vader, Seun en Gees suksessiewe verskyningsvorme van een enkele Godheid (CE 6:13). Vir tydgenote se uiteensetting van en kritiek op die Modalisme kyk Epiphanius, biskop van Salamis, *Adversus haereses* 2.1.513, 520 (MPG 41:1051-1062); Tertullianus, *De praescriptione haereticorum* (CCSL 1:187-224): *Adversus Praxean* (CCSL 2:1159-1205).

[242] *Distinctis hypostasibus,* gewoonlik met 'onderskeie persone' vertaal.

[243] Let op die onderskeid tussen *essentia* (wese) en *essentiatio* (wesenlike, verwesenliking)

[244] *Propagatio,* 'ontwikkeling, voortplanting.'

daar drie Wesens is soos daar drie Persone is, dit is drie Gode, drie wat ewig, almagtig en oneindig is. So het hy nie alleen die heilige Woord van God nie maar ook die Sinode van Nicea[245] (hy het immers ook die geloofsbelydenis van Athanasius[246] verwerp) en die gesag van die ou skrywers soos Ignatius,[247] Tertullianus,[248] Irenaeus[249] en Lactantius[250] met ongehoorde skaamteloosheid verdraai. Want hy het nie alleen al die

245 Mansi 2:665: *Expositio fidei Nicaenae; Symbolum Nicaeni* (Mansi 2:666); Mansi 3:565: *Symbolum Concilii Constantinopolitani.* Die Niceense geloofsbelydenis is by die Konsilie van Konstantinopel (381) uitgebrei in die vorm waarin ons dit tans het.

246 Athanasius (*295, †375) word dikwels die vader van die ortodoksie genoem, maar dit is twyfelagtig of hy verantwoordelik was vir die opstel van die belydenis van Athanasius. Hy het egter 'n leidende aandeel as diaken, ouderling en later as biskop in die stryd teen Arius geneem en al hoe meer klem gelê op die term ὁμοούσιος ,d.w.s dat die Seun eenswesens met die Vader is. Omdat daar elemente van die besluit van Chalcedon (451) in Athanasius se belydenis weerklink, moes dit ná Chalcedon, en dus ook ná Athanasius se leeftyd, ontstaan het. Die belydenis is bowendien in Latyn geformuleer, terwyl Athanasius Grieksprekend was (CE 1:361; RPTK 2:194-205; oor die Konsilie van Chalcedon: CE 2:140; kyk MPL 88:585 vir die belydenis van Athanasius).

247 Ignatius (†*ca.* 115 te Rome) was een van die bekendste apostoliese vaders. Hy was biskop van Antiochië en is in *ca.* 115 n.C. deur soldate na Rome gebring om voor wilde diere gegooi te word. Hy het gepleit vir die monargale gesag van die biskop, sonder wie doop en nagmaal nie bedien mog word nie. Hy was die eerste persoon wat die term *Katolieke Kerk* gebruik en ook 'n vurige bestryder van die Gnostiek (CE 3:571; RPTK 9:49-55).

248 Tertullianus (*160, †220) was uit Karthago in Noord-Afrika afkomstig en is deur die heidense opvoedkundige stelsel deeglik in die Retoriek onderlê. Hy tree in Rome as regsgeleerde op en keer in 195 na Karthago terug. Hier was hy 'n vrugbare skrywer op die gebied van die apologetiek, Christelike polemiek, dogmatiek en praktiese Christelike lewe. Sy geskrifte word oor die algemeen verdeel in 'n Katolieke en Montanistiese periode. Hy was in die Weste die grondlegger van 'n teologiese terminologie wat tot vandag toe nog gebruik word (CE 6:347; RPTK 19:537-551).

249 Irenaeus, biskop van Lyon, was afkomstig uit Klein-Asië en 'n leerling van Polycarpus van Smirna. Sy bekendste werke is die *Ontmaskering en weerlegging van die valslik sogenaamde gnosis* (*ca.* 185) en die *Apodeixis.* Eersgenoemde is gerig teen Valentinus, terwyl die tweede 'n uiteensetting van die apostoliese verkondiging bevat. Hy was een van die belangrikste teoloë van die vroeë kerk, 'n vurige bestryder van die Gnostisisme en die uitbouer van die sg. Rekapitulasieteorie, wat inhou dat Christus as tweede Adam in alles gehoorsaamheid betoon het, waar die eerste Adam te kort geskiet het. Hy het klem gelê op die heilshistoriese ontwikkeling, vanaf die aanvanklike kinderlikheid tot by die uiteindelike aanskouing. Met sy leer dat Christus die dood oorwin het maar nie werklik met sy offer voldoening bewerk het nie, het hy die erns van die sonde onderskat (CE 3:650; RPTK 9:401-411).

250 Lactantius (**ca.* 250, †*ca.* 320) was van Noord-Afrika afkomstig, waar hy deur Arnobius in die klassieke opvoedingstelsel onderlê is. Teen *ca.* 296 is hy deur Diocletianus na Bithinië ontbied, waar hy 'n tweede hoofstad van die Romeinse Ryk beplan het. Dit is waarskynlik hier waar Lactantius 'n Christen word. As reaksie op die hewigste vervolging wat die Christene ooit ondergaan het (in 303), skrywe hy die eerste Christelike Institusie, sy *opus magnum,* naamlik die *Divinae institutiones* in sewe boeke. Dit handel oor die dwaling van die klassieke filosowe en die klassieke godsdiens en ontwikkel geleidelik van 'n apologetiese na 'n didaktiese inhoud in die laaste vier boeke, waar hy ware aanbidding van God, geregtigheid en die geluksalige lewe behandel. Afgesien hiervan skryf hy ook *Die Toorn van God, Die Handewerk van God,* en *Vervolgers van die Christene.* Hy is in baie opsigte eksponent van die klassieke sinkretisme. Sy stylvorm

ander regsinnige skrywers wat die Niceense Sinode gevolg het, verwerp nie maar hulle ook as goddelose mense gebrandmerk.
Ook ander dwalinge in verband met die vereniging van die Selfstandighede[251] het egter op sy laster gevolg. Hierdie opvattinge is aanvanklik in die geheim deur 'n klein handjievol behandel asof dit 'n vorm van debat was. Die voorbokke onder hulle was Johannes Paulus Alciati,[252] 'n soldaat van Milaan, en Georg Blandrata van Saluzzo,[253] 'n medikus van beroep. Uiteindelik is dit aan die Italiaanse kerkraad berig en hulle het dit as 'n rede beskou om 'n buitengewone vergadering te belê. Toe gekose raadslede en al die dienaars en ouderlinge geduldig na hulle geluister het, het Calvyn alles wat hulle wou voorlê, uit die Woord van God weerlê, en die saak is so gereël dat al die Italianers dadelik die regsinnige geloofskrifte[254] moes onderteken. Slegs ses was daarvan uitgesonder. Hulle is later afsonderlik opgeroep en hulle het dit wel met die hand maar nie met die hart nie onderteken, soos later geblyk het.
Gentilis het dus tot sy ou streke teruggekeer en weer dieselfde laster versprei. Hy is gevange geneem, en as gevangene het hy niks meer verberg nie. Hy is aangehoor so lank en so veel as wat hy wou. Maar uiteindelik het hy, asof hy oorwin is, voorgegee dat hy berou het, maar

het aan hom die beskrywing 'Cicero Christianus' gegee. In die Middeleeue is sy werke nie minder as 112 keer gepubliseer nie. Calvyn se *Institusie* gee trouens blyke daarvan dat Lactantius se werk inhoudelik 'n sterk invloed op sy eie uitgeoefen het (CE 4:361; RPTK 11:203-210).

[251] *De hypostatica unione,* oor die hipostatiese vereniging.

[252] Hy moet nie met die beroemde regsgeleerde, Andreas Alciati verwar word nie. Kyk p.5, n.28. Jean-Paul Alciati (alias Jean-Paul de la Motta) was afkomstig uit Savigliano. Oorspronklik was hy soldaat. Hy het die Rooms-Katolieke geloof afgesweer en vlug na Genève, waar hy in 1555 burgerskap verkry het. Hy sou waarskynlik saam met Gentilis as antitrinitariër aangekla gewees het, as dit nie was dat hy haastig uit Genève gevlug het nie. Daarna vestig hy hom in dieselfde tyd as Blandrata in Pole, en later Danzig waar hy in 1565 oorlede is. In een van sy briewe aan Grégoire Pauli meld hy dat Christus nie voor sy geboorte bestaan het nie (Fazy, *Procès de Valentin Gentilis* 2-3).

[253] Georg Blandrata (Giorgio Biandrata, * 1515, te Saluzzo in Piedmont, † 1588). Hy het as medikus van 1540 tot 1542 in Pole en Transsilvanië gepraktiseer. In 1557 het hy tydens die Inkwisisie na Genève gevlug, waar hy by die Italiaanse gemeente aangesluit en voortdurend versoek het dat die Goddelikheid van Christus vir hom opgeklaar word. In Mei 1558 vlug hy as gevolg van sy kettery uit Genève na Pole, waar hy in Pinczow onder Laski en Lismanin se aandag kom. Op 19 Nov. 1558 skryf Calvyn *(Ep.* 2981 – OC 17:377) aan lg. 'n brief waarin hy Blandrata se opvatting uiteensit en veroordeel. In Pole sluit Stancaro by hom aan in verband met sy opvatting oor triteïsme. Vanaf Maart 1560 skryf Calvyn verskeie briewe aan die gemeentes in Pole. Die gevolg is dat 'n Sinode in Pinczow op versoek van Nicolas Radziwill gehou word. Dit vind in Jan. 1561 plaas en duur twee jaar. In 1562 word die skeuring tussen Calvinistiese en Antitrinitariese sienings duidelik. Terwyl Blandrata daar verskeie aanhangers kry, skryf hy in 1568 'n werkie, *De falsa et vera unius Dei cognitione* (Sarrau, 64-65; *Ep.* 2871 (OC 17:169-171); Fazy, *Procès de Valentin Gentilis,* 2; CE 1:660; RPTK 3:250-251).

[254] *Scriptae orthodoxae fidei.* Dit was waarskynlik dieselfde geloofskrifte wat die ander kerke in Genève aanvaar en onderteken het. In 1558 verskyn die *Responsum ad quaestiones Blandratae* (OC 9:321-332).

niemand het dit geglo nie. Hy het trouens niks anders meer as net sy koppigheid oorgehad om Calvyn te opponeer nie. Sy verhaal staan in sy eie handskrif opgeteken.

Wat wil jy nou meer! Op die kruispaaie van die stad het hy sy leer verloën en 'n eed afgelê dat hy die stad nie sal verlaat nie, en hy is daarop losgelaat.[255] Tog het hy weldra sy eed verbreek en na Mattheus Gribaldi in Savoye gevlug. 'n Rukkie later het Alciati en Blandrata, wat weldra Transsilvanië en die omliggende streke sou vernietig, hom gevolg.

Tog het die oordeel van God toe reeds oor Gentilis gehang toe hy by Gribaldi gewoon het, want hulle het mekaar en andere as onbeholpe ongeletterdes verag. Daar het hy 'n boekie teen Athanasius en Calvyn die lig laat sien en vandaar na Lyon gegaan, waar hy dit weer laat publiseer het met toevoeging van 'n voorwoord deur die owerste van Gex,[256] wat hoegenaamd geen kennis van sy misdaad gedra het nie. Hy is daarop in Lyon deur die pousgesindes gevang maar losgelaat toe hy beweer het dat sy geskrifte teen Calvyn uitgegee is, net asof hy dit van die Katolieke Kerk verdien het. Daarop het hy na Blandrata en Alciati en ander mense wat niks beter as hulle was nie, in Morawië vertrek. Toe hulle nie met mekaar kon ooreenkom nie omdat die meeste van hulle van die driegodheid af na Paulus van Samosata se opvatting oorgegaan het, het hy na sy vriend Gribaldi in Savoye teruggekeer net asof die hand van Christus hom na sy straf gesleep het.

'n Ander onheil het egter hierdie pes uit die weg geruim. Calvyn is byna van ons weggeruk. Toe was Gentilis heeltemal van sy sinne beroof. Waarskynlik omdat hy geglo het dat Calvyn te sterwe gekom het en dat daar niemand meer oor was om hom te beteuel nie, het hy toe lynreg na die owerste van Gex self gekom, deur wie hy met reg verafsku was. Toe hy hom herken, is hy volgens die regverdige oordeel van God oor sy vroeëre oproer na Bern gestuur om sy saak te verdedig. Daar is hy skuldig bevind aan meineed en openlike goddeloosheid. Almal het probeer om hom na die reguit pad terug te bring, maar tevergeefs. Hy is met die dood gestraf.[257] So het hy uiteindelik op 'n wyse wat sy oortredinge verdien het, geboet.

Die saak het egter ook 'n nadraai gehad. Selfs nou nog is daar voortreflike verdedigers van die Christendom sowel onder die Katolieke as onder die goeie aanhangers van die ubikwiteitsleer wat waag om Calvyn valslik te beskuldig asof hý die aanleiding tot die laster was – ja, dat hy selfs die deur vir ateïsme en Mohammedanisme geopen het! Tog

[255] *Annales*, 16 Aug. 1558 (OC 21:700); *ibid.*, 2 Sept. 1558 (OC 21:702); *ibid.*, 16 Sept. 1558 (OC 21:703).

[256] Gex (Gaiensis), in die suidooste van Frankryk aan die Switserse grens, 86 km. van Bourg af, het ongeveer 2 000 inwoners (QF, 669).

[257] 10 Sept. 1566 (OC 9: prol. XXXVIII).

het Calvyn eerste, en daarop in ons tyd ook iemand anders, met groot inspanning vir die mense wat in 'n diepe slaap verkeer, bewys dat hulle belasteringe verkeerd is. In Parys het die kardinaal op wie se wil en wens die koning alles bestuur het, gepoog om die verhoor van aanklagte van kettery van die gewone lekejuries, soos hulle bekend staan, na 'n hof van drie man van die kardinaal oor te dra ten spyte daarvan dat die parlement van Parys dit van Godsweë eerder as om menslike oorweginge teengestaan het. Maar omdat hy sy eie en nie Christus se belang bevorder het nie, het hy die hele bose plan laat vaar.
Maar die einde van die jaar het vir ons die begin van veel groter droefenis gebring omdat die vierdaagse koors Calvyn in Oktober oorval het. Ons eie ervaring van die siekte is dat medici heeltemal waar daarvan sê dat dit vir 'n ou man dodelik is. Hoewel Calvyn se siekbed slegs agt maande geduur het, het sy liggaam so maer en deur die inspanning van sy kragte so uitgemergel geraak dat hy daarna nooit weer heeltemal gesond geword het nie. Hoewel sy dokters hom intussen vermaan en ons hom dringend versoek het om homself nou uiteindelik 'n rukkie in ag te neem en hy ook noodwendig van sy preke en voorlesings moes afsien, het hy tog nog intussen dae en nagte lank daaraan bestee om briewe oral heen te dikteer en verskeie geskrifte te skrywe. Hy het baie dikwels gesê dat 'n ledige lewe vir hom 'n bitter lewe is. Terwyl ons toe gesond was, kon óns in vergelyking met hom na ledige mense gelyk het. Getuienis daarvan is die feit dat hy die laaste uitgawe van sy *Christelike onderwysing* in Latyn[258] sowel as in Frans[259] en sy kommentaar op Jesaja[260] nie soseer verbeter nie maar geheel nuut die lig laat sien het. Gallasius[261] het dit immers gepubliseer soos wat hy dit uit Calvyn se eie mond tydens sy voorlesings gehoor het.

[258] *Institutio christianae religionis in libros quatuor nunc primum digesta, certisque distincta capitibus, ad aptissimum methodum: aucta etiam magna accessione ut propemodum opus novum haberi possit* (OC 1:1-1118).
[259] *Institution de la religion chrestienne.*
[260] *Commentarii in Isaiam prophetam* (OC 36:1-672; 37:1-454); *Annales,* 25 Jan. 1559: *Calvinus Elisabethae reginae commentarium in Isaiam dicat* (OC 21:7109; *Ep.* 3000 - OC 17:413).
[261] Nicolas des Gallars (*1520 te Parys) was predikant in Genève (1544), in Jussy (1553), weer in Genève (1555) en van die einde van Aug. 1557 tot Jan. 1558 in Parys. Daarop het hy die dienste in Jakobusstraat gelei. Van Junie 1560 tot Junie 1563 was hy in Londen en sedert herfs 1563 tot April 1571 in Orleans in diens van Jeanne de Navarre. Hy was 'n steunpilaar van Calvyn in Genève, het in die vertaling en publikasie van baie van sy werke meegehelp en was een van sy aktiefste leerlinge. Hy neem deel aan die godsdiensgesprek by Poissy (1561) en was voorsitter van die vyfde nasionale Sinode in Parys. Hy was skriba by die Sinode in La Rochelle (1571) en afgevaardigde by die Sinode van Nîmes (1572). Op die Sinode van Chandieu was hy een van die ywerigste verdedigers van die presbiteriale kerkregeringstelsel teenoor die kongegrasionalistiese stelsel van Moreley. Op 25 April 1560 is hy deur die predikantevergadering op aandrang van Calvyn na Londen afgevaardig, waar hy op 13 Junie aankom en 'n leidende rol speel by die Franse en Nederlandse vlugtelingkerke in Londen (Doumergue (Genève), 445-

1559 Die volgende jaar was bekend vanweë die feit dat die twee magtigste konings vrede gemaak en hulle bande baie verstewig het. Dit sou miskien ook die einde van Genève gewees het as dit nie was dat die planne van die pousgesindes, wat die eenvoud van koning Hendrik misbruik het,[262] deur die hand van God gefnuik is nie. Want dit is seker dat koning Hendrik streng bevele uitgevaardig en enkele raadslede in die gevangenis laat werp het omdat hulle tydens 'n algemene vergadering voorgestel het dat in godsdienssake[263] sagter opgetree moes word. Dit was veral koning Hendrik se enigste doel om Savoye aan sy hertog terug te gee en Genève tot op sy fondamente te verwoes.
In Genève het Calvyn hom in die besonder teen hierdie doelstellings verset. Hoewel hy nog swak was en die kerke baie swaar getref is, het hy al sy broeders versterk deur voortdurend in sy gebede hulp van die Here te vra. Want kyk, te midde van die skrik wat die kerk van naby en van ver bedreig het, het die koning, nog in die feesgewaad waarmee hy die vrede gesluit het, tydens 'n toernooi in 'n geveg met lanse 'n dodelike wond opgedoen – en dit juis deur die hand van dieselfde man aan wie hy die bevel oor die koninklike lyfwag en die inhegtenisname van die raadslede 'n rukkie vantevore opgedra het.[264] Die kardinaal van Lotharinge se opvatting was dat vir die moord op die koning klaarblyklik deur die uiters onregverdige dood van Anne de Bourg[265] op 21 Desember versoening gedoen is. Sy was 'n geleerde regsgeleerde, 'n onkreukbare raadslid en 'n heilige martelaar vir Christus.
Maar in hierdie tyd is Genève deur die buitengewone milddadigheid van God tot so 'n bykans ongelooflike vertroue opgewek – net asof die Here die stad telkens weer uit die donkerste duisternis in die helderste lig laat ontwaak het[266] – dat juis in dié jaar en bykans op die tydstip toe sulke magtige vorste oor die vernietiging daarvan saamgesweer het, 'n voortreflike tuiste vir 'n skool op aansporing van Calvyn van die fondamente af opgerig is. Die skool[267] het agt onderwysers vir die

452; Sarrau, 81; *Annales*, 16 Mei 1559 - OC 21:715; *Ep.* 3045 - OC 17:502-506).

262 Hier is sprake van Hendrik II (*31 Maart 1518, † 10 Julie 1559). Hy was getroud met Catharina de Medici en het die Protestante met harde edikte bloedig vervolg. In April 1559 is daar vrede tussen Frankryk, Spanje en Engeland gesluit en was daar stemme dat die Katolieke vorste – hyself en koning Philips II van Spanje – hulle gesamentlik teen die Protestante moes verenig (Parker (75), 109, 145, 147, 148; *Annales*, 10 Jul. 1559 - OC 21:718).

263 *Annales*, 10 Junie 1559 (OC 21:717); *Ep.* 3067 (OC 17:547).

264 *Annales*, 30 Junie 1559 (OC 21:718). Hy sterf op 10 Julie 1559 aan die hand van die graaf van Montgomery (ML 8:320; *Ep.* 3084 - OC 17:579).

265 *Annales*, 21 Des. 1559 (OC 21:725); vgl. *Ep.* 3080 (OC 17:568-570), *Ep.* 3096 (OC 17:595); *Annales*, 2 Aug. 1559, t.o.v. die proses (OC 21:719); t.o.v. die besluit van die Paryse parlement i.v.m. ketters: *Annales*, 6 Sept. 1559 (OC 21:720); *Ep.* 3113 (OC 17:632).

266 Genève se leuse is vandag nog *Post tenebras lux.*

267 *Academia Genevensis. Annales*, 27 Okt. 1558 (OC 21:707); *ibid.*, 20 Mrt. 1559 (OC 21:712); *ibid.*, 19 Mei 1559 (OC 21:715); *Leges Academiae Genevensis* (OC 10, 1:65-90).

kinders en ook openbare professore in Hebreeus, Grieks, Filosofie en Teologie gehad. Die almagtige God is met 'n plegtige seremonie en in 'n volle vergadering geëer toe Calvyn die eerste keer in die voortreflike heiligdom voorgelees het en die dinge wat op die uitvoering en ewige bekragtiging van die heilige en nuttige onderwysing betrekking gehad het, verduidelik het. Hy het die gebou op 'n plegtige geleentheid aan God opgedra.

1560 In die volgende jaar is Calvyn swaar belas met die nyd van sommige mense wat beweer het dat hy sekere mense teen Frans II,[268] die erfgenaam van die koninkryk, sou aangehits het. Dit is hierdie mense wat as gevolg van hulle oproer by Amboise 'n bynaam na aanleiding daarvan gekry het.[269] Ek weet vir seker dat Calvyn geen kennis hiervan gedra het nie – wat dit ook al was – en dat hy dit in elk geval mondeling en in briewe aan sy vriende afgekeur het.

In dieselfde jaar was daar 'n sekere Stancaro van Mantua[270] – Italië sou klaarblyklik die bron van verderf vir Pole wees – wat begin het om die storie te versprei dat Christus slegs na die vlees ons Middelaar is. Hy het begin om almal wat gesê het dat Hy ook Middelaar na sy Godheid is, van Arianisme te beskuldig net asof hulle die Seun minder belangrik as die Vader ag.

Sommige skrywers, soos Philippus Melanchthon en Petrus Martyr,[271] het sy laster en hierdie hele leerstelling grondig weerlê. Calvyn het ook op versoek van die Pole bondig en net in hooftrekke die onwaarheid van die dwaling[272] bewys. Hy het terselfdertyd voorsien wat weldra gebeur

[268] Frans II, seun van Hendrik II en Catharina de Medici (*19 Jan. 1544, † 5 Des. 1560), tree in 1558 in die huwelik met Maria Stuart van Skotland en bestyg die troon na sy vader se dood op 10 Julie 1559. Hy sterf kinderloos en word opgevolg deur sy broers, eers deur Karel IX en daarna deur Hendrik III. Kyk *Annales*, 24 Apr. 1558 (OC 21:689); 5 Des. 1560 (OC 21:738); *Ep.* 3291 (OC 18:267-269); ML 6:581.

[269] Die sameswering van Amboise lei tot die godsdienstige oorloë in Frankryk, wat Calvyn voorspel het. Alhoewel hulle in Maart 1563 vrede sluit, is Calvyn ontevrede met die voorwaardes wat die Hugenote aanvaar het (Parker (75), 149). Die stryd bars later opnuut los in die Bartholomeusnag, op 23 Aug. 1572. Laasgenoemde gebeure lei uiteindelik tot die vlug van die Hugenote, voorsate van die Afrikaners (ML 1:448; RPTK 4:221-227).

[270] Francesco Stancaro (*1501 te Mantua, † 1574 te Stobnica). Hy het Italië in 1543 verlaat en is in 1549 in Crackow as professor in Hebreeus aangewys. Omdat hy 'n verbete kritikus van die heiligeverering was, is hy in die gevangenis gewerp maar weer met behulp van die adel vrygelaat. Vanaf 1550 organiseer hy gemeentes in Pole, en in 1551 vlug hy na hertog Albert van Pruise en ontwikkel daar die opvatting dat Christus net na sy menslike natuur Middelaar is. Hy het hierdie leerstelling ywerig verkondig in Pruise en Brandenburg, ook in Transsilvanië en Hongarye en van Mei 1559 tot by sy dood (1574) in Pole. Daar is sy leer deur vooraanstaande mense uit die adel teengestaan, en dit lei tot skeuring in die kerk wat tot in 1570 geduur het. Sommige van die adel en predikante het weer Blandrata se triteïsme ondersteun (Sarrau, 61-62; RPTK 18:752-754; CE 6:251).

[271] Oor Petrus Martyr kyk p.30, n.132.

[272] *Responsum ad fratres Polonos quomodo mediator sit Christus ad refutandum Stancari*

het, en hulle uitdruklik gewaarsku dat sommige onervare skrywers in hulle ywer om Stancaro te weerlê in die dwaling van die driegodheidsleer sou verval as hulle nie op hulle hoede is nie. Hy het hulle verder vermaan om teen Blandrata en sy volgelinge te waak en nie te verklaar dat Christus na sy twee nature Middelaar is en intussen nie die Godheid te vermenigvuldig nie. Maar sy vermanings was tevergeefs omdat dit mense geraak het wat verlore moes gaan.

In hierdie stadium het die Waldense van Boheme[273] twee broeders na Calvyn gestuur om aan hom sekere vrae oor aspekte van die godsdiens te stel. Hy het paslik en beleef daaraan voldoen en hulle ook aangespoor om hulle volkome aan die ander kerke te verbind.

In dieselfde tyd het baie vroom Franse na die afsterwe van koningin Maria op die besondere godsvrug en beleefdheid van die deurlugtige koningin Elizabeth staatgemaak en na Engeland gevlug.[274] Hulle het met die instemming van die hoog geagte biskop van Londen, Edmund Grindal,[275] die versoek tot haar gerig dat iemand van Genève af gestuur

*errorem,* 1560 (OC 9:333-342); *Ministrorum ecclesiae Genevensis responsio ad nobiles Polonos et Franciscum Stancarum mantuanum de controversia mediatoris,* 1561 (OC 9:345-358).

[273] Die Waldense het hulle oorsprong van 'n Franse koopman Valdès (Petrus Waldus) in Lyon, wat in ooreenstemming met Matt. 19:21 alles wat hy gehad het, weggegee het om Christus te volg. In 1179 is hy op die derde Lateraanse Konsilie veroordeel, maar sy sekte het geweldig uitgebrei sodat hulle in 1184 by die Konsilie van Verona in die ban gedoen is. Daarna het dit ten spyte van die vervolging na Wes-Europa, Boheme en Morawië uitgebrei. Tydens die groot vervolging van die pous in Frankryk (1487-1498) is hulle deur hertog Karel I van Savoye beskerm. Die gevolg was dat hulle sterk gemeenskappe in Provençe en Savoye gevorm het. Die Waldense het steeds deel van die RK Kerk gebly, hoewel hulle slegs drie sakramente, nl. doop, nagmaal en boetedoening, aanvaar het. In die tyd van die Reformasie het 'n hele aantal gemeentes onder die invloed van o.a. Farel en die Bybelvertaler Olivetanus by die Hervorming aangesluit. Hulle geloofsbelydenis stem ooreen met die *Confessio Gallicana.* In 1545 is hulle deur Mérindol en Cabrières wreed vervolg. Na die vrede tussen Frankryk en Spanje in 1559 is hulle opnuut vervolg, en die wreedheid teenoor hulle het sekere gereformeerde gemeentes gedwing om vir hulle geld bymekaar te maak, o.a. in Engeland en Nederland. Die Edik van Nantes (13 April 1598) het geen verbetering in hulle armoede en haglike omstandighede teweeggebring nie, maar sedert 1848 het hulle ook godsdiensvryheid geniet en hulle is in 1947 wetlik as kerk erken. Hoewel hulle vandag nog probeer om dwarsoor die wêreld evangelisasie te doen, is hulle invloed tans tot Italië beperk (CE 6:566; RPTK 20:799-840).

[274] *Annales,* 17 Nov. 1558: *Maria regina Angliae moritur* (OC 21:708); 24 Junie 1559 (OC 21:718); CE 4:583.

[275] Edmund Grindal (* 1519, † 6 Julie 1583) was in 1551 hofprediker van Eduard VI en lid van die kommissie wat die 42 artikels moes ondersoek. In 1554 is hy verban en vlug hy na Straatsburg tydens die skrikbewind van Maria Tudor. Aan die einde van 1558 keer hy na Londen terug en word in 1559 biskop van Londen. Hy was vanaf 1570 biskop van York en vanaf 1576 aartsbiskop van Canterbury. As gevolg van 'n brief aan die koningin waarin hy haar aanspoor om haar eerder deur die Woord van God te laat onderrig, is hy onder huisarres geplaas en vir die res van sy lewe as biskop geskors (CE *3:310; Sarrau, 81, 83-89).*

moes word om daar 'n Franse kerk tot stand te bring. Daarop is Gallasius daarheen gestuur.[276]

1561 Teen die einde van 1560 het koning Frans II heeltemal onverwags te sterwe gekom.[277] Alles het toe so hopeloos gelyk dat God alleen sou kon help. Karel IX,[278] wat destyds nog maar 'n seun was, het skaars met sy regering begin toe 'n brief onder sy naam deur 'n lid van die parlement na Genève gebring is[279] waarin hy daaroor kla dat mense van daar af uitgestuur is om Frankryk in beroering te bring.

Hy het die Raad van Genève versoek om hulle terug te roep, anders sou hy wraak neem. Calvyn is deur die Senaat ontbied. Hy het namens sy kollegas daarop geantwoord dat hulle op uitdruklike versoek van die kerke in Frankryk mense van beproefde geloof en rein lewe, wat hopelik opgewasse sou wees vir die taak, as leiers daar aangestel het en dat hulle hulle aanspoor om nie die kerke, wat suiwer ingestel behoort te wees, in hulle versoek om hulp in so 'n heilige saak in die steek te laat nie. Hy het verder gesê dat dit hulle doel was om die evangelie van vrede te leer en nie om die ryk met oproer te verontrus nie. Maar as hulle aangekla sou word dat hulle 'n ander misdaad gepleeg het, was hulle bereid om hulle aanklaers voor die koning te antwoord. Verder as dit het die saak nie gegaan nie.

In dieselfde jaar het ek en Calvyn op die boek van Tilemann Heshusius, 'n uiters onbeskaamde man, geantwoord.[280] Daarop het Calvyn die belastering van Valentinus Gentilis, wat hy toe weer in Lyon teen die geloofsbelydenis van Anthanasius uitgegee het, weerlê.[281] Hy het ook sy lesings oor die boek Daniël gepubliseer en aan die kerke in Frankryk opgedra.[282] Daarin was hy uitlêer van hierdie profeet maar juis in die opskrif self ook profeet omdat hy daarin dreigende storms voorspel. In hierdie tyd is 'n vergadering van biskoppe in Poissy[283] belê. In 'n volle vergadering van sy ryk het ek daar die Franse geloofsbelydenis aan die

[276] *Annales*, 3 April 1561 (OC 21:746).
[277] *Annales*, 5 Des. 1560 (OC 21:738); *Ep.* 3291 (OC 18:267).
[278] Sy moeder was Catharina de Medici (CE 4:168).
[279] *Annales*, 23 Jan. 1561 (OC 21:741); *Ep.* 3324 (OC 18:337-339).
[280] *Dilucida explicatio sanae doctrinae de vera participatione carnis et sanguinis Christi in sacra coena, ad discutiendas Heshusii nebulas* (OC 9:457-524); *Ep.* 3688 (OC 19:237).
[281] Gentilis se publikasie in Lyon was die *Confessio evangelica* (OC 9: prol. XXXVIII), en hierop het Calvyn geantwoord met: *Impietas Valentini Gentilis detecta et palam traducta, qui Christum non sine sacrilega blasphemia deum essentiatum esse fingit* (OC 9:361-420).
[282] *Praelectiones in Danielem prophetam* (OC 40:517-41:304).
[283] *Possiacum*. Die kerkgesprek onder leiding van koning Karel IX het op 26 Julie 1561 begin. (*Annales*, 14, 20 en 26 Julie 1561 – OC 21:753-755; *Ep.* 3437 – OC 18:547-549; *Ep.* 3440 – OC 18:551; *Ep.* 3441 – OC 18:553-555).

koning bekend gestel.[284] Dit is goedgekeur en die meeste van hulle het daar 'n gelofte afgelê om die pousdom in die nabye toekoms plat te slaan.

In hierdie stadium was daar onder andere ook 'n sekere Fransiscus Balduin.[285] Later is hy Ecebolius[286] genoem omdat hy drie keer of selfs vier keer van godsdiens verander het. Voor die laaste ramp van die kerk in Frankryk op 23 Augustus 1572[287] het ons die getuienis deur eerlike en heilige manne dat hy selfs toe met 'n uitnemende toegeneentheid teenoor die hertog van ons verbind wou word. Dit blyk ook uit die briewe van die goeie Balduin oor die saak aan die Sinode.

Ek herhaal: Hy is deur die kardinaal omgekoop, en nadat hy met sy bose skelmstreke met die hertog van Navarre versoen is, het hy self of eerder 'n sekere Cassander,[288] wat homself as 'n vroom en matige man bestempel, 'n boekie gepubliseer, en dit het hy selfs in die koning se hof verkwansel. Maar dit was selfs slegter as daardie Interimedik van keiser Karel V,[289] wat onder die dekmantel van 'n gematigde verandering[290] al die bederf van die pous beskerm het.

[284] Daar is 'n weergawe van hierdie geloofsbelydenis van Beza in OC 18:687 e.v. en in besonder vanaf OC 18:692. Hierdie geloofsbelydenis van Beza is eintlik 'n kort samevatting van die *Confessio Gallicana,* wat slegs 35 artikels bevat. Die uitgawe wat uiteindelik by die Sinode van La Rochelle (1571) goedgekeur is, is opgeneem in Schaff, *Creeds* 3:356. Die verkorte Franse uitgawe, wat slegs 35 artikels bevat, is opgeneem in OC 9:737-752; vgl. ook *Annales,* 9 Sept. 1561 (OC 21:759); *Ep.* 3513 (OC 18:682); *Ep.* 3514 (OC 18:685); *Ep.* 3515 (OC 18:687).

[285] François Balduin (Baudouin, *1520 te Arras, † 1573/4 te Parys) was agtereenvolgens professor in Regte in Bourges (1549-1555), Straatsburg (1556), Heidelberg (1556-1562) en Angers (1562-1572). Hy wend hom tot die Reformasie maar keer weer tot die RK Kerk terug. Hy was humanis en aanhanger van Cassander se rigting. Laasgenoemde se werk, *De officio pii et publicae tranquillitatis vere amantis viri in hoc religionis dessidio,* publiseer hy in Bas (1561). Hy wou aan die godsdiensgesprek van Poissy (1561) deelneem maar is nie toegelaat nie. In 1566 ondersteun hy in die eerste opstand van die Nederlande die politiek van Willem van Oranje ten opsigte van verdraagsaamheid van Gereformeerdes (*Lexikon für Theologie und Kirche,* 1:1206).

[286] Verskeie afleidings is moontlik. Die volgende lyk die waarskynlikste: *Res viles et abiiciendae,* 'vuilgoed' (TLL 5:23).

[287] Die Bartholomeusnag of Parys se bloedbruilof was die nagtelike slagting van die Hugenote. Die bloedbad is aangestig deur die koninginmoeder, Catharina de Medici. Ongeveer 3 000 Protestante is binne drie dae in Parys uitgemoor. Die vervolging het na ander stede uitgebrei, en ongeveer 20 000 Hugenote sterf. Dit het gelei tot die vlug van baie Hugenote uit hulle land, van wie sommiges in 1688 na Suid-Afrika gekom het (CE 1:475-476; RPTK 4:227).

[288] Vgl. CE 2:108; RPTK 3:742-743.

[289] Die verwysing is waarskynlik na die *Interim* van Augsburg wat in 1548 op bevel van Karel V opgestel is (CE 3:627; RPTK 9:210-212).

[290] In die *Bulla Indictionis* (Bul waarin die Konsilie van Trente aangekondig is) word verklaar dat die hervorming van die kerk een van die belangrikste of oorwegende redes vir die Konsilie was. Die woord *reformatio* kom trouens hehaaldelik in die redevoerings van afgevaardigdes daar voor. Gematigde hervorming was dus ook by die RK Kerk in die lug (Mansi 33:1-7).

Ek het Calvyn hieroor ingelig en hy het 'n boekie uitgegee waarby weldra ook ander feite gevoeg is om Balduin se skelmstreke vir enigiemand te ontmasker.[291] Dit kon die regsverdraaier nie verteer nie – en nog minder my eie antwoord. Sedert dié tyd het hy nie opgehou om my en Calvyn met die geswets van 'n straatvrou aan te val nie. Verlede jaar (1573) het hy, gehaat deur God en die mense, van albei godsdienste wat hy so dikwels mislei het, terwyl hy in Parys die een of ander hofsaak gevoer het, waarskynlik van afguns vergaan. Hy het immers gesien dat iemand anders bo hom verkies is om Hendrik III op sy reis na Pole te vergesel. Daarom het hy 'n einde aan sy lewe en beledigings gemaak.

1562 In 1562 is nie alleen vrede nie maar ook vryheid volgens plegtige edik van die koning aan die kerke in Frankryk gegun.[292] Maar weldra is die hertog van Navarre aan die listige streke van die pousgesindes onderwerp, en na die onmenslike slagting by Vassy[293] het die Hertog van Guise die oorlogstrompet geblaas en met hierdie voortekens daardie burgeroorlog begin waardeur Frankryk nou al 12 jaar lank ellendig brand.[294] Ons kan met moeite sê hoeveel en hoe groot die bekommernis was wat dit vir Calvyn veroorsaak het in 'n stadium toe sy siekte al hoe erger geword het, sodat hy toe alreeds kon voorspel dat hy met 'n versnelde pas na 'n beter lewe gaan. Tog het hy nie opgehou om almal te vertroos en aan te spoor, om selfs te preek en in die skool sy teologiese lesings te lewer nie. In dieselfde jaar het hy 'n voortreflike geloofsbelydenis aan die State-Generaal, wat toe namens die prins van Condé en van alle vroom mense in Frankfurt vergader het, gepubliseer.[295] Ons het verneem dat hulle benewens die onreg wat hulle in die oorlog gely het, ook geheel sonder verdienste van valse leerstellinge onder die Duitsers aangekla is.
Hier sal niemand my verkwalik as ek iets gedenkwaardigs weergee nie. Op Sondag 19 Desember het Calvyn siek aan jig op sy bed gelê, en die noordewind het toe alreeds twee dae lank baie sterk gewaai. Ten aanhore van baie mense het Calvyn toe gesê: "Ek weet nie wat skort nie, maar dit het vannag vir my gegaan asof ek oorlogstrompette met 'n harde geskal hoor en ek kon my nie oortuig dat dit nie so is nie. Laat ons dan bid, want iewers is iets groots aan die gang". Dit was juis op hierdie dag

[291] *Ioannis Calvini responsio ad Balduini convicia* (OC 9:561-580).
[292] Edik van Amboise (*Annales*, 19 Maart 1563 – OC 21:798; OC 21:798; *Ep.* 3923 – OC 19:681; *Ep.* 3929 – OC 19:690); Calvyn gee hier die belangrikste voorwaardes weer. Kyk ook *Ep.* 3942 (OC 20:7 e.v.); *Ep.* 3950 (OC 20:12).
[293] *Annales*, 1 Maart 1562 (OC 21:775); *Ep.* 3754 (OC 19:359); *Ep.* 3757 (OC 19:363).
[294] CE 3:323 *s.v.* Guise; *Annales*, 22 Maart 1562 (OC 21:776); *Ep.* 3755 (OC 19:360).
[295] Kyk p.63, n.284.

dat die bittere botsing by Dreux plaasgevind het. Dit is egter eers enkele dae later in Genève berig.[296]

1563 In die volgende jaar het sy siektes so vererger en dit was so veelvuldig dat dit ongelooflik is dat so 'n moedige groothartige siel nog langer in so 'n verswakte liggaampie, wat deur soveel inspanning uitgeteer is en deur soveel siektes weggekwyn het, gehou kon word. Maar selfs toe kon hy nie oorgehaal word om homself te ontsien nie. Ja, as hy hom dan nog soms van sy openbare werk weerhou het (iets wat hy slegs teen wil en dank gedoen het), het hy nog te midde hiervan tuis die mense wat hom om sy raad gevra het, geantwoord of self onvermoeid sy sekretarisse met die dikteer van sy briewe uitgeput. Getuienis daarvan is sy twee baie ernstige vermaninge aan die Pole teen die lasterlike vyande van die heilige Drie-eenheid.[297] Verder is daar ook die feit dat hy die broeders wat van die Sinode van Lyon af na hom gestuur is, mondeling sowel as skriftelik volledig beantwoord het.[298] Daarby het hy sy kommentaar op die vier boeke van Moses in Latyn die lig laat sien en dit ook uit Latyn in Frans vertaal.[299] Daarbenewens het hy toe alreeds 'n begin gemaak met sy kommentaar op die boek van Josua, wat sy heel laaste werk was.[300] Hy het dit voltooi toe hy alreeds sterwend was.

1564 Die jaar 1564 was vir hom wel die begin van ewige geluksaligheid, maar vir ons 'n jaar van groot en grondige droefheid. Want op 6 Februarie het hy sy laaste preek gelewer toe asma sy stem erg belemmer het, en van toe af het hy baie min gepraat behalwe wanneer hy soms na die gemeentelike vergadering aangedra is. Dit het op die laaste dag van Maart ook die laaste keer gebeur. Hy het toe ook heeltemal van sy onderrig afgesien. Hy het 'n verskeidenheid siektes gehad wat hy met ongelooflike inspanning van siel en liggaam met hom meegesleur het, soos hy in een van sy briewe aan die dokters in Montpellier self vermeld.[301] Want behalwe dat hy van nature swak, maer en tot tering geneig was, het hy byna al slapende wakker gebly en 'n groot deel van die jaar met preek, leer en dikteer deurgebring. Gedurende minstens die laaste tien jaar het hy hom van middagete weerhou, sodat hy met uitsondering van aandete geen kos genuttig het nie. Dit is verbasend dat hy selfs so lank die tering

[296] Die slag van Dreux, 19 Des. 1562, is deur die Rooms-Katolieke magte gewen. Hier is die Prins van Condé gevange geneem. Vgl. ML 5:149; *Annales,* 19 Des. 1562 (OC 21:795); *Ep.* 3887 (OC 19:603).

[297] *Brevis admonitio Ioannis Calvini ad fratres Polonos* (OC 9:629-638); *Epistola Ioannis Calvini qua fidem admonitionis ab eo nuper editae apud Polonos confirmat* (OC 9:641-650).

[298] *Ep.* 3898 (OC 19:634); *Ep.* 3903 (OC 19:643).

[299] *Mosis reliqui libri quatuor in formam harmoniae* (OC 24:1 – 25:402).

[300] *Commentarius in librum Iosue* (OC 25:417-570).

[301] *Ep.* 4077 (OC 20:252).

kon ontwyk. Verder het hy ook aan gewone hoofpyn gely, sodat hy dikwels ses-en-dertig uur lank nie geëet het nie. Hy het deels as gevolg van die spanning van sy stem en, soos eers veel later agtergekom is, deels as gevolg van oormatige gebruik van aalwyn eers bloeding, daarna 'n maagsweer en uiteindelik, vyf jaar voor sy dood, ook dikwels bloeding gehad. Wanneer die vierdaagse koors hom gelos het, het jig aan sy regterbeen in die plek daarvan gekom. Boonop was daar die herhaalde koliekpyne en ook 'n niersteen waarvan hy tot enkele maande voor sy dood nooit bewus was nie.

Dokters het die medisyne gebruik wat tot hulle beskikking was, en daar was nog nooit iemand wat die voorskrifte van sy dokters sorgvuldiger nagekom het nie. Maar sover dit geestesarbeid aangaan, het hy geen agting vir sy gesondheid gehad nie, sodat selfs die hewigste hoofpyn hom nooit van 'n preek weggehou het nie. Maar selfs toe hy deur soveel siektes oorval is, het niemand ooit gehoor dat hy selfs een enkele woordjie uit wat nie by 'n moedige mens, laat staan nog 'n lydsame Christen, pas nie. Hy het slegs maar sy oë na die hemel opgehef en gesê: "Hoe lank nog, Here!" Maar dit het hy selfs toe hy gesond was, dikwels gesê wanneer hy die terugslae van sy medebroeders vermeld waardeur hy dae en nagte lank meer as oor sy eie teenspoed gekwel was. Toe ons hom vermaan en versoek het om ten minste wanneer hy siek was, al sy dikteer- of altans sy skryfarbeid te laat vaar, het hy daarop geantwoord: "Waarom? Wil julle hê dat die Here my ledig moet kry?"

Toe ons op die 10de Maart soos gewoonlik by hom gekom het, het ons hom daar aangetref terwyl hy geklee by sy tafeltjie sit waar hy gewoonlik geskryf en nagedink het. Toe hy ons sien, het hy sy kop op sy een hand laat sak soos hy gewoonlik gedoen het wanneer hy iets oorpeins, en 'n tydjie lank stilgebly. Uiteindelik het hy met 'n gebroke stem en met 'n lieflike gelaat wat van vreugde straal, gesê: "My geliefde broeders, ek is julle baie dankbaar vir julle bekommernis oor my, en ek hoop dat ek binne 15 dae (dit is dié dag wat gewoonlik vir onderlinge sensuur vasgestel is) die laaste keer by julle vergadering aanwesig sal wees. Want ek dink dat die Here dan aan my sal openbaar wat Hy in verband met my besluit het en dat Hy my dan na Hom toe sal neem!" Hy was dus soos gewoonlik op die 24ste van die maand by die onderlinge sensuur. Toe die vergadering vreedsaam afgehandel is, het hy gesê dat hy voel dat die Here hom 'n bietjie uitstel verleen het. Daarop het hy die Franse Nuwe Testament in sy hand geneem en self 'n paar van sy voetnote aan ons voorgelees en sy medebroeders daaroor geraadpleeg omdat hy self ook die verbetering daarvan onderneem het.

Die volgende dag het dit slegter met hom gegaan, waarskynlik omdat hy deur die inspanning van die vorige dag vermoei is. Maar op die 27ste is hy na die deure van die raadsaal gebring, en gesteun deur twee

metgeselle het hy te voet tot by die raadsaal opgeklim. Nadat hy die nuwe rektor van die skool aan die Raad voorgestel het, het hy sy hoof ontbloot en hulle bedank vir die weldade wat hulle tevore aan hom bewys het, en uitdruklik daarvoor dat die Senaat in sy laaste siekte hom soveel in ag geneem het. Daarop het hy gesê: "Ek voel dat ek nou die laaste keer hierheen gekom het". Die woorde het hy met moeite met 'n bewende stem uitgespreek, en terwyl almal diep bedroef was en geween het, het hy hulle gegroet. Op die 2de April, dit is op Paasfees, is hy tóg op 'n stoeltjie in die kerk ingebring hoewel sy kragte uitgemergel was. Hy het die hele preek gebly en die nagmaal van die Here uit my hand geneem. En hoewel dit met 'n bewende stem was, het hy die lofsang saam met die ander met so 'n gesigsuitdrukking gesing dat die tekens van blydskap duidelik op sy sterwende gelaat geskitter het.
Op 25 April het hy sy testament gemaak.[302] Hier volg die formulering:

## Die testament van Johannes Calvyn

In die Naam van die Here, amen. In die jaar 1564 op die vyf-en-twintigste April getuig en verklaar ek Petrus Chenalatus, burger en notaris van Genève,[303] dat ek deur die eerwaarde Johannes Calvyn, bedienaar van die Woord van God in die kerk van Genève en burger van die stad, ontbied is. Hoewel hy na die liggaam siek was, was hy gesond na die gees. Hy het daarom verklaar dat hy van plan is om sy testament op te stel en sy laaste wil bekend te maak. Hy het my versoek dat ek sy woorde, soos hy dit sê en dikteer, moes opteken en so moes neerskryf. Ek verklaar hiermee dat ek dit so gedoen het en dat ek woordeliks neergeskrywe het wat hy gesê en gedikteer het en dat ek niks bygevoeg of weggelaat het nie. Hier volg nou sy formulering.

"In die Naam van die Here, amen. Ek, Johannes Calvyn, bedienaar van die Woord van God in die kerk van Genève, is deur verskeie siektes oorweldig en geteister sodat ek maklik aflei dat die Here God besluit het om my binnekort uit hierdie wêreld weg te neem. Daarom het ek besluit om my testament op te stel en my laaste wil op skrif te stel en dit wel soos volg:
In die eerste plek dank ek God dat Hy Hom oor my ontferm het omdat Hy my geskep en in hierdie wêreld gestel het. Hy het my nie alleen uit die diepste duisternis van die afgodediens waarin ek gesink het, geruk om my in die lig van sy evangelie in te lei en my sy heilsleer deelagtig te

[302] *Annales,* 25 Apr. 1564 (OC 21:814); *Ep.* 4103 (OC 20:298).
[303] Hy het sedert 1562 in die Raad gedien en was in 1573 een van die direkteure daarvan. Hy sterf in 1596 (vgl. *Annales,* 7 Febr. 1563 – OC 21:796).

maak, wat ek glad nie waardig is nie. Maar ook het Hy met dieselfde barmhartigheid en middadigheid uit goedertierenheid en genade my menigvuldige oortredinge en sondes verdra, hoewel ek verdien het om daarvoor deur Hom verwerp en uitgedelg te word. Maar ook het Hy so 'n groot lankmoedigheid en goedertierenheid teenoor my betoon dat Hy my werke waardig geag het vir gebruik in die prediking en verkondiging van die waarheid van sy evangelie. Ek getuig en verklaar hiermee dat ek my toe voorgeneem het om die res van my lewe my oë te vestig op dieselfde geloof en godsdiens wat Hy in sy evangelie aan my geleer het, en dat ek geen ander bystand of toevlug vir my saligheid het as sy vrye aanneming nie. Daarop alleen steun my saligheid. Van ganser harte omhels ek sy barmhartigheid wat Hy om Jesus Christus ontwil aan my betoon het toe Hy vir my oortredings met die soenverdienste van sy dood en lyding ingetree het om sodoende vir al my misdade en al my oortredings te voldoen en die herinnering daaraan uit te wis. Ek betuig en verklaar ook dat ek Hom ootmoedig vra om my met die bloed van die alhoë Verlosser wat vir die sonde van die mens vergiet is, so te was en te reinig dat ek in die beeld van my Verlosser voor sy gerig mag verskyn. Desgelyks verklaar ek dat ek na die maat van genade en goedertierenheid wat God teenoor my betoon het, my bes gedoen het om sy Woord rein en suiwer in my preke, geskrifte en kommentare te verkondig en sy Heilige Skrif getrou uit te lê.

Voorts getuig en verklaar ek dat ek in al die geskille en debatte wat ek met die vyande van die evangelie moes voer, geen begogeling of valse streke van die sofiste gebruik het nie maar eerlik en opreg in die verdediging van die waarheid gehandel het.

Maar ag! My toewyding en ywer (as dit die naam verdien) was só agtelosig en traag dat ek erken dat ontelbare dinge my ontbreek het om my taak behoorlik uit te voer. As God se oneindige goedertierenheid my nie onderskraag het nie, sou al my ywer ydel en tevergeefs gewees het. Ja, ek erken dat as sy goedertierenheid my nie bygestaan het nie, die geestelike seëninge wat God aan my geskenk het, my voor sy gerig meer en meer van my skuld en traagheid sou aankla.

Daarom getuig en verklaar ek dat ek my verwagtinge op geen ander bystand vir my saligheid stel as net hierop dat God die Vader van barmhartigheid is en Hom as Vader aan my, wat 'n ellendige sondaar is, betoon.

Verder is dit my wens dat my liggaam na my afsterwe op die wyse wat in hierdie kerk en stad gebruiklik is, aan die aarde toevertrou moet word totdat die geluksalige opstandingsdag aanbreek.

Sover dit my karige besittings wat God aan my geskenk het, aangaan, het ek besluit om in hierdie testament soos volg te bepaal:

Dat my geliefde broer, Antoine Calvyn, my erfgenaam moet wees, maar

slegs om die eer daarvan.[304] Hy moet die silwerbeker wat die broeder van Var[305] aan my geskenk het, neem en as syne beskou. My begeerte is dat hy hiermee tevrede moet wees. Want ek vertrou alles wat verder uit my erflating oorbly, aan hom toe en versoek hom om dit aan sy kinders te besorg wanneer hy te sterwe kom.
Deur my broer en erfgenaam bemaak ek tien goue krone aan die skool en net soveel aan die behoeftige vreemdelinge. Net soveel bemaak ek aan my susterskind, Johanna, die dogter van Karel Costan.[306] Dit is my wil dat daar aan Samuel en Johannes, die seuns van my broer, elk veertig goue krone besorg word wanneer hy te sterwe kom, en aan Anna, Susanna en Dorothea, sy dogters, elk dertig goue krone. Aan hulle broer Dawid, as gevolg van sy ligsinnigheid en jeugdige wispelturigheid, egter net vyf-en-twintig goue krone.
Dit is die totaal van die besittings en eiendom wat God aan my geskenk het sover ek kan dink. Daarby sluit ek die prys van my biblioteek, van al my huisraad en van al my goed in. As daar dan miskien nog iets gevind word, wil ek hê dat dit in verhouding onder al die seuns en dogters van my broer verdeel moet word, en ek sluit Dawid nie uit nie, as hy maar net met die goedertierenheid van God tot beter vrug kan kom.
Maar as daar bo en behalwe die totaal nog iets is, glo ek dat dit geen moeilikheid sal oplewer nie, veral aangesien my skuld vereffen sal wees. Die afhandeling daarvan het ek noukeurig aan my broer opgedra en ek maak staat op sy trou en goedgesindheid. Daarom is dit my wens en ek stel hom hiermee ook aan as die eksekuteur van my testament en saam met hom ook die voortreflike man, Lourens van Normandië. Aan hulle verleen ek die mag om 'n inventaris van my eiendom op te stel sonder regsnoukeurigheid en -plegtigheid.[307] Ek verleen ook aan hulle die mag om my roerende goed te verkoop om uit die geld wat so geïn word, my wil soos hierbo beskrywe, ten uitvoer te bring
Dit het ek, Johannes Calvyn, op hede die vyf-en-twintigste dag van April in die jaar 1564 verklaar en uitgespreek".
Nademaal ek, die bovermelde notaris, die testament hierbo neergeskrywe het, het die genoemde Calvyn dit dadelik met die gebruiklike handtekening en paraaf bevestig. Op die volgende dag, naamlik 26 April van dieselfde jaar, het die geagte heer, Calvyn, beveel dat ek weer na

[304] Antoine het sy broer baie sorge gegee. Vgl. oor Antoine se ongelukkige huwelik en egskeiding *Annales*, 27 Sept. 5, 11 en 16 Okt. 1548 (OC 21:435 - 438); 7, 11, 14, 18, 25 Jan. en 23 Mrt. 1557 (OC 21:658 - 660, 663); Parker (75), 2, 3 en 102.
[305] Die broeder na wie hier verwys word, is waarskynlik De Trie of De Brie (*Ep.* 3688 - OC 19:241; *Ep.* 4103 - OC 20:300 n. 13; vgl. Parker (75), 152 - 153; kyk ook *Annales*, 26 Aug. 1561 (OC 21:758); *Ep.* 3495 (OC 19:649 n. 1).
[306] Johanna was die dogter van sy suster Maria (Parker (75), 152).
[307] Nie-amptelike inventaris.

hom ontbied word en saam met my ook Theodorus Beza, Raymond Chauvet, Michael Cop, Louis Enoch, Nicolaas Colladon en Jacques de Bordes,[308] bedienaars en predikers van die Woord van God in die kerk hier in Genève. So ook die geagte heer, Henricus Schrimger, professor in die kunste. Hullle was almal burgers van Genève, en voor hulle het hy verklaar en getuig dat hy aan my sy testament in die vorm waarin dit hierbo geskrywe is, voorgesê het en terselfdertyd het hy my gelas om dit ten aanhore van hulle (juis omdat hulle daarom ontbied is) voor te lees. Ek verklaar hiermee dat ek dit duidelik en punt vir punt gedoen het. Na die voordrag het hy getuig en verklaar dat dit die laaste wilsbeskikking is wat hy wens geldig moes wees. Ter getuienis en bevestiging daarvan het hy hulle almal versoek om die testament in hulle eie handskrif te onderteken. Dit het hulle almal in die jaar en maand hierbo vermeld gedoen te Genève in Kanoniekstraat aan huis van die testateur. Vir die betroubaarheid en ter getuienis daarvan het ek die voornoemde testament geskrywe en met my eie handtekening onderteken en dit met die gebruiklike seël van ons hoë owerheid beseël.

Petrus Chenalatus

Toe hy sy testament aldus opgestel het, het hy iemand gestuur om vir die vier direkteure en al die senaatslede aan te dui dat hy die begeerte het om hulle almal nog een keer in die raadsaal toe te spreek voordat hy te sterwe kom en dat hy hoop om die volgende dag daarheen afgedra te word. Die raadslede het geantwoord dat hulle eerder na hom toe sal kom, en hulle het hom versoek om sy gesondheidstoestand in aanmerking te neem. Die volgende dag het almal van die raadsaal af na hom toe gekom en hulle het mekaar gegroet. Nadat hy verskoning gevra het daarvoor dat hulle na hom toe gekom het terwyl hy eerder na hulle toe moes kom, het hy vooraf gesê dat hy lankal reeds die samespreking met hulle sou aangevra het maar dat hy dit slegs uitgestel het totdat sy gevoel oor sy afsterwe ietwat sekerder was.

Daarop het hy gesê: "Eerwaarde here, van my kant af is ek u groot dank verskuldig omdat u my so hoog vereer het sonder dat ek dit verdien het, en omdat u dikwels al my swakhede so geduldig verdra het. Dit was altyd vir my die belangrike bewys van u buitengewone wellewendheid jeens my. En hoewel ek in die uitvoering van my plig verskeie struwelinge moes deurmaak en verskeie beledigings moes verduur, weet ek nogtans

[308] Tydens die verhoor van Bolsec was Raymond Chauvet en Michel Cop onder die predikante wat die vrae aan Bolsec geformuleer het (Fazy, *Procès de Jérome Bolsec*, 28). Volgens dieselfde bron (p.33) was Léon Colladon 'n doktor in die regsgeleerdheid wat in Châtre gebore is, as advokaat in Bourges gepraktiseer het en terwille van sy godsdiens na Genève gevlug het, waar hy op 31 Augustus 1552 oorlede is. Michel Cop was die broer van Nicolaas Cop (Herminjard 2:346, n. 4; 3:130, n. 3).

en ek erken ook dat niks hiervan deur u toedoen plaasgevind het nie, omdat al die bestes onder ons so beproef moet word.
Maar ek versoek u vuriglik om my wil eerder as my talente in aanmerking te neem as daar enigiets is wat ek moes doen maar nie nagekom het nie. Want ek kan waaragtig daarvan getuig dat ek my altyd van harte vir u Republiek beywer het, en hoewel ek my taak nie volmaak vervul het nie, het ek my tog na die beste van my vermoë ingespan tot voordeel van almal. Maar as ek sou erken dat God op sy beurt soms voordelig van my arbeid gebruik wou maak, sou ek nie aan 'n klag van huigelary kon ontkom nie.
Maar my herhaalde versoek aan u is om verskoning by u te vind omdat alles wat ek in openbare of persoonlike belang gedoen het, met uitsondering van dit wat ek moes doen, so gering is. Ek erken dat ek ook baie aan u verskuldig is omdat u my opvlieëndheid wat soms onbeheers was, met kalmte verdra het. Ek vertrou dat God my ook my sondes vergewe het. Sover dit die leer aangaan wat u van my gehoor het, getuig ek dat ek dit nie ondeurdag en onseker nie maar rein en opreg in ooreenstemming met die Woord van God geleer het, omdat ek geweet het dat sy toorn my lewe onmiddellik sou bedreig as ek nie daarvan seker was dat my inspanning Hom nie mishaag het nie. Dit getuig ek met vrymoedigheid voor God en voor u omdat ek geen twyfel daaroor het dat die Satan, soos sy gewoonte is, goddelose, ligsinnige en oproerige mense sal opsweep om die ware leer wat u van my gehoor het, te verwoes nie." Daarop het hy oorgegaan tot die eindelose seëninge wat God aan hulle bewys het, en gesê: "Ja, ek is die beste getuie van die hoeveelheid en die grootte van die gevare waaruit die hand van die almagtige God u verlos het. U sien in watter omstandighede u u nou bevind. Of dit nou ook al voorspoed of teenspoed is, bid ek dat u altyd voor oë sal hou dat dit Hy alleen is wat koninkryke en stede bevestig, en daarom is dit sy wil dat Hy deur die mens vereer moet word. Onthou dat die magtige Dawid getuig dat hy geval het toe hy alreeds vrede gehad het en dat hy nooit sou opgestaan het as die Here nie uit buitengewone goedertierenheid hom sy hand gereik het nie.
Wat sal dan met sulke mensies soos ons gebeur as so 'n magtige, moedige koning tot 'n val kon kom? Daarom het u groot deemoed nodig om in eerbied en vrees vir God te wandel. Op sy bystand alleen moet u steun en daarvan vas verseker wees dat wat ook al gaan gebeur, u met sy hulp onwrikbaar staande sal bly selfs al sou u heil en veiligheid aan 'n dun garingdraadjie hang, soos u so dikwels ervaar het. As u dus voorspoed ervaar, waak dan daarteen, bid ek u, dat u u nie soos goddelose mense verhef nie, maar dank God eerder met deemoed. Maar as u dan ook teenspoed ervaar en die dood van alle kante af u omring, stel dan u hoop op Hom wat selfs dooies opwek. Ja, dink dan in

besonder daaraan dat u so deur God opgewek word om te leer om meer en meer na Hom alleen op te sien. Maar as u die begeerte het om hierdie Republiek bestendig te laat bly, sorg dan oor en oor daarvoor dat sy heilige troon waarop Hy u geplaas het, nie met onreinheid besoedel word nie. Want Hý alleen is die allerhoogste God, die koning van die konings en die Here van alle here wat dié wat Hom vereer, sal eer en dié wat Hom verag, sal verwerp. Eer Hom dus volgens sy gebooie en dink altyd hieroor na. Want ons bly altyd juis in die dinge wat ons moet volbring, in gebreke. Ek ken elkeen van u se karakter en sedes en ek weet dat u vermaning nodig het. Daar is selfs geeneen van dié wat uitmunt wat nie nog groot gebreke het nie. Laat elkeen homself ondersoek en van God die dinge vra waarin hy weet dat hy 'n gebrek het. Ons sien hoeveel gebreke in die meeste vergaderings van die wêreld regeer. Sommige het koud geword, laat die openbare belang agterweë en spits hulle daarop toe om net hulle eie belange te behartig. Ander gee hulle aan hulle eie hartstog oor. Sommige gebruik die voortreflike gawes van God nie soos dit hulle betaam nie; ander hou hulle met selfvertoon besig, en met 'n oormatige selfvertroue eis hulle dat ander alles moet goedkeur wat hulle voorstel.
Ek vermaan die ou manne om nie op die jonges jaloers te wees as hulle vind dat ook hulle met sekere gawes deur die Here toegerus is nie. Die jonges vermaan ek om hulle ver van alle selfverheffing beskeie te gedra. Dié een moet nie vir die ander 'n hindernis wees nie.
Vermy naywer en al die verbittering van die gees wat baie in diens van die Republiek van die regte pad afgetrek het. Maar julle sal dit ontwyk as elkeen homself binne sy perk hou en elkeen die taak wat die Republiek op hom gelê het, getrou uitvoer.
Laat daar in vonnisse van burgerlike sake geen plek vir guns of vyandskap wees nie en laat niemand die reg met skelmstreke verdraai nie. Laat niemand met sy eie aanbevelings 'n hindernis wees om die wette kragteloos te maak nie, en laat niemand afwyk van dit wat billik en goed is nie. As 'n verkeerde drif iemand prikkel, moet hy dit standvastig weerstaan en sy oë rig op Hom wat hom op die troon gestel het, en van Hom moet hy die Heilige Gees vra.
Verder bid ek u weer om my my swakhede te vergewe en dit bely en erken ek voor God en sy engele, en ook voor u, geagte here."
Toe hy dit gesê het, het hy die Almagtige God aangeroep dat Hy meer en meer aan hulle sy gawes moet skenk en hulle met sy Gees tot heil van die hele Republiek moet regeer. Daarop het hy aan elkeen sy regterhand gegee, en terwyl hulle almal diep bedroef was asof hulle van 'n gemeenskaplike vader afskeid neem, het hy hulle in trane laat gaan.
Op die 28ste April, toe ons almal as bedienaars in die gebied van Genève op sy versoek na hom toe gekom het, het hy gesê: "My broeders, volhard

na my dood in hierdie werk en moenie moed verloor nie. Want die Here sal hierdie Republiek en hierdie kerk teen die dreigemente van julle vyand beskerm. Laat daar geen onenigheid onder julle wees nie en omhels mekaar met onderlinge liefde. Dink altyd na oor dit wat u aan hierdie kerk waarin God u gestel het, verskuldig is en laat u nie hiervandaan wegneem nie. Maar as dit dan anders gaan, sal sommige wat van die kerk 'n afkeer ontwikkel, tog slinks kan ontkom. Maar hulle sal ervaar dat die Here nie mislei kan word nie.

Toe ek die eerste keer in die stad gekom het,[309] is die evangelie wel hier verkondig.[310] Alles was toe deurmekaar net asof Christelikheid niks anders as die vernietiging van beelde was nie. Daar was toe ook baie goddelose mense, van wie ek baie onwaardige dade verduur het. Maar die Here, ons God, het my, ja, vir my, wat nie van nature die durf gehad het nie, ek stel die saak soos dit is, versterk, sodat ek voor nie een van hulle pogings geswig het nie.

Later het ek van Straatsburg af weer hierheen teruggekeer[311] en die roeping opgevolg hoewel dit teen my sin was, omdat dit vir my onvrugbaar gelyk het. Want ek het nie geweet wat God besluit het nie, en dit was vir my 'n saak met baie groot probleme. Maar namate ek met die werk voortgegaan het, het ek daarvan bewus geword dat die Here my arbeid seën. Volhard u dus ook in hierdie roeping en hou aan die orde wat ons ingestel het. Sorg terselfdertyd daarvoor dat die volk gehoorsaam bly aan die leer. Want sommige van hulle is goddeloos en weerspannig.

Maar soos u sien, gaan dit goed, en u sal des te meer skuldig wees voor God as u deur u traagheid dinge laat wankel.

Broeders, ek getuig dat ek in ware en opregte liefde innig met u saamgeleef het en nou ook so van u weggaan. Maar as u gevind het dat ek in my siekte soms ietwat stroef was, vra ek u om verskoning en ek is u diep dankbaar daarvoor dat u tydens my siekte my laste op u geneem het."

Toe hy dit gesê het, het hy aan elkeen die hand gereik. Diep bedroef en met betraande oë het ons toe van hom afskeid geneem. Toe het hy op 11 Mei per brief van Farel verneem dat dié besluit het om na hom toe te reis ten spyte daarvan dat hy reeds 80 jaar oud en swak was. Viret was te ver om dit te doen. Daarom het Calvyn in Latyn aan Farel geskrywe: "Vaarwel, my goeie en opregte broeder; aangesien dit God se wil is dat jy my in hierdie wêreld oorlewe, dink dan aan ons vriendskap wat vir die kerk van God tot nut was en ook die vrug daarvan vir ons in die hemel sal

[309] *Annales,* Aug. 1536 (OC 21:203); Parker (75), 52.

[310] Sedert 1532 onder leiding van Farel (Penning, 103, 107). Vgl. o.a. *Annales,* Febr. en Mrt. 1536 (OC 21:195 e.v.).

[311] *Annales,* 1 Sept. 1541 (OC 21:281-282); *Ep.* 345 (OC 11:266-268); Penning, 134.

dra. Ek wil nie hê dat jy jou om my onthalwe moet vermoei nie. Ek haal moeilik asem en wag voortdurend daarop dat my asem my begewe. Dit is vir my genoeg om in Christus te lewe en te sterwe. Hy is trouens in lewe en in sterwe wins vir almal wat aan Hom behoort. Weer vaarwel, saam met ons broerders. Genève, 11 Mei 1564."

Ten spyte van sy ouderdom het die vroom man nogtans na Genève gekom en nadat hulle met mekaar gepraat het, op die volgende dag na Neuchâtel teruggekeer. Die res van sy dae tot sy afsterwe het Calvyn voortdurend in gebed deurgebring, hoewel sy stem vanweë die asma gehyg het. Hy het egter sy oë, wat tot die einde toe helder geskitter het, na die hemel opgehef. Sy gelaat was kalm, sodat die vuur van sy gebed daaruit geblyk het. Hy het in sy smarte dikwels Dawid se woorde in versugting geslaak: "Ek het stilgebly, o Here, omdat U dit gedoen het",[312] en soms ook Jesaja se woorde: "Ek het gesug soos 'n duif".[313] Ek het ook gehoor dat hy sê: "U verbrysel my, Here, maar dit is vir my genoeg dat u hand dit doen".[314]

Sy deur moes dag en nag oopstaan as iemand miskien binnegelaat wou word om ter wille van sy amp na hom toe te kom. Maar toe hy bemerk dat sy stem hom in die steek laat, soos ons gesê het, het hy gevra dat hulle eerder vir hom moes bid as om hom met 'n besoek te vermoei. Hoewel ek self ervaar het dat dit altyd vir hom aangenaam was om my te sien, het hy tog dikwels aangedui dat dit vir hom 'n gewetenswroeging is dat so 'n onbenulligheid my werk vertraag – só kosbaar was die tyd wat aan die kerk bestee word vir hom, en hy was daarop ingestel om sy vriende selfs nie eens met die geringste dingetjie te beswaar nie.

So het hy homself en sy vriende vertroos en nog gelewe op 19 Mei toe ons bedienaars onderlinge sensuur beoefen het en, soos gewoonlik, as teken van vriendskap saam geëet het. Dit was twee dae na Pinkster en die daaropvolgende nagmaal van die Here. Op dié dag het hy ingewillig dat die gebruiklike ete by sy huis voorberei word. Hy is uit sy bed na die kamer langsaan gebring en hy het al sy kragte ingespan en gesê: "My broeders, dit is die laaste keer dat ek met u saamkom. Hierna sal ek nooit weer saam met u by die tafel aansit nie". Dit was vir ons die begin van 'n baie treurige maaltyd. Hy het nogtans voorgegaan in gebed en selfs 'n bietjie geëet en tydens die ete sy gesprek, sover hy kon, op blymoedigheid ingestel. Toe die ete nog nie klaar was nie, het hy versoek om na die aangrensende kamer geneem te word. Daarop het hy ons byeenkoms met 'n stralende gelaat toegespreek en gesê: "Die muur tussen ons sal nie verhinder dat ek met die gees by julle is nie, al is ek na die liggaam nie hier nie".

[312] Ps. 38:10 Vg. (Afr. Ps. 39:10).
[313] Jes. 39 (38:14).
[314] Ps. 38:9; 39:10; Jes. 45:7.

Dit was ook soos hy gesê het, want van dié dag af het hy altyd plat gelê en met uitsondering van sy gelaat, wat weinig verander het, was sy liggaam so uitgemergel dat hy net sy gees oorgehad het. Op die dag waarop hy gesterf het, die 27ste Mei, het dit gelyk asof hy kragtiger en met minder moeite praat. Maar dit was net 'n laaste poging van die natuur. Want teen agtuur die aand het daar skielik duidelike tekens van die naderende dood verskyn. Ek het 'n rukkie vantevore van hom af weggegaan. Toe dit egter deur 'n huisbediende aan een van ons broeders berig is, het ek my dadelik daarheen gehaas. Daar het ek gevind dat hy so rustig gesterwe het sonder om sy voete of hande te skud, dat hy self nie eens dieper asemgehaal het as tevore nie. Sy gevoel of oordeel of selfs sy stem het hom nie voor sy laaste asemteug verlaat nie, en dit het gelyk asof hy slaap en nie asof hy dood is nie.

So is ook hierdie voortreflike lig met die ondergang van die son op dié dag van ons weggeneem. In die daaropvolgende nag en dag was daar 'n groot geween in die stad, want die hele stad het 'n wyse man verloor; die kerk het geween oor die heengaan van sy gelowige herder, en die skool het gerou oor so 'n leraar wat van hom weggeneem is. Kortom: almal was in rou gedompel omdat die gemeenskap van 'n man wat naas God vir hulle vader en vertrooster was, ontneem is.

Baie burgers het die begeerte gehad om hom na sy sterwe te sien, omdat hulle selfs nie eens in sy dood van hom losgeskeur kon word nie. Sommige vreemdelinge wat van ver af gekom het om hom te sien en te hoor, onder wie daar ook die deurlugtige gesant van die koningin van Engeland in Frankryk was, het vurig versoek om hom ten minste in sy dood te sien.

Aanvanklik is hulle ook toegelaat. Maar omdat die nuuskierigheid te groot was en om die beswaddering van sy vyande teen te gaan, het sy vriende besluit om sy liggaam vroeg op die volgende dag, dit is op Sondag, volgens gebruik in doeke toe te rol en in 'n houtkis toe te sluit. Teen die namiddag twee-uur is sy lyk deur die raadslede, die dienaars, al die professore van die skool en feitlik al die burgers met 'n oorvloed trane vergesel en na die algemene begraafplaas gebring. Daar is hy sonder enige vertoon of grafsteen ter aarde bestel soos hy beveel het. Daarom het ek aan hom die volgende versreëls opgedra:

Hy was 'n vreeslike verskrikking vir Rome, wat nou ineenstort.
Vromes rou oor sy afsterwe en bose mense deins verskrik terug.
Vra jy dán nog waarom Calvyn, van wie deug sélf deug kon leer
deur so 'n onbenullige en onbekende sooi verberg mag word?
Dit is beskeidenheid, wat voortdurend sy metgesel in sy lewe was,
wat met sy eie hande hom in hierdie graf ter aarde bestel het.
Geluksalig is jy, o sooi, met so 'n gas,
gelukkig is jy omdat al die marmerstene jou kan beny!

Hy het 54 jaar, 10 maande en 17 dae gelewe. Die helfte daarvan het hy in die heilige diens van die evangelie deurgebring. Hy het 'n middelmatige gestalte gehad en was bleek en effens blas. Sy oë was tot sy dood toe helder en was getuienis van die helderheid van sy verstand. In die versorging van sy liggaam was hy nie puntenerig of slordig nie maar soos dit sy besondere beskeidenheid betaam het. Hy was matig in sy gebruik van voedsel, sodat hy van vuil en van weelderige voedsel weggebly het. Hy het baie min spyse genuttig, sodat hy baie jare lank net een maal per dag geëet het en daarmee die swakheid van sy maag veroorsaak het. Hy het byna niks geslaap nie en 'n ongelooflike geheue gehad, sodat hy mense wat hy een maal gesien het, nog jare later kon herken, en dikwels wanneer hy in sy diktering enkele ure onderbreek is, kon hy dadelik sonder verwysing na sy onderwerp terugkeer. In sake waar dit vir hom belangrik was om iets ter wille van sy amp te weet, het hy tog nooit iets vergeet nie ten spyte daarvan dat hy deur meningvuldige en eindelose bedrywighede oorweldig is. Oor die sake waaroor hy geraadpleeg is, het hy 'n suiwer en skerp oordeel gehad, sodat dit dikwels gelyk het asof hy 'n waarsêer is. Ek kan my nie herinner dat iemand wat sy raad gevolg het, ooit 'n fout gemaak het nie.

Hy het spitsvondigheid verag en was spaarsaam met woorde maar 'n bekwame skrywer, sodat geen teoloog tot vandag toe (ek sê dit sonder nyd) suiwerder, gewigtiger of oordeelkundiger as hy geskrywe het nie, hoewel hy nogtans meer geskrywe het as enigiemand anders in ons eie heugenis of in dié van ons vaders. Want deur wakker te bly van sy jeug af, deur skerpsinnigheid van oordeel en deur vaste oefening van diktering het hy die prestasie behaal om nooit daaraan 'n gebrek te hê om gepas en gewigtig te praat nie. Sy skrif het daarom nie veel van sy spraak verskil nie.

Hy het tot die einde toe in die leer wat hy van die begin af geleer het, volhard en daarin geen verandering aangebring nie – iets wat in ons heugenis met weinig teoloë gebeur het.

Sover dit sy karakter aangaan: hoewel hy van nature ernstig was, was daar tog niemand wat in die gewone omgang aangenamer was as hy nie. Hy het 'n wonderbaarlike lewenswysheid aan die dag gelê daarin om menslike swakhede te verdra sodat hy sy swak medebroeders nie met 'n ongeleë terugwysing beskaam of verskrik het of met oogluikende vleitaal en vergoeliking hulle gebreke gesteun het nie. Van vleitaal, huigelary en goddeloosheid in besonder insake die godsdiens was hy net so 'n bitter en hewige vyand as wat hy 'n liefhebber van die waarheid, eenvoud en opregtheid was.

Hy was van nature temperamenteel en opvlieënd, en sy veeleisende soort lewe het die gebrek laat toeneem. Tog het die Gees van die Here hom geleer om sy toorn so te beheers dat nooit 'n woord van hom

gehoor is wat 'n vroom mens onwaardig is nie. Om nou nie te ver hiermee te gaan nie: hy is nooit ligtelik daartoe beweeg nie behalwe wanneer dit oor die godsdiens gegaan het of wanneer hy met weerspannige mense te doen gehad het. Niemand wat die geskiedenis van mense onder heidense volkere lees wat self bo ander dinge deug liefgehad het, sal hom dan daaroor verbaas dat soveel en sulke groot deugde sowel tuis as in die buiteland soveel teenstanders gehad het nie. Dit behoort daarom weinig verbasing te wek dat hy as vurige verdediger van so 'n gesonde leer en as voorstander van 'n suiwer lewe met soveel bitterheid tuis en in die buiteland aangeval is. Maar dit is eerder verbasend dat een mensie soos 'n Christelike Herkules, die kragte kon monster om soveel gedrogte te tem – en dit met die sterkste staf, naamlik met die Woord van God. Gevolglik het die Here sy dienskneg met net soveel oorwinningstrofeë bekroon as die teenstanders wat die Satan teen hom aangehits het, want al sy menigvuldige vyande het hulle net daarop toegelê om teen godsvrug en eerbaarheid te veg.
Sy vyande maak van Calvyn 'n ketter. Maar ook Christus is om die klag verdoem en dit juis deur priesters. Hy is uit Genève verban maar weer na Genève teruggeroep. Maar wat het met die apostels, wat het met Athanasius en wat het met Chrysostomos gebeur?
Sommige mense verwyt hom baie ander dinge, maar wat is die aard van hulle verwyte? Hy sou dan eersugtig wees; ja, hy sou selfs 'n nuwe pousdom gesoek het, hoewel hy hierdie soort lewe, hierdie Republiek en hierdie kerk, wat ek waarlik 'n werkswinkel van armoede kan noem, bo alle ander dinge gestel het. Hy sou hom dan daarop toegelê het om rykdom te vergaar. Maar al sy eiendom, en selfs sy biblioteek wat ten duurste verkoop is, het skaars 300 krone opgelewer, sodat hy hierdie skaamtelose beswaddering met die volgende woorde gepas weerlê het: "As ek sommige mense dan nie tydens my lewe daarvan kan oortuig dat ek nie ryk is nie, sal my dood dit tog aantoon".[315] Die Senaat kan trouens getuig hoe gering sy vergoeding was en dat hy altyd daarmee so tevrede was dat hy selfs koppig geweier het toe meer geld hom aangebied is. Ander verkwalik hom daarvoor dat sy broer Antoine sy eerste vrou verstoot het toe haar owerspel bekend geword het. Maar wat sou hulle gesê het as hy 'n owerspelige vrou aangehou het? Maar as die skande van 'n skaamtelose vrou op sy hoof sou neerkom, wat dan van die familie van Jakob, Dawid en die familie van die Seun van God?[316] Wat daarvan dat Hy een van dié wat aan Hom behoort het, 'n duiwel genoem het?[317]
Die getuienis van al sy werk – so sê hulle – dui daarop dat hy hom aan

[315] *Me non esse pecuniosum, si vivus quibusdam non persuadeo, mors tandem ostendet* (OC 31:31).
[316] Die verwysing is waarskynlik na Ragab (Josua 2:1 e.v.; Matt. 1:5).
[317] Hier word waarskynlik na Judas verwys (kyk Joh. 6:70).

plesier en uitspattigheid oorgegee het. Sommige mense skaam hulle selfs nie om te sê en te skryf dat hy die regering in Genève, in die kerk en in die Republiek was en dat hy selfs op die regbank gesit het nie.
Ander versin die storie dat hy selfs volgens die getuienis van die volk die een of ander lewendige mens in die plek van 'n dooie geplaas het om almal op te sweep. Dit is net so 'n infame leuen as wanneer beweer sou word dat hy die pous van Rome was. 'n Waansinnige geleerde van die Sorbonne, Claudius Spensa, het dit gewaag om in 'n uiters beledigende boek hierdie storie kwyt te raak. Waaroor sou hulle hulle eintlik nog kon skaam?
Maar hierdie versinsels het nie weerlegging nodig onder hulle wat hom as so 'n groot man geken het, of onder 'n nageslag wat gesonde oordeel aan die dag lê nie, omdat hulle sy karakter uit sy geskrifte sal aflei. Sover dit my aangaan, het ek die geskiedenis van sy lewe en sy sterwe, wat ek self 16 jaar lank waargeneem het, getrou gevolg, en dit lyk vir my asof ek met goeie reg kan getuig dat verreweg die pragtigste voorbeeld van 'n lewe en sterwe in Christus in hierdie man in alles uitmunt. So maklik as wat dit is om sy voorbeeld te beswadder, so moeilik is dit om dit na te volg.

# IOANNIS CALVINI

## EPISTOLAE ET RESPONSA

*QVIBVS INTERIECTÆ sunt insignium in Ecclesia Dei virorum aliquot etiam Epistolæ.*

EIVSDEM I. CALVINI VITA A' THEODORO BEZA GENEVENSIS ECCLESIÆ Ministro accuratè descripta.

*INDEX RERVM INSIGNIORVM.*

Omnia nunc primùm in lucem edita.



*GENEVÆ,*

Apud Petrum Santandreanum.

*M. D. LXXV.*

LEXIKON für Theologie und Kirche
Begründet von Michael Buchberger. 2. völlig neu bearbeitete Aufl. unter Michael Buchberger und Eugen Seiterich. Hrsg. von Josef Höfer und Karl Rahner. Freiburg, Herder, 1957 (10 bde.).
MEYERS KONVERSATIONS-LEXIKON
Eine Encyklopädie des allgemeinen Wissens. 4. gänzlich umgearbeitete Aufl. Leipzig, Verlag des Bibliographischen Instituts, 1890-1910 (22 bde.).
NEW CATHOLIC ENCYCLOPEDIA
An international work of reference on the teachings, history, organization and activities of the Catholic Church and on all institutions, religions, philosophies and scientific and cultural developments affecting the Catholic Church from its beginning to the present. Prepared by an editorial staff at the Catholic University of America. New York, McGraw Hill, 1967 (15 bde.).
THE NEW ENCYCLOPAEDIA BRITANNICA, MACROPAEDIA.
Chicago, Benton, 1943-1973 (20 bde.).
THE NEW ENCYCLOPAEDIA BRITANNICA, MICROPAEDIA
Ready reference and index. Chicago, Benton, 1963-1973 (10 bde.).
PAULY, August Friedrich von
Paulys Realencyclopädie der classichen Altertumswissenschaft. Neue Bearbeitung. Hrsg. von Georg Wissowa. Stuttgart, Metzlersche Verlagsbuchhandlung, 1893-1913 (83 bde.).
REALENCYKLOPÄDIE für protestantische Theologie und Kirche. Hrsg. von D. Albert Hauck. Leipzig, Hinrichs'sche Buchhandlung 1896 – 1913 (24 bde.).
REALLEXIKON für Antike und Christentum
Sachwörterbuch zur Auseinandersetzung des Christentums mit der antiken Welt. In Verbindung mit Franz Joseph Dölger und Hans Lietzmann und unter besonderer Mitwirkung von Jan Hendrik Waszink und Leopold Wenger, hrsg. von Theodore Klauser. Stuttgart, Hiersemann, 1950 (bde.).